1986 018105 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*19860181050122000019*

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# DIE DESTABILISASIE VAN DIE BLANKE REGERING IN RHODESIE OOR DIE PERIODE 1965 (UDI) TOT 1980 (BEWINDSOORNAME DEUR 'n SWART-MEERDERHEIDSREGERING)

deur

P.A.H. LABUSCHAGNE

Buiteblad

# DIE DESTABILISASIE VAN DIE BLANKE REGERING IN RHODESIË OOR DIE PERIODE 1965(UDI) TOT 1980 (BEWINDSOORNAME DEUR 'n SWART-MEERDERHEIDSREGERING)

deur

PIETER ANDRIES HENDRIK LABUSCHAGNE

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

(Departement Staatsleer) aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, BLOEMFONTEIN

Studieleier:

Prof. Dr. D.P. Wessels

DESEMBER 1985

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
12 - 5 - 1986
KLAS No.
T 968.9104 LAB
BIBLIOTEEK

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir die graad aan 'n ander Universiteit/Fakulteit ingedien is nie.

Geldelike bystand van die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek en/of gevolgtrekkings waartoe geraak, is diê van die skrywer en moet nie beskou word as 'n weergawe van die menings en/of gevolgtrekkings van die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| AFKORTINGS | | (i) - (ii) |
| ORIËNTERENDE TAAKSTELLING | | (iii) - (iv) |
| *HOOFSTUK I* | | 1 - 55 |
| *DIE POLITIEKE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING IN RHODESIE IN DIE ERA VOOR DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING* | | |
| 1.1 | INLEIDING | 1 - 3 |
| 1.2 | RHODES EN DIE BSAC | 3 - 7 |
| 1.3 | SUID-RHODESIË VERKRY SELFREGERING | 7 - 11 |
| 1.4 | DIÉ TWEEDE WÊRELDOORLOG AS WATERSKEIDING | 12 |
| 1.5 | DIE FEDERASIE | 14 - 18 |
| 1.6 | SUID-RHODESIË SE KONSTITUSIONELE POSISIE | 18 - 24 |
| 1.7 | DIE ONAFHANKLIKHEIDSVRAAGSTUK | 24 - 54 |
| 1.8 | SLOT | 54 - 55 |
| *HOOFSTUK II* | | 65 - 91 |
| *DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING EN DIE REAKSIE DAAROP* | | |
| 1.1 | INLEIDING | 56 |
| 1.2 | DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING EN DIE REAKSIE IN RHODESIË | 56 - 67 |
| 1.3 | DIE REAKSIE IN BRITTANJE | 67 - 75 |
| 1.4 | DIE INTERNASIONALE REAKSIE OP DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING | 75 - 85 |

1.4.1 DIE VVO 75 - 77
1.4.2 DIE OAE 77
1.4.3 DIE USSR EN DIE VSA 78
1.4.4 ZAMBIË EN MALAWI 79 - 80
1.4.5 DIE REPUBLIEKE VAN SUID-AFRIKA 80 - 84
1.4.6 PORTUGAL 84 - 85
1.5 DIE GEVOLGE VAN DIE STRAFMAATREELS VIR RHODESIË 85 - 89
1.6 SLOT 89 - 91
*HOOFSTUK III* 92 - 145
*GRONDWETLIKE VOORSTELLE EN DIE SAMESPREKINGS TUSSEN BRITTANJE EN RHODESIË OOR DIE PERIODE 1966 - 1971*
1.1 INLEIDING 92
1.2 "TALKS ABOUT TALKS" 92 - 94
1.3 DIE STATEBONDSKONFERENSIE -- 6 SEPTEMBER 1966 95 - 97
1.4 BOWDEN SE BESOEK AAN RHODESIË 97 - 101
1.5 SAMESPREKINGS OP DIE HMS TIGER 101 - 109
1.6 DIE WHALEY-VERSLAG 109 - 112
1.7 DIE RHODESIAN FRONT SE VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN GRONDWETLIKE VERANDERINGE 112 - 116
1.8 DIE SAMESPREKINGS OP DIE HMS FEARLESS 116 122
1.9 SMITH SE NUWEJAARSBOODSKAP 123 - 125
1.10 DIE 1969-KONSTITUSIE EN DIE REPUBLIEK 125 - 131
1.11 DIE ALGEMENE VERKIESINGS VAN 1970 IN RHODESIË EN BRITTANJE 132 - 133

1.12 DIE KONSERWATIEWE PARTY BEREIK 'n SKIKKING EN DIE 1971-VOORSTELLE 133 - 141

1.13 DIE PEARCE-KOMMISSIE SE BEVINDINGE 141 - 143

1.14 RHODESIË SE REAKSIE OP DIE PEARCE-KOMMISSIE SE BEVINDINGE 143 - 144

1.15 SLOT 144 - 145

*HOOFSTUK IV* 146 - 195

*DIE REWOLUSIONÊRE STRYD IN RHODESIË*

1.1 INLEIDING 146

1.2 DIE OPKOMS VAN NASIONALISTIESE BEWEGINGS EN DIE AANLOOP TOT DIE REWOLUSIONÊRE STRYD 147 - 158

1.3 DIE FASES VAN DIE REWOLUSIONÊRE STRYD 158 - 174

1.3.1 DIE EERSTE EN DIE TWEEDE FASES 158 - 165

1.3.2 DIE DERDE FASE 165 - 174

1.4 DIE IDEOLOGIESE BASIS VAN ZANU EN ZAPU 174 - 178

1.5 ZANU EN ZAPU SE PROPAGANDA-OFFENSIEF 178 - 180

1.6 ZANLA EN ZIPRA: MILITÊRE ORGANISASIE EN GEBIEDE VAN OPTREDE 180 - 183

1.7 ZANLA EN ZIPRA: OPLEIDING EN GROOTTE VAN DIE MILITÊRE MAGTE 183 - 186

1.8 ZANLA EN ZIPRA: MILITÊRE STRATEGIE 187 - 191

1.8.1 ZIPRA SE GUERILLA- EN KONVENSIONELE BENADERINGS 187

1.8.2 ZANLA SE "PEOPLE'S WAR" -KONSEP 187 - 191

1.9 POGINGS OM GEKOÖRDINEERDE OPTREDES TUSSEN ZANLA EN ZIPRA TE BEWERKSTELLIG 191 - 193

1.10 SLOT 194 - 195

| | | |
|---|---|---|
| ***HOOFSTUK V*** | | 196 - 236 |
| ***INTERNE EN EKSTERNE INISIATIEWE OM 'n SKIKKING TE BEWERKSTELLIG EN DIE BEWINDSAANVAARDING VAN 'n SWART MEERDERHEIDSREGERING*** | | |
| 1.1 | INLEIDING | 196 |
| 1.2 | SMITH EN MUZOREWA | 196 - 200 |
| 1.3 | VORSTER EN KAUNDA SE ROL OM 'n SKIKKING TE BEWERKSTELLIG | 201 - 211 |
| 1.4 | SMITH EN NKOMO | 211 - 214 |
| 1.5 | DIE KISSINGERPLAN | 214 - 218 |
| 1.6 | DIE GENEEFSE KONFERENSIE | 218 - 219 |
| 1.7 | DIE ANGLO-AMERIKAANSE SKIKKINGSPOGING | 219 - 234 |
| 1.8 | DIE KONSERWATIEWE PARTY EN DIE AANLOOP TOT DIE LANCASTERHUISBERAAD | 234 - 236 |
| 1.9 | SLOT | 237 - |
| ***HOOFSTUK VI*** | | 237 - 255 |
| ***DIE LANCASTERHUIS-BERAAD EN DIE BEWINDSOORNAME DEUR ZANU (PF)*** | | |
| 1.1 | INLEIDING | 237 |
| 1.2 | DIE LANCASTERHUIS-KONFERENSIE EN -OOREENKOMS | 237 - 245 |
| 1.3 | DIE SOAMES-ADMINISTRASIE EN DIE AANLOOP TOT DIE VERKIESING | 246 - 249 |
| 1.4 | DIE VERKIESING - MUGABE AAN BEWIND | 249 - 253 |
| 1.5 | SLOT | 253 - 255 |

BYLAES:

I: RHODESIË VERDEEL IN OPERASIONELE SEKTORE 256

II: VOORBEELD VAN 'n ZANU PROPAGANDAPAMFLET 257

III: ZANLA SE BEVELSTRUKTUUR 258

IV: ZIPRA SE BEVELSTRUKTUUR 259

V: ZANLA SE GEBIEDE VAN OPTREDE 260

VI: ZIPRA SE GEBIEDE VAN OPTREDE 261

LITERATUURLYS 262 - 273

OPSOMMING (i) - (iv)

o-o-0-o-o

## AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| ANC | African National Council |
| AP | Assembly point |
| BSAC | British South Africa Company |
| BSAP | British South African Police |
| ComOps | Combined Operations Headquarters |
| DC | District Commissioner |
| OAU | Organization of African Unity |
| PF | Patriotic Front |
| PV | Protected Village |
| RAP | Rhodesian Action Party |
| RAR | Rhodesian African Rifles |
| RF | Rhodesian Front |
| RLI | Rhodesian Light Infantry |
| RP | Rendezvous point |
| SAS | Special Air Service |
| TTL | Tribal trust land |
| UANC | United African National Council |
| UDI | Unilateral Declaration of Independence |
| ZANLA | Zimbabwe African National Liberation Army |
| ZANU | Zimbabwe African National Union (vanaf 1978 het Sithole sy party wat aan die interne skikking deelgeneem het, so genoem). |
| ZANU (PF) | Zimbabwe African National Union Patriotic Front |
| ZAPU | Zimbabwe African People's Union |
| ZIPA | Zimbabwe People's Army |

| | |
|---|---|
| ZIPRA | Zimbabwe People's Revolutionary Army |
| ZUPO | Zimbabwe United People's Organisation |

Naskrif: Teen 1978-79, was die Rhodesiese dollar verhandel teen omtrent £0.70 of US $1.25.

## ORIËNTERENDE TAAKSTELLING

Die verhandeling hanteer hoofsaaklik die destabiliseringstryd wat in die voormalige Rhodesië geheers het. In die konteks is daar veral van die historiese metode gebruik gemaak.

Vanuit die vertrekpunt van die historiese is die empiriese en analitiese metode nagevolg. Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat só 'n studie beheersend in 'n Godwelgevallige ontsluiting gedoen moet word. Die vertrekpunt dien dan ook as uitgangspunt vir die positiveringsarbeid van die student.

Die titel van die verhandeling, die politieke destabilisasie van die Blanke Regering in Rhodesië, dui op 'n sekere historiese ontwikkelingslyn binne die geskiedenis van Rhodesië. Dit dui op bepaalde handelinge binne en buite Rhodesië om Blanke politieke beheer te beëindig.

Die formele oordrag van politieke mag in Zimbabwe in 1980 het dan ook 'n einde aan die uitputtende destabilisasiestryd gebring. Die doel van die studie is om die destabilisasiepogings, wat oor meer as 89 jaar strek, aan te dui. Die eerste twee hoofstukke lê veral klem op die vestiging van Blanke beheer, veral as bolwerk teen die vloedgolf van dekolonisasie.

Die derde hoofstuk dui veral op die self-destabilisasie van die Blankes omdat hulle nie oor die vermoë beskik het om 'n skikking met Brittanje te bereik nie. In die vierde hoofstuk word die opkoms van Swart nasionalistiese bewegings nagevors, en die sterk destabilisasiepogings deur hulle aangewend. Die laaste twee hoofstukke dui veral op die geslaagdheid van die destabilisasiepogings en die politieke verkrummeling van die Blankes se politieke magstruktuur.

# HOOFSTUK 1

# DIE POLITIEKE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING IN RHODESIË IN DIE ERA VOOR DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING

## 1.1 INLEIDING

In die hoofstuk sal hoofsaaklik die politieke en konstitusionele ontwikkeling wat Rhodesië se eensydige onafhanklikheidsverklaring vooraf gegaan het, behandel word. Die fokus sal veral geplaas word op die hoë segmentele outonomie wat Rhodesië geniet het in die tydperk 1923-1965, terwyl Brittanje die rol van 'n onbetrokke toeskouer vervul het.

Die Britse regering het in 1923 selfregering aan die Rhodesiërs gegee. So 'n besluit sou nie ligtelik ná die Tweede Wêreldoorlog geneem word nie, omdat die veranderde tydsgees tot antikolonialisme gelei het.

Sedert 1923 het die gebied volledige outonomie gehad om sy gesag te gebruik om die Blankes se bevoorregte posisie te verskans. Die Land Apportionment Act, die Industrial Conciliation Act en die Native Affairs Act, het die hoekstene geword van Blanke oorheersing oor grondgebied, arbeid en administrasie. Alhoewel die

sisteem in 1945 eise van die Swart weerstandsbewegings moes weerstaan en sy metode van beheer moes verander, het die fundamentele aard van die sisteem onveranderd gebly.

Die Blanke magsverskansings het deur wetgewing plaasgevind sonder dat Brittanje by een geleentheid tussenbeide getree of sy vetoreg gebruik het.

Die Rhodesiese regering kon in 1965 terugkyk na twee en veertig jaar se politieke heerskappy. Alle konstitusies, vanaf die British South African Company, die 1923-konstitusie, die Federasie en die 1961-konstitusie, het die Blankes in politieke beheer geplaas.

Wanneer die onafhanklikheidsvraagstuk van Rhodesië verreken word in die konteks van die ander reeds onafhanklike Afrika-state, is daar 'n paar fundamentele verskilpunte. Die politieke dominansie deur 'n minderheidsgroep is nie vreemd in Afrika met sy geskiedenis van diktatoriale regerings nie. Die vernaamste verskilpunt is dat die magsgroep Blankes was, in teenstelling met die algemene neiging in Afrika waar die Swartman oor die politieke mag beskik het.

In die lig hiervan moet die Rhodesiese regering nie bloot gekatagoriseer word as rassisties nie, maar moet

die Blanke nasionalisme, wat tot uiting kom in die owerheidsamp, bloot beskou word as 'n variant van Swart nasionalisme.

## 1.2 RHODES EN DIE BSAC

Die besetting van Rhodesië in 1890 het plaasgevind in die naam van koningin Victoria en die Britse regering wat besettingsbevoegdheid van Cecil John Rhodes oorgedra het - "the most autonomous of all men" - aldus Margery Perham (Good: 1973, 31)*. Op Rhodes se versoek vir 'n koninklike oktrooi is gestipuleer, dat die Rhodes's British South Africa Company "which is to enjoy the profits ....... shall also discharge and bear all the responsibility of Government" (Good: 1973, 31). Brittanje het derhalwe minimale verantwoordelikheid vir die gebied aanvaar (Bowman: 1971, 10).

---

*Rhodes wou sekere politieke beginsels aan die gebied deurgee. Rhodes was die outeur van die slagspreuk "Equal rights for all civilized men" (Harris: 1970, 129).

In sy beroemde toespraak in Kimberley in 1898 sê Rhodes: "My motto is equal rights for every civilized man south of the Zambezi. What is a civilized man? A man whether white or black who has sufficient education to write his name, has some property or work, in fact is not a loafer" (Harris: 1970, 129). Dit is duidelik dat Rhodes 'n voorstander was van gekwalifiseerde stemreg.

In 'n diepgaande gedetailleerde studie van die konstitusionele geskiedenis van Rhodesië, het Claire Palley tot die slotsom gekom dat "Britain abandoned the possibility of exercising really effective power in Rhodesia in 1889 when she decided against direct administration and conceded power to a Cape-controlled Chartered Company" (Bowman: 1971, 12). Brittanje se houding was gebaseer op die hoop dat Rhodesië sy administratiewe patroon sou volg en dat Brittanje nie nodig sou hê om finansieel of administratief betrokke te raak nie (Stoneman: 1981, 17). Daar was ook geen Britse verteenwoordiger in dié tyd in Rhodesië nie. Die Britse pers het ietwat onbetrokke gerapporteer dat die BSAC as beskermheer van die Swartes in Rhodesië optree en terselfdertyd Rhodesië met sy bronne ontsluit vir die Blanke gemeenskap (Hassing: 1960, 94).

Na die Matabele-oorlog is Rhodesië in 1894 geannekseer. In dieselfde jaar is die Land Commission op die been gebring om 'n vreedsame bestel uit te werk. Die kommissie beveel aan dat skeiding (partisie) moet plaasvind en dat verskillende grondgebiede vir die onderskeie kleurgroepe afgebaken moet word. Die Ndebele kry twee gebiede, die Gwaai- en Shanganireservate, laasgenoemde 'n waterlose gebied van twee miljoen akker. Die Sjona wat sy "heilige grond" ontneem is, kom in opstand, maar moes die knie buig

voor die BSAC (Hole: 1967, 359). In 1898 word die gebiede (Masjonaland, Matabeleland) saamgevoeg as Suid-Rhodesië (Martin: 1981, 1).

Die konflik in 1898 tussen Swart en Wit in Rhodesië het die Britse regering gedwing om weer sy beleid ten opsigte van die gebied in hersiening te neem. Die "Order-in-Council" van 1898 het hierna die basis van die regeringsmasjinerie gevorm. Die "Order in Council" het alle inligting bevat ten opsigte van paswette, arbeidswetgewing, plattelandse beheer en algemene wetgewing. 'n Resident-kommissaris, ondergeskik aan die Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, is ook in Rhodesië geplaas om as waghond te dien oor die BSAC se bedrywighede. Milner het soos hy dit gestel het, geglo dat dit baie belangrik is "that the only effective control over the proceedings of the Company is a local control" (Matambirwa: 1973, 58). Die probleem hiermee was geleë in die Resident-kommissaris se beperkte beheer oor die militêre en polisie-bedrywighede, omdat beide verantwoordelikhede aan die BSAC in 1904 en 1909 onderskeidelik oorgedra is. Omdat die Resident-kommissaris geen stemreg of vetoreg in die Wetgewende Vergadering gehad het nie, was sy kontrole verder beperk. Daarby het hy geen betroubare bron van inligting gehad nie. Die Bantoe-kommissarisse wat die griewe van die Swartes moes oordra, was op die

BSAC se betaalstate (Matambirwa: 1973, 60). Die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika het aan sy eerste minister dienaangaande die volgende geskryf: "Nothing is more certain than that if the Imperial Government were to be seen taking a strong line against the Company for the protection of the blacks, the whole of Dutch opinion in South Africa would swing round to the side of the Company and the bulk of ....... not the whole of ...... British Colonial opinion would go with it. You might indeed unite Dutch and English by protecting the black man, but you would unite them against yourself and your policy of protection. The great thing was to secure the appointment of honourable and capable men as magistrates and native commissioners. If that can be done, I think the lot of the natives may be a very tolerable one and that even a system of compulsory labour indeed, under fair conditions and proper safe-guards, may be turned to their advantage" (Bowman: 1971, 14).

Polities het die Swartman in Rhodesië ophou bestaan (Blake: 1977, 155) en 'n pad van politieke isolasie gevolg. Die Swartman is so gering geag, dat die direkteure van BSAC in 1907 na 'n omvattende toer deur Suid-Rhodesië, in hul verslag terloops na die groep verwys het en dit net om uit te wys dat die tekort aan

Swart arbeid 'n probleem is (Blake: 1977, 155).

Die Blanke in Suid-Rhodesië was in hierdie stadium ook nie tevrede met sy staatkundige posisie nie. "Die setlaar"-verteenwoordiging in die wetgewende liggame van die "Chartered Company" het begin toeneem. Die verkiesing in 1920 het bv. 'n wins vir die setlaars van 12 uit 13 setels getoon.

## 1.3 SUID-RHODESIË VERKRY SELFREGERING

In 1921 het sir Winston Churchill, destydse Britse minister van buitelandse sake, goedkeuring gegee dat 'n volkstemming gehou word onder die Blanke kieserskorps in Suid-Rhodesië. Die vraag was vir aparte voortbestaan as selfregeerde kolonie onder Britse vleuels óf aansluiting by die Unie van Suid-Afrika. In Oktober 1922 is daar met 'n meerderheid van 2 785 stemme teen aansluiting by die Unie besluit (Chartrand: 1974, 3).

Slegs 60 uit 'n geraamde 900 000 Swartes het aan die volkstemming deelgeneem (Martin: 1981, 1).

Nadat Suid-Rhodesië op 12 September 1923 as 'n Britse kroonkolonie geannekseer is, het die gebied op 1 Oktober 1923 amptelik 'n stelsel van selfregering aan-

vaar (verantwoordelike regering). Die selfbestuur van Suid-Rhodesië was in wese 'n oordrag van politieke mag in die hande van die eksklusiewe groepe Blanke Rhodesiërs.

Terselfdertyd het Noord-Rhodesië die oorgang belewe vanaf "Company Rule" na koloniale beheer (Bowman: 1971, 20).

Die stelsel van regering in Suid-Rhodesië het egter nie veel verander nie behalwe dat 'n Goewerneur die Resident-kommissaris vervang het. Alhoewel interne selfregering aan Suid-Rhodesië toegestaan is, was sekere wetgewing onderworpe aan Britse oordeel en goedkeuring. Dit het ingesluit:

1. enige wet, uitgesluit drank en wapens, wat die Swartman onderwerp het aan omstandighede wat nie vir die Witman gegeld het nie;

2. enige konstitusionele amendement wat die wetgewende vergadering geraak het. Die eerste wet wat verreweg die belangrikste was, het die Goewerneur die reg gegee om tussenbeide te tree in geval van diskriminerende wetgewing wat die Swartman sou raak (Bowman: 1971, 21).

In die praktyk was dit egter wensdenkery. Sir Godfrey Huggins, Rhodesiese eerste minister vir meer as die helfte van die tyd waarin die klousule van toepassing was, het dit beskryf as: "not being worth the paper they were written on" (Windrich: 1975, 18). Wetgewing is in nie-diskriminerende taal gestel, maar in die praktyk was dit in geheel diskriminerend.

Die mees diskriminerende hiervan was die "Land Apportionment Act" van 1930 (Palmer: 1977, 132). Die vader van die skema was Morris Carter wat bekendheid verwerf het vir soortgelyke skeppings in Uganda en Tanganjika (Windrich: 1975, 20).

Sy bevinding was dat die volgende verdeling gemaak moes word:

LAND CATEGORIES UNDER THE LAND APPORTIONMENT ACT

| | |
|---|---|
| European area's | 49 149 174 acre |
| Native reserves | 21 600 000 acre |
| Native purchase areas | 7 464 566 acre |
| Unassigned Land | 17 793 300 acre |
| Undertermined Land | 88 540 acre |
| Forest Area | 590 500 acre |
| | 96 686 080 acre's |

(Windrich: 1975, 21)

Met ander woorde, die Witman besit die helfte van die gebied, alhoewel hul slegs 3% van die totale bevolking uitmaak (Griswold: 1959, 10).

Die Britse meganisme om diskriminerende wetgewing te verhoed, het grotendeels oneffektief gebly. Met eentonige reëlmaat het arbeidswetgewing en ander maatreëls die lig gesien, sonder dat die Britse regering dit probeer verhoed het. Die opstande deur die Swart groepe in Rhodesië teen die soort behandeling is afgemaak as komende van "the lower civilization and economic standards of the native" (Clements: 1969, 52). Ander wetgewing wat ten spyte van Britse kontrole geïmplementeer is, was onder andere die volgende: die Industrial Conciliation Act wat die Swartman uit die posisie van werkgewer gedwing het en die Native Registration Act waardeur die passtelsel verder verskerp is en die kommersiële aktiwiteite van die Swartman in Blanke gebied ingekort is. 'n Baie skerp skeiding tussen die kleurgroepe (Swart, Wit) is dus ekonomies (Land Apportionment Act), polities (Native Registration Act) en op arbeidsvlak (Industrial Conciliation Act) in die samelewing ingebou (Clements: 1969, 54). Met verwysing na die aard van sodanige wetgewing merk Mnyanda in sy werk In Search of Truth die volgende op: "Even since responsible government was achieved in Southern Rhodesia, there has been a

tendency on the part of the administration to encroach increasingly on the right of the Africans. As a consequence, not only are they less free than they were before, but they also come to depend helplessly on Government. Law have been enacted which aim at keeping the Africans in a permanent status of inferiority" (Mnyanda: 1954, 4).

Die stemstelsel in Rhodesië gedurende die dertigerjare is gebaseer op die Kaapse "colourblind"-stemstelsel. Die stelsel se kwalifisering was gegrond op opvoedkundige en eiendomskwalifikasies. Die standaarde was so hoog dat dit die Swartes feitlik totaal uitgesluit het uit politieke besluitneming (Clements: 1969, 54).

Vanaf 1933 het die Rhodesiese onafhanklikheidsgevoel toegeneem. Die staatshoof is as eerste minister aangespreek en is in die hoedanigheid na Statebondskonferensies genooi. 'n Wetgewende liggaam was verantwoordelik vir eie wetgewing en 'n Rhodesiese regbank het bestaan. Daarby het Rhodesië sy eie staatsdiens gehad en self sy eie verdedigingsdepartement hanteer. Rhodesiese burgers het met Rhodesiese paspoorte gereis en nie met Britse paspoorte nie. Die onafhanklikheidsgevoel was ook sterk gesetel in die Rhodesiese regering (Good: 1973, 34).

## 1.4 DIE TWEEDE WêRELDOORLOG AS WATERSKEIDING

Die politieke strukture in Afrika wat oorwegend gedomineer is deur die Witman, het ná die Tweede Wêreldoorlog 'n kruispad bereik toe duisende Swart soldate na Afrika teruggekeer het. Gewoond aan die Europese toestande, was hulle onwillig om tot die vooroorlogse situasie van geen politieke seggenskap terug te keer. Pan-Afrikanisme het hand aan hand met hierdie ontwakende nasionalisme in Afrika, gegaan. Pan-Afrikanisme het sy ontstaan buite Afrika gehad en wel by 'n Wes-Indiese regsgeleerde Sylvester Williams (Reed: 1966, 28). Reeds so vroeg soos 1900 het hy 'n Pan-Afrika-kongres in Londen gehou. Hierop het ander Negerleiers voortgebou totdat die klem in 1945 na Afrika verskuif het.

Bogenoemde faktore het ook na die Tweede Wêreldoorlog 'n invloed op die politieke ontwikkeling in Suid-Rhodesië gehad. Ongeveer 14 000 van die Swart bevolking in Rhodesië het deelgeneem aan die Tweede Wêreldoorlog met 'n ongevallesyfer van 126 (Martin: 1981, 65).

Dit is nie net die politieke bewuswording wat 'n impak op die politieke toneel gehad het nie, maar ook die Witman se politieke bedrywighede (Good: 1973, 34).

Die eerste minister van Rhodesië, Huggins, is deur 'n reeks gebeure gedurende die oorlog gedwing om 'n meer liberale standpunt in te neem (Griswold: 1959, 47). Gedurende Junie 1941 reik hy 'n verklaring uit oor Bantoe-sake, waar hy lynreg verskil van sy voorgangers. Hy voer aan dat die parallelle politieke lyne uitgebou moes word totdat dit ontmoet. Die "nuwe" liberale klanke is nie oral gunstig ontvang nie (Blake: 1977, 198).

Die stimulering van Swart politieke bewussyn het egter momentum begin kry en gedurende 1945 vind 'n reeks spoorwegstakings plaas. Die eerste Nasionalistiese opstande was egter meer sporadies en sou eers later momentum begin verkry (Bowman: 1971, 173). Hierdie opstande het egter nie die golf van segregasie gestuit nie.

Die omstrede Native Land Husbandry Act van 1951 wat bepaal het dat veegetalle van sekere Swart plattelanders verminder moes word, het die ontevredenheid oor geen politieke medeseggenskap verder verhoog. Sterk Swart persoonlikhede soos Benjamin Borombo het die soort diskriminasie hewig teengestaan. Indien 'n vergelyking met die res van die koloniale moondhede in Afrika gemaak sou word, het dit egter nog betreklik rustig in Suid-Rhodesië gegaan (Andreski: 1969, 81).

Dit kan deels toegeskryf word aan streng onderdrukkingsmaatreëls wat toegepas is (Bowman: 1971, 6) en die ekonomiese opbloei wat wêreldwyd ingetree het in die na-oorlogse fase (Griswold: 1959, 20).

Die Swartman se ekonomiese vooruitgang het tydelik sy politieke honger gestil. 'n Gesonde ekonomie het derhalwe 'n tydelike oplossing vir politieke vraagstukke gebied (Clements: 1969, 106).

## 1.5 DIE FEDERASIE

Die gedagte om Noord- en Suid-Rhodesië en Njassaland saam te voeg was reeds beliggaam in Cecil John Rhodes se gedagtes rondom 'n "African Empire" wat eendag van die Kaap tot Kaïro sou moes strek. Sporadiese onderhandelinge is in die verband gevoer sedert die eerste Victoria-waterval-konferensie in 1936. In 1939 het die Bledisloe-verslag bevestig dat so 'n federasie 'n lewensvatbare en progressiewe eenheid sou vorm (Joyce: 1979, 57). Teen 1951 was die voorbereiding hiervoor feitlik afgehandel.

Die betrekking van Suid-Rhodesië in 'n stelsel van vennootskap met twee oorwegende swart state het nie sonder beïnvloeding verbygegaan nie. Die Britse regering onder druk van die Afro-Asiatiese blok, wou

graag onder die dekmantel van vennootskap van hul "verantwoordelikheid" ontslae te raak. Die Britse regering aanvaar dus die federasiebeginsel, maar sonder dat die beginsel van reg oor die beheer van die Naturelle prysgegee word (Van Eeden: 1964, 39). Gedurende die konferensies wat die federasie voorafgegaan het, lê die Britse regering heelwat klem op die nuwe vennootskapsbeleid of partnership. Dit is 'n woord wat in die woordeskat van linkse politici in Rhodesië verskyn het. Tog is die Swartman feitlik totaal geïgnoreer in die Federale referendum van 1953 in Suid-Rhodesië. Slegs 450 het in die referendum gestem (Martin: 1981, 65).

In 1953 is Suid- en Noord-Rhodesië en Njassaland in die Federasie van Rhodesië en Njassaland verenig. Die prestasie om 'n federasie tot stand te bring tussen drie gebiede wat ingrypende van mekaar verskil, was eenvoudig die gevolg van briljante staatsmanskap van leiers soos sir Roy Welensky en lord Malvern. Hierdie verskil was hoofsaaklik daarin geleë dat Suid-Rhodesië 'n sterk selfregerende kolonie was terwyl Noord-Rhodesië en Njassaland as Britse protektorate beskou en so geregeer is deur die koloniale kantoor onder die waarnemerskap van die Sekretaris van Kolonies.

Die Federale Regering was in Salisbury gesetel. Die Federale konstitusie het voorsiening gemaak vir ses Swartes in die Federale vergadering. Alhoewel hulle in die minderheid sou wees, was dit na die mening van die koloniale kantoor 'n unieke geleentheid vir politieke opvoeding van die Swartman (Griswold: 1959, 20). Elke gebied het beheer gehad oor interne sake, terwyl die Federale Regering gesag uitgeoefen het oor sake van gemeenskaplike aard. Die gemeenskaplike gronde was veral Buitelandse Sake, Ekonomie en Verdediging (Grinswold: 1959, 16).

Die Federale stelsel sou egter toenemend deur die Swartman gebruik word as politieke platform om politieke eise te stel en doelwitte te bevredig. Teen hierdie eise sou die Federasie nie lank bestand bly nie. Gedurende Julie 1954 dien Danti Yamba, 'n benoemde Swart lid van Noord-Rhodesië, die volgende mosie in: "Gelyke behandeling vir alle rasse moet onmiddelik ingevoer word in alle openbare plekke binne die Federasie en dat sodanige optrede gerugsteun moet word deur die indiening van gepaste wetgewing in die Federale Parlement (Van Eeden: 1964, 66). Die Federasie wat sterk gerugsteun is deur 'n beleid van veelrassige venootskap en met beloftes van vermeerderde politieke betrokkenheid deur die Swartman, het moeilik aanslae en eise van dié aard afgeweer (Holleman: 1969, 272).

Die Federasie het ongeveer 200 000 Blankes en sowat 6½ miljoen Swartes onder sy jurisdiksie gehad. Gunther het so hierop gereageer: "Never before have so many been ruled by so few" (Griswold: 1959, 17). In die Federasie is die Blanke en die Swartman in 'n bepaalde orde teenoor mekaar gestel. 'n Basiese uitgangspunt was dié van die senior en junior vennote.

Teen die laat vyftigerjare het dit duidelik geblyk dat die Federasie uitgedien was (Good: 1973, 47). Swart leiers in Njassaland onder wie Banda en Chimpenbere het onafhanklikheid buite die Federasie geëis. Die eise van Noord-Rhodesië en Njassaland was genoeg om die Federasie te laat wankel. In 1959 het die Devlin-kommissie verklaar dat die doodsklok reeds besig was om vir die Federasie te lui. Die Monckton-kommissie wat voorbereidende materiaal vir 1960 se "Federal Review Conference" moes insamel, het by implikasie verklaar dat die Federasie net deur geweld of verandering in die wetgewende stelsel kan voortbestaan (Bull: 1967, 20). "Federation cannot in our view be maintained in its present form. On the other hand, to break it up at this crucial moment in the history

of Africa would be an admission that there is no hope of survival for any multi-racial society on the African continent, and that differences of colour and race are irreconcilable" (Afr. Inst. Bulletin: Februarie 1963, 25).

Die Federasie het op 31 Desember 1963 ontbind en die drie samestellende gebiede het elkeen sy eie koers ingeslaan. Njassaland het op 6 Julie 1964 as Malawi onafhanklik geword en Noord-Rhodesië as Zambië op 10 Oktober 1964. 'n Rhodesiese regeringsbrosjure wys op die wrange ironie van die saak dat onafhanklikheid weerhou is van Rhodesië wat 12 jaar vantevore sy sterk aanspraak op onafhanklikheid prysgegee het om 'n vennoot in die Federasie te word.

## 1.6 SUID-RHODESIë SE KONSTITUSIONELE POSISIE

Die konstitusie van 1923 het aan Suid-Rhodesië verantwoordelike bestuur toegeken. Die gebied is geregeer onder 'n parlementêre stelsel geskoei op die Britse model. Die Britse regering het egter oor sekere gereserveerde magte beskik. In 1959 het die Suid-Rhodesiese regering 'n wysiging van die konstitusie voorgestel om die mag vanaf die Britse regering na die Rhodesiese regering oor te dra.

'n Konstitusionele konferensie is in Desember 1960 in Londen gehou onder die voorsitterskap van die Minister van Buitelandse sake wat onder andere vir Statebondsbetrekkinge verantwoordelik was. Na voorbereidende werk is die konferensie in Januarie 1961 in Salisbury hervat (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 281). Voorstelle vir 'n nuwe konstitusie, gebaseer op die besluite van die konferensie, is in Junie 1961 gepubliseer en in 'n referendum aan die Rhodesiese kiesers voorgehou. In Julie 1961 is die voorstelle goedgekeur met 41 949 stemme teen 21 846. In November 1961 het die Britse parlement die Southern Rhodesia (Constitution) Act van 1961 aanvaar en daarmee die Britse koningin gemagtig om die nuwe konstitusie te bekragtig. Dit het in November 1962 in werking getree.

Die nuwe konstitusie het die magte afgeskryf wat vroeër vir die Britse regering voorbehou is met die uitsondering van die volgende:

(a) Die posisie van die koning(in) en van die Goewerneur as sy of haar verteenwoordiger;

(b) Internasionale verpligtinge;

(c) Versekerings deur die Rhodesiese regering gegee

in verband met lenings onder die Colonial Stocks-wette (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 281).

Daarby kon sekere verskanste klousules in the konstitusie net gewysig word deur 'n twee-derde-meerderheid van die wetgewende gesag en ōf die toestemming van al vier rassegroepe (Blankes, Afrikane, Asiate en Kleurlinge) ōf van die koningin (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 281). Die spesiaal verskanste dele is dié wat betrekking het op die Verklaring van Regte, Appēl na die Geheime Raad, die Konstitusionele Raad, die Regbank, verhoging van stemregkwalifikasies en die trustgebiede. Die 1961-konstitusie bevat as 'n toevoeging 'n Verklaring van Regte en maak voorsiening vir 'n Konstitusionele Raad; beide met die oog op die beveiliging van die belange van alle inwoners in Rhodesië. Enkele aspekte van die konstitusie word vervolgens hanteer.

DIE KONSTITUSIONELE RAAD

Hierdie Raad het bestaan uit 'n voorsitter en elf lede wat twee Blankes, twee Swartes, een Asiaat, een Kleurling en twee regsgeleerdes met minstens tien jaar ervaring moes insluit. Die Konstitusionele Raad doen verslag aan die Goewerneur en die Speaker van die Wetgewende liggaam aangaande alle Wette (behalwe in

verband met geldsake) goedgekeur deur die wetgewende liggaam. Die toetsing of die wette voldoen aan die bepalings van die Verklaring van Regte, moet binne 30 dae geskied. In geval van 'n teenstrydigheid mag die wetsontwerp alleen aan die Goewerneur voorgelê word, nadat dit in die wetgewende liggaam met 'n twee-derde meerderheid aanvaar is (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 282).

DIE VERKLARING VAN REGTE

Dit handel oor die fundamentele regte en vryhede van die bevolking van Suid-Rhodesië. Sulke regte bestaan ongeag ras, kleur of godsdiens. Die verklaring beoog beveiliging teen skending van die regte deur die Wetgewende of Uitvoerende gesag, georganiseerde liggame of private persone. Die howe is verplig om die regte af te dwing en daar is 'n finale reg van appèl na die Regskomitee van die Geheime Raad.

STEMREG

Die stemregkwalifikasies het steeds aan die Witman politieke beheer gegee. Die Wetgewende Vergadering het bestaan uit 65 lede van wie 15 gekies moes word deur B-lyskiesers in 15 kiesdistrikte en 50 deur A-lyskiesers in 50 kiesafdelings. Alle persone gere-

gistreer op een van die twee kieserslyste is stemgeregtig. Alle burgers 21 jaar of ouer, woonagtig in die land vir langer as twee jaar, mag hulle laat registreer mits hulle voldoen aan sekere eiendoms-, inkomste- en onderwyskwalifikasies.

Vir die A-kieserslys het 'n inkomste van £792 gedurende elk van die twee voorafgaande jare tot registrasie of die besit van vaste eiendom ter waarde van £1 650 of 'n vierjarige sekondêre onderwyskursus van voorgeskrewe peil of 'n aanstelling in die amp van kaptein of hoofman as kriteria gedien. Die B-lys-kiesers moes 'n inkomste van £264 per jaar of vaste eiendom ter waarde van £495 of twee jaar sekondêre onderwysopleiding hê of die persoon moes 'n kraalhoof met 'n gevolg van 20 wees.

Die getal persone wat hulle kan laat registreer as stemgeregtigdes is onbeperk, maar in A-lys-kiesafdelings mag B-lys-stemme nie meer tel as 25% van die uitgebragte A-lys-stemme nie en omgekeerd in die B-lys-kiesdistrikte (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 284).

Die belangrikste gevolgtrekking van die 1961-konstitusie wat deur Duncan Sandys, Britse Minister van Buitelandse Sake, opgestel is, is dat die nuwe grondwet

groter verteenwoordiging aan die verskillende bevolkingsgroepe gegee het. Die konstitusie het daarvoor voorsiening gemaak dat die 5 B-lys-setels binne die bereik van die Swartman was. Potensieel kon dit beteken dat deur middel van 'n sosiale en opvoedkundige opbouproses die Swartman met verloop van tyd kan kwalifiseer vir die A-kieserslys en sodoende 15+ setels uit die 65 kon verower. Die opvoedkundige en sosiale peil in daardie stadium het egter hierdie gedagte aan wensdenkery laat grens.

Die regering van Suid-Rhodesië het toenemend soepel geword, maar sy beleid van reformistiese paternalisme het slegs spanning geskep. Selfs die ekstremistiese leier van die NDP (<u>National Democratic Party</u>), Joshua Nkomo, het aanvanklik positiewe klanke laat hoor, maar moes homself kort daarna repudieer onder druk van sy volgelinge. Vervolgens het hy Butler, die Britse Minister van Buitelandse Sake, gespreek en sy eis vir 'n nuwe konstitusie, gegrond op universele stemreg, deeglik uitgespel (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1963, 172).

## TRUSTGRONDE

Die situasie ten opsigte van aanpassings tot voordeel van die Swartes is ook uitgebrei tot die trustgronde. Die situasie, soos vroeër beskryf, was sterk diskri-

minerend gewees. 'n Wysigingswet in 1960 het egter die toekenning van eiendomsreg aan Swartes binne stedelike gebiede gemagtig, en 'n tweede wysigingswet het in 1961 die spesiale naturellegebied met 2,8 miljoen akkers vergroot en 'n kategorie "ongereserveerde grond" geskep vir die verkryging deur persone van enige ras.

GERAAMDE GRONDVERDELING(1963)IN AKKERS

| | |
|---|---|
| Naturelle-reservate en gebied | 40 020 000 |
| Gebiede wat deur Swartes aangekoop kan word | 4 220 00 |
| Totale Naturellegebied | 44 240 000 |
| Blanke gebiede | 35 715 700 |
| Nasionale parke | 10 840 000 |
| Ongereserveerde gebiede | 5 804 300 |
| Totaal | 96 600 000 |

(Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 283)

## 1.7 DIE ONAFHANKLIKHEIDSVRAAGSTUK

Deur die "Sandys-Whitehead"-konstitusie van 1961 te aanvaar, het die Rhodesian Front beweer dat die nodige potensiaal vir evolusionêre politieke verandering in

Rhodesië ingebou is in die konstitusie en het die party op onafhanklikheid aangedring. Dit is, indien nie eksplisiet nie, tog wel by implikasie en nie-amptelik deur Britse ministers belowe tydens die ontbinding van die Federasie deur aan Malawi en Zambië onafhanklikheid te gee. Op grond hiervan is daar vir onafhanklikheid beding (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 283).

Nā die ontbinding van die Federasie het Winston Field Londen besoek en oor onafhanklikheid begin onderhandel met Duncan Sandys, Statebondsekretaris, en Sir Alec Douglas-Home, Britse eerste minister. Mnr. Field se onvermoë om enige vordering te maak, het gelei tot sy bedanking en Ian Smith se verskyning as leier van die Rhodesian Front (Joyce: 1979, 254).

Ian Smith het dieselfde mate van weerstand ondervind as sy voorganger. Die Britse regering het aangedring op politieke verandering om rassediskriminasie te verminder, en ook aangedring op 'n verandering in die Land Apportionment Act, 'n versterkte Verklaring van Regte en 'n verlaging in stemregkwalifikasies vir beide A- en B-kieserslyste. Die kwalifikasies vir B-kieserslyste moes tot so 'n vlak verlaag word dat dit die Swartman 'n vetoreg kan gee oor amendemente wat die konstitusie raak. Rhodesië se kiesers het negatief hierop gerea-

geer (Good: 1973, 44). Duncan Sandys se antwoord hierop was: "The present difficulty arises from your desire to secure independence on the basis of a franchise which is incomparable more restricted than that of any other British territory to which independence has hitherto been granted" (Good: 1973, 44).

Die sterk standpunt van die Britse regering om te verseker dat mag effektief deur die meerderheidsgroep beheer word, moet teen die agtergrond van 'n reeks faktore gesien word. Tradisioneel was die politieke en staatkundige ontwikkeling van die Swartman baie stadig. Vasgevang in tradisionalisme en in 'n bestaansekonomie het die Ndebele en die Sjona geen hoë beskawingspeil geniet nie (Van Eeden: 1964, 38). Die ontwikkelingspeil van die Rhodesiese Swartman is bereken as gelykstaande aan dié van die Anglo-Sakse in die 8ste en 9de eeu (Hutson: 1973, 4).

Ten spyte hiervan moes 'n staatkundige gaping oorbrug word en is die gemiddelde Swartman eenvoudig deur die elite Swart staatsleier gebruik om sy militante eise te bevredig. Belangrik nog is die vraag waarom Brittanje vir bykans veertig jaar nooit sy beslissende veto gebruik het om diskriminerende wetgewing te verhoed nie. Waarom nou ewe skielik so betrokke raak in die interne sake van Rhodesië?

Op 12 Julie 1956 kon Sir Anthony Eden nog verklaar: "For any period of time we can foresee European leadership and guidance will be essential" (Hutson: 1973, 4). Brittanje, nie langer 'n wêreldmoondheid nie, was egter nie bereid om die druk van supermoondhede in die na-koloniale periode teen te staan nie (Hutson: 1973, 34). Brittanje het ook besef dat hy nie graag die Statebondslande in opponerende kampe wil laat polariseer nie. Dit en ook die VVO-druk het Brittanje 'n "nuwe" koloniale beleid laat aanneem.

Dit is die Brittanje waarmee Ian Smith in 1964 onderhandelinge wou aanknoop. Sir Alec Douglas Home, Britse eerste minister, en Duncan Sandys, het deurentyd daarop gewys dat die 1961-konstitusie nie die basis van onafhanklikheidssamesprekings kon wees nie. Die communiqué wat deur die Britse regering dienaangaande uitgereik is, het so gelui: "The British Prime Minister said that the British Government must be satisfied that any basis on which independence was proposed it should be granted on the basis that it was acceptable to the people of the country as a whole" (Wilson, 1974, 49).

Hierdie verklaring sou mettertyd as die "vyfde beginsel" bekend staan. Die beleid is ferm ingeneem en gehuldig tot aan die einde van die Konserwatiewe Party se ampstermyn. Daar is deurentyd aangedring op

'n universele aanvaarding deur die inwoners van Rhodesië (Reed: 1966, 101). Op 15 Oktober het Sandys in 'n telegram Smith se voorstel verwerp om 'n "indaba" met die Swart stamhoofde te reël as 'n poging om die Swart bevolking se mening te toets (Wilson: 1974, 8). Sandys het ook geweier om waarnemers na die "indaba" te stuur.

Die briewe en telegramme tussen die twee partye, die Konserwatiewe Party en die Rhodesiese regering, is in 'n sogenaamde "<u>Blue Book</u>" bewaar. Op 19 Oktober, nadat die Arbeidersparty aan bewind gekom het, het sir Arthur Bottomley, die nuwe Statebondsekretaris, 'n brief aan Salisbury gerig waarin hy Sandys se vroeëre standpunt herbevestig het (Wilson: 1974, 8).

Smith het egter ten spyte van die teenkanting, met sy "indaba" voortgegaan en op 26 Oktober het 600 hoofmanne by 'n "indaba" bevestigend geantwoord op die vooruitsig van onafhanklikheid (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 284). Daarby het Smith ook die Rhodesiese kiesers begin voorberei op 'n referendum wat op 5 November 1964 gehou sou word waarin die vraag oor onafhanklikheid aan die kiesers gestel sou word (Wilson: 1974, 8). Binnelands het Ian Smith sy greep verstewig. In Augustus 1964 het hy reeds die <u>African Daily News</u> - die enigste koerant wat gepoog

het om die Swartes se sienswyse te stel, verbied, asook die Nasionalistiese Partye. Ian Smith het op buitelandse vlak begin streef na politieke en ekonomiese onafhanklikheid. Sy waarskuwing dat onafhanklikheid ten alle koste verkry moes word, het 'n roering deur Afrika en die wêreld gestuur (Good: 1973, 46). Die gevolge van 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring is reeds deur Sandys aan Ian Smith se voorganger uitgespel. In 'n brief wat op 22 Februarie 1964 deur Field in die verband geskryf is, het hy ook verklaar: "International reaction would be sharp and immediate. The issue would be raised at once in the United Nations and we, of course, would not be able to offer any justification ..... Commonwealth and foreign governments with one or two exceptions, would almost certainly refuse to recognise Southern Rhodesia's independence or to enter into relations with her ....... Thus isolated, Southern Rhodesia would increasingly become a target for subversion, trade boycotts, air transport bans and other hostile activities organised in other African states ...... The British Government would ...... be bound to take the view that this (U.D.I.) had no legal or constitusional validity ...... and would be ...... under heavy pressure to withdraw Commonwealth preferences and to reconsider South Rhodesia's membership of the Sterling area (Bowman: 1971, 303).

Die sterk standpunt deur Brittanje moet steeds gesien word teen die agtergrond van die wêreldsituasie ná die Tweede Wêreldoorlog toe sterk druk uitgeoefen is vir dekolonisasie. Die Kanadese eerste minister, Lester Pearson, het dit duidelik gestel na die Statebondskonferensie in 1964: "If we can solve the Rhodesian problem, the Commonwealth will grow greater still in world importance. If we cannot, then the future of the Commonwealth is dim indeed" (Good: 1973, 45). Die Britse imperiale wilskrag is ook gedreineer deur die Suez-fiasko wat Brittanje se prestige 'n knou gegee het in 1956 (Reed: 1966, 110). Die veranderde wêreld in die na-oorlogse fase het dit ondenkbaar gemaak om onafhanklikheid te gee aan 'n minderheidsgroep Blankes (Good: 1973, 45). Die wêreld het met die VVO as platform kennis geneem van Afrika se eise vir dekolonisasie en oordrag na Swart meerderheidsregerings.

Plaaslik het Ian Smith voortgestuur op die pad na onafhanklikheid. Sy aanstellings binne die kabinet van William Harper en Clifford Dupont in the portefeuljes van Binnelandse Sake en Justisie, Wet en Orde, het sy greep verstewig. Daarna het hy op 'n uitgebreide toer gegaan om die Blanke bevolking agter hom te kry in sy strewe na onafhanklikheid (Bowman: 1971, 303).

Die kern van al Smith se toesprake was dat onafhanklikheid belangrik was om drie redes - om Swart nasionalistiese leiers te verhoed om oor die gesag van die Blankes heen vir mag in Londen te beding; om vir eens en altyd Brittanje te verhoed om binnelands in Rhodesië in te meng, en laastens om toestande te skep vir ekonomiese stabiliteit en groei in Rhodesië (Bowman: 1971, 304).

Die volgende stap was 'n referendum. Met die versekering dat 'n ja-stem in die referendum nie noodwendig UDI sou beteken nie, was daar redelik min op die spel (Martin: 1964, 313). Beide die Rhodesian Front Party en die Rhodesia Party was ten gunste van onafhanklikheid op sterkte van die 1961-konstitusie. Die uitslag was 'n triomf vir Ian Smith; 89,1% van die uitgebragde stemme was ten gunste van onafhanklikheid (Bowman: 1971, 313). Wilson het in hierdie stadium baie min vertroue by die gemiddelde Rhodesiër ingeboesem nadat hy op 2 Oktober 1964 in 'n persoonlike brief aan dr. Mutasa, 'n Swart dokter in Salisbury, bevestig het dat die Arbeidersregering totaal gekant was teen 'n Blanke minderheidsregering (Bowman: 1971, 313). In 'n brief op 17 November 1964 aan Ian Smith het hy hom egter gedistansieer van die standpunt (Bowman: 1971, 313).

Die paradoks is daarin geleë dat die Rhodesiese regering die hoofmanne as verteenwoordigend van die Swart bevolking beskou het en Brittanje nie (Reed: 1966, 49).

Arthur Bottomley, die nuwe Sekretaris van die Statebond en lord Gardiner het Rhodesië vanaf 21 Februarie 1965 tot 3 Maart 1965 besoek en met alle segmente van die samelewing samesprekings gevoer (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 284). Vervolgens is vyf beginsels aan die Rhodesiese regering voorgelê waarop Brittanje bereid was om te onderhandel:

1. "The principle and intention of unimpeded progress to majority rule, already enshrined in the 1961 constitution, would have to maintained and guaranteed.

2. There would also have to be guarantees against retrogressive amendment of the constitution.

3. There would have to be immediate improvement in the political status of the African population.

4. There would have to be progress towards ending racial discrimination.

5. The British Government would need to be satisfied that any basis proposed for independence was acceptable to the people of Rhodesia as a whole" (Wilson: 1979, 191).

Harold Wilson het dit duidelik gestel dat meerderheidsregering in beginsel aanvaar moet word, en dat dit nie onbepaald uitgestel kon word nie. Hy het laat blyk dat dit nie bepaal moet word deur 'n tydkalender nie, maar deur prestasie en vooruitgang om die oorname demokraties te bespoedig (Good: 1973, 50). Die Arbeidersregering het dit duidelik gestel dat Swart verteenwoordiging minstens 'n derde van die Wetgewende Vergadering moes vorm, sodat 'n twee-derde meerderheid in die Rhodesiese parlement verhoed kon word. Die Rhodesiese kabinet was in beginsel hierteen gekant (Wilson: 1979, 16). Ian Smith het vervolgens 'n algemene verkiesing beplan vir 7 Mei 1965. Die rede hiervoor was dat Smith 'n verdere mandaat van sy kiesers wou hê oor die kwessie van onafhanklikheid. In die verkiesing het die <u>Rhodesian Front</u> al 50 A-kiesafdelings verower en die opposisieparty van Butler het 10 uit die 15 B-kiesdistrikte verower (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 285). Smith het dit weer duidelik gestel dat UDI nie deel was van die 1965-verkiesing nie (Bowman: 1971, 323). Die oorweldigende mandaat wat die <u>Rhodesian Front</u> in die 1965-

verkiesing verkry het, het die tafel egter voorberei vir Unilateral Declaration of Independence. Met die opening van die Parlement is alle twyfel uit die weg geruim oor die RF se voornemens. In sy openingsrede het die Goewerneur dit duidelik uitgespel: "My Government return to power at the general election with a greatly increased majority in the Legislative Assembly. It is a mandate for them to lead the country to its full independence. My Ministers will keep this aim constantly before them and it is their intention to pursue vigorously the negotiations with the British Government for the grant to Rhodesia of our independence" (Bowman: 1971, 337).

Op 25 Junie 1965 het die eerste ministers van die Britse Statebondslande in Londen byeengekom en herbevestig dat dit Brittanse se taak is om Rhodesië na onafhanklikheid te lei, maar hulle het aangedring op die byeenroeping van 'n konstitusionele konferensie deur Brittanje so gou as moontlik, byvoorbeeld binne drie maande, en dat dit alle politieke leiers in Rhodesië moes vrystaan om die konferensie by te woon. Indien die Rhodesiese regering sou weier om toe te stem, behoort die konstitusie opgeskort te word (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 285). Die Britse regering het beloof om behoorlik ag te slaan op hierdie menings en dat 'n konstitusionele konferensie op

die regte tyd 'n natuurlike stap sou wees: "If discussions did not develop satisfactory in the direction in a reasonable speedy time, the British Government ...... would be ready to consider Rhodesia's progress to independence on a basis acceptable to the people of Rhodesia as a whole" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 285).

Die vraag wat onwillekeurig ontstaan, is waarom alles nie vreedsaam besleg kon word nie? Die konstitusie kon Rhodesië die vernietigende bosoorlog gespaar het as dit net 'n geleentheid tot implementering gehad het (Natal Witness: 28 August 1977).

Die konstitusie het heelwat meriete gehad. Dit het voorsiening gemaak vir 'n A-rol (hoofsaaklik Blankes sou hiervoor kwalifiseer, maar Swartes sou toenemend hiervoor kon kwalifiseer) om 50 lede tot die parlement te verkies. Verder het die konstitusie voorsiening gemaak vir 'n B-rol wat die massa Swartes sou kon verteenwoordig, om hul die reg te gee om 15 lede tot die Wetgewende Vergadering te verkies. 'n Komplekse kruisstemstelsel sou die kiesers van beide rolle invloed gee op die ander rol (Sunday Times: 31 July 1977).

Die antwoord is vervat in 'n baie resente boek deur

Robert Cary African Nationalist Leader in Rhodesia. Who's Who. Aanvanklik is die 1961-konstitusie baie goed ontvang deur nie net Nkomo nie, maar ook deur Sithole en ook twee ander prominente Swart leiers, George Silundika en Herbert Chitepo. Daar was egter onmiddellik skerp reaksie van ander reaksionêres. Nkomo wat aanvanklik sy standpunt verdedig het, asook dië van die ander leiers, het spoedig besef dat sy leierskap in gedrang is (The Sunday Times: 31 July 1977). Sy standpunt is nog verder verswak deur die aankoms van 'n telegram van Leopold Takawira, die National Democratic Party se segsman vir buitelandse sake, wat uit Londen Nkomo se optrede bestempel het as "diabolical and disastrous and a threatening to three million Africans" (The Sunday Times: 31 July 1977). Nkomo het hom dus gevolglik gedistansieer van sy vorige standpunt.

'n Ervare joernalis, Justin Nyoka, het in 1977 uit Salisbury verklaar dat dit moontlik was dat die Swartes Rhodesië kon regeer as hul net die 1961-konstitusie aanvaar het. Ian Smith het dit by geleentheid ook duidelik gstel: "We accepted that the 1961 constitution would bring majority rule to us, but we would not taken any action to hasten the process" (Good: 1973, 50).

Die "all or nothing"-standpunt in Rhodesië het verder bygedra tot Ian Smith se sterk standpuntinname. Nkomo het na sy aanvanklike toegewing volgehou teenoor elke besoeker: "Power must be handed over to us, who present the majority of the people" (Barber: 1977, 151). Sithole het dieselfde mate van onversetlikheid geopenbaar.

Op 18 Julie 1965 nooi Ian Smith Sir Arthur Bottomley vir 'n volgende rondte samesprekings. Die hoop vir 'n deurbraak het steeds bestaan. As gevolg van 'n druk program beveel Sir Arthur aan dat Cledwyn Hughes, die Britse Minister van Buitelandse Sake belas met Statebondsake, na Rhodesië moet gaan (Wilson: 1979, 17). Die onderhandelinge het telkens gestuit op onversetlike standpunte deur beide groepe. Smith het dit duidelik gestel dat Brittanje geen gedagte het om onafhanklikheid aan Rhodesië te gee nie. Hughes het geantwoord dat Ian Smith onversetlik bly op elk van die vyf neergelegde beginsels (Bowman: 1971, 337).

Ian Smith het egter toenemend onder die druk van sy kabinet gekom, omdat die beloofde onafhanklikheid nog nie gerealiseer het nie. Die neutrale koerant <u>The Citizen</u> wat sterk steun aan die konserwatiewe vleuel binne die <u>Rhodesian Front Party</u> gegee het, het beweer dat Ian Smith buigbaar geraak het op sekere partybegin-

sels om 'n skikking te bereik. Ian Smith is feitlik gedwing om onder die geweldige druk wat op hom en sy ministers toegepas is, positief te reageer op die vooruitsig van 'n UDI (Bowman: 19971, 338). Hy het ook die eis vir 'n konstitusionele konferensie weereens verwerp (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 285).

Die volgende rondte samesprekings is in Downingstraat 10 gehou. Harold Wilson en Cledwyn Hughes het die Britse regering verteenwoordig en Smith is vergesel deur Harper, Minister van Binnelandse Sake, en Lardner Burke, Minister van Justisie (Reed: 1966, 78). Smith was baie reguit in sy standpuntinname. Hy wou die saak tot 'n einde bring, want dit knou die Rhodesiese ekonomie. Die Britse regering was bereid om onafhanklikheid toe te staan, maar nie op die basis van die 1961-konstitusie nie. Brittanje het steeds die reeds genoemde <u>Vyf Beginsels</u> as grondliggend aan die skikking gestel (Bowman: 1971, 340).

Smith het op 5 Oktober in Londen aangekom en slegs vier dae later bevestig dat die samesprekings misluk het. 'n Communiqué wat op 8 Oktober deur die Britse regering uitgereik is, het die standpunt bevestig: "The (UK) Prime Minister and the Commonwealth Secretary have held during this week a series of discussions with the Prime Minister of Rhodesia, during

which they have examined frankly and thoroughly all aspects of the question of Rhodesia's independence. The British Ministers have described the constitutional principles which the British Government would regard as the essential basis on which they could recommend to Parliament the grant of sovereign independence to Rhodesia and the Rhodesian Ministers have indicated the reasons for which they feel unable to accept these principles in the measure required by the British Government. Despite intensive discussion, no means have been found of reconciling the opposing views. 'No further meeting has been arranged'" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 286). Die verskillende kante het kortliks so gereageer op elkeen van die vyf beginsels:

Beginsel 1

Die beginsel van ongehinderde vordering na 'n meerderheidsregering, beliggaam in die 1961-konstitusie, moet gehandhaaf word en gewaarborg word: Ian Smith het gevoel dat die 1961-konstitusie die geleentheid bied aan die Swartman om deur middel van ontwikkeling stemreg te verkry om binne 15 tot 50 jaar 'n meerderheidsregering te bewerkstellig (Wilson: 1974, 169). Wilson se beswaar het gewentel om die tydsduur van die vordering. Die genoemde tydperk van 15 tot 50 jaar

sou nie die probleem na wense oplos nie. Die Britse regering was ook onseker of die outomatiese toepassing van die 1961-konstitusie die nodige vordering na meerderheidsregering op 'n aanvaarbare basis sou meebring (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 286). Wilson se voorstel was om finansiële hulp te verskaf om die opvoedkundige proses te versnel. Die punt was nie aanvaarbaar vir die Rhodesiese kabinet nie, want die opvoedkundige proses mag nie die slaaf wees van die politiek nie (Wilson: 1974, 197).

Beginsel 2

Daar moet waarborge gebied word teen enige retrogressiewe wysiging van die konstitusie: Wysiging van die konstitusie vereis 'n twee-derde meerderheid. Daarom was een van die voorstelle van Britse kant dat die getal setels in die Rhodesiese Parlement so gewysig moes word dat B-lys-parlementslede een-derde plus een van die setels in die Parlement sou besit. Hierdie voorstel was nie aanneemlik vir die Rhodesiërs nie. Op hulle beurt het hulle 'n Senaat voorgestel (Bowman: 1971, 148). Die Rhodesiese kabinet het 'n Senaat van 12 lede beoog, wat oor konstitusionele vraagstukke saam met die Wetgewende Vergadering sou stem. Ian Smith het geargumenteer dat 12 senatore saam met die 15 B-lyslede voldoende sou wees om enige ongewenste

konstitusionele wysigings te versper. Die 12 senatore moes gekies word uit die geledere van Hoofmanne. Op dié punt het die Britse regering en Rhodesië skerp verskil. Die Britse regering het die Hoofmanne beskou as betaalde amptenare van die regering (Reed: 1966, 48) en dus sterk onder die invloed van die regering. Dieselfde standpunt is vroeër gehuldig deur Sir Alec Douglas-Home (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 286).

Beginsel 3

Daar moet 'n onmiddellike verbetering wees in die politieke status van die Swart inheemse bevolking: Smith en sy kollegas was van mening dat sodanige verbetering implisiet ingeslote was in hul Senaatsvoorstel. Wilson het gemeen dit bied geen verbetering in die status van die Swart bevolking as geheel nie. Die Rhodesiese ministers was wel bereid om die stemregkwalifikasies te verlaag op die B-lys om alle belastingbetalers in te sluit, maar nie die getal setels nie.

Beginsel 4

Daar moet vordering ten opsigte van die beëindiging van rassediskriminasie wees: Die Britse regering het

'n afskaffing van die Land Apportionment Act bedoel, en het dit duidelik na vore gebring. Smith het dit duidelik gestel dat die wet juis die Swartman teen uitbuiting beskerm (Wilson: 1974, 196).

Beginsel 5

Die Britse regering moet die versekering kry dat enige basis vir onafhanklikheid wat neergelê word, aanneemlik sal wees vir die bevolking van Rhodesië as geheel: Wilson het besondere nadruk gelê op die basiese patroon vir dekolonisasie. Met die uitsondering van Suid-Afrika, het die Britse regering slegs onafhanklikheid toegestaan op die grondslag van meerderheidsregering in die ontvoogde gebied (Good: 1973, 50).

Die Britse regering het egter geen ag geslaan op die feit dat Rhodesië vanaf 1923 selfregering geniet het nie. Dit is juis hierdie outonomie wat gelei het tot die orentbringing van 'n staatkundige bestel waarin sterk skeiding op alle vlakke ingebou is. Die Britse regering het nooit vanaf 1923 sy vetoreg oor diskriminerende wetgewing toegepas nie. Brittanje het dus vanaf 1923 as verantwoordelike party stilswyend goedkeuring verleen aan die opbou van 'n politieke stelsel wat in die veranderde tydsgees in die kruisvuur gekom het. Die Swart nasionaliste se steun en simpatie in

die VVO en die Statebond was so sterk, dat Brittanje feitlik verbind was om sy dekolonisasiebeleid aan 'n meerderheidsregering te koppel. Die Swart Nasionaliste se slagspreuk "majority rule in our lifetime" sou ook in Zimbabwe weerklink (Martin: 1981, 101).

Nā sy terugkeer in Salisbury, het Smith dit duidelik gestel dat verdere onderhandelings, behalwe as daar iets onvoorsiens gebeur, nie meer sou plaasvind nie, omdat die druk van die Afro-Asiatiese blok te sterk op Brittanje was (Joyce: 1979, 287). Die Britse regering het onder hierdie druk aangedring dat 'n referendum onder alle inwoners van Rhodesië gehou moes word oor die kwessie van onafhanklikheid. So 'n referendum was vir Smith onaanvaarbaar. Dit was vir Smith duidelik dat die oplossing nie geleë is in 'n skikking met Brittanje nie.

Op 12 Oktober het Wilson in 'n televisie-rede die Britse volk oor die onderhandelinge en sy regering se standpunt ingelig (Wilson: 1979, 199). Dit is so insiggewend dat dit hier (saam met Smith se antwoord) volledig en in die oorspronklike bewoording, weergegee word:

"The very grave situation in Rhodesia - grave because, even as I speak to you tonight, there may be steps

taken on a very dangerous road. And the results of these politics may be dangerous not only for Rhodesia but for a far greater area of Africa. They may extend even wider and involve the world. After 40 years of limited self-government the control lay in the hands of 230 000 Europeans, while nearly five million Africans remained effectively without a vote. In effect, under the 1961 Constitution some 90 000 European electors were represented by 50 M.P.'s while perhaps 100 000 Africans qualified for the vote were represented by only 15 M.P.'s. It is true that a complicated system provided that as some Africans reached a given educational standard, or got into a higher income bracket, they could have the vote, but this is a very slow process.

The European Government of Mr. Smith has demanded that we now confer independence on the Rhodesian people on the basis of the existing constitution. And I must make it clear that independence can be granted only by the British Government, by an Act of our Parliament. And we have never granted independence except on the basis of democratic majority rule. And this Mr. Smith and his colleagues of the Rhodesian National Front resolutely reject. Not in their lifetime, they have said, will they allow it to happen. For nearly a year we have in discussion with the Rhodesian Govern-

ment, with Mr. Smith, to see if we could work out an agreed basis for independence. What we have been trying to do was to reach an agreed solution on the basis of five principles on which, we felt, we must insist. First if we were to break with each previous case and give them independence based on their existing constitution then we must be sure there would be a guaranteed and unimpeded progress of majority rule. Second, we had to be sure that once they had their independence, and no longer subject to the British Government, they would not amend their constitution so as to make it even less democratic. Third, we said there must be an immediate improvement in the political status of the four million Africans. We did not say 'one man one vote' immediately - but an improvement. Fourth there must be progress towards ending the racial discrimination, which has developed under the law and practices of the Rhodesian Government. Fifth, we insisted, as our predecessors insisted a year ago, that before we could proceed to recommend Rhodesian independence to Parliament, we must be satisfied that the conditions proposed for independence were acceptable to the people of Rhodesia as a whole. These were the principles - the minimum principles - we laid down. And all our discussions over the past eight to nine months have been about them and law to turn them into reality. And I have to tell you

tonight that after all these months, and after a week of straight talks we are no nearer agreement than we were a year ago. On every one of the five principles the disagreement is almost total, absolute. If there is one thing on which Mr. Smith and I agree, it is that on every single issue there is so far no basis for agreement and he has said this inside and outside the Cabinet room. At the airport last night (11 of October) he seemed to reject any hope of compromise. On a proposal for further talks, he said: 'We have talked over several years ...... the gap seems to be so wide that it is impossible to bridge it.' Under our laws, a Rhodesian which took it independence by unilateral action, without the authority of Parliament, would be acting illegally, in the state of rebellion, and we would have to act accordingly. But more than that Rhodesia would for all practical purposes, be without a friend in the world, illegally governed, alone. But there is an answer. There is more than one answer, more than one alternative course, and we have urgently held them out to them. We have made proposals for an interim period working under the existing Constitution, during which Africans would be taken into multiracial Government, trained as junior Ministers and Parliamentary Secretaries, while a massive and dynamic programme of education, and training is introduced with our help, schools,

colleges as well as training facilities in administration - in Britain in Rhodesia, in other independent African countries - for the Rhodesian people" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 288).

Wilson het sy rede afgesluit met 'n boodskap aan Smith dat indien die huidige inisiatiewe misluk, 'n kommissie bestaande uit senior Statebondspremiers Rhodesië sou besoek om 'n ooreenkoms te bereik (Wilson: 1974, 199). Wilson het afgesluit met die woorde: "I know I speak for everyone in these islands, all parties, all our people, when I say to Mr. Smith: Prime Minister, think again" (Wilson: 1974, 199).

Smith het so hierop geantwoord: "I now wish to refer to some points raised by Mr. Wilson in his broadcast the other evening. Mr. Wilson stated that for over 40 years we have run our own affairs, our own Parliament, made our own internal laws but always subject to the ultimate authority of the Crown and the British parliament. This is incorrect. Her Majesty's Government relinquished her responsibilities to the people of Rhodesia in 1923 and ever since the Government of Rhodesia has been the sole executive authority in and over the internal affairs of Rhodesia and has been responsible to the exclusion of any other authority for the conduct of its affairs - with one limita-

tion - namely that any law proposed to be passed by the Rhodesian Parliament which did not apply equally to the African and the European has to reserved for the assent of her Majesty's Government" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 289).

Smith het vervolgens gewys op die gevolge as Brittanje onafhanklikheid op die basis van meerderheidsregering toestaan. Hy het verwys na die chaos wat gevolg het in die buurstate, veral in die destydse Belgiese Kongo (Wilson: 1974, 199).

Smith het afgesluit met 'n verduideliking van die outonomie van Rhodesië veral ten opsigte van die twee wêreldoorloë. Brittanje was gewillig om Rhodesië as 'n gelyke staatkundige vennoot te behandel. Na 43 jaar verander die situasie egter en vind Rhodesië uit dat hy nie meer baas in sy eie huis is nie. Smith se laaste opmerking was tiperend van die situasie: "It is not incredible that the British Government has allowed our case to deteriorate into this fantastic position - almost comical if it were not so tragic. I believe I should say to Mr. Wilson: Prime Minister, think again" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 289).

Smith het verder soos volg geantwoord op 'n persoonlike

boodskap wat Wilson op 18 Oktober aan hom gerig het:

"I received your personal message of the 18th October from your High Commissioner when he called on me. You said that successive British Governments have throughout sought to reach agreement on conditions on which Rhodesia could advance to independence. The same is equally true of successive Rhodesian Governments. I agree that I accepted your five principles as a basis for negotiations and that they have held the field throughout all the discussions from February until this month.

I note that you say you are still open to any ideas and to any further way of seeing whether agreement can be reached between us. Well here is my response to this appeal. It is that it would be a reasonable and just thing for the British Government to grant Rhodesia independence on the 1961 Rhodesian Constitution. This Constitution covers your five principles, if only you will admit it; they are enshrined there for all to see. This is the Constitution which was the direct outcome of a constitutional conference held in 1961 and presented over by the British Secretary of State for Commonwealth Relations. The conference was attended by all the political parties and racial groups of the country. The Conference Report which

became the foundation of the Constitution as finally drafted was subscribed to by the following: the United Kingdom, Government of Southern Rhodesia led by the Prime Minister; the United Federal Party, which was the government party but was independently represented, the National Democratic Party represented by Mr. Joshua Nkomo and the Reverend N. Sithole supported by Mr. Herbert Chitepo and Mr. T.G. Silundika; the Central Africa Party; the Coloured Community; the Asian Organisation and a representative of the chiefs" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 291).

Smith het dit ook duidelik gestel dat by hom geen twyfel bestaan dat die onderhandelinge besig is om op 'n dooiepunt uit te loop nie. Smith het ook nie die nodigheid ingesien dat die hele aangeleentheid deur die Britse Statebondsleiers bespreek moet word nie. Die aangeleentheid is 'n huishoudelike saak en het dus niks te doen met die voorgestelde kommissie nie.

Op 21 Oktober het Wilson aan Smith geskryf in antwoord op sy boodskap van 20 Oktober. Argument na argument is gebruik sonder dat dit wesenlik iets nuuts na vore gebring het. Wilson het dit duidelik gestel dat hy UDI wil afweer, daarom vlieg hy na Salisbury op 25 Oktober 1965 om 'n volgende rondte samesprekings te open. Die twee partye het egter min gehad om vir

mekaar te sê wat nie reeds herhaaldelik gesê is nie (Bowman: 1971, 344).

Wilson het 'n finale beroep op Smith gedoen om te besin (Wilson: 1974, 200). Hy bewoord dit in frases soos "ter wille van Rhodesië, ter wille van Afrika, ter wille van die toekomstige geslagte van alle rasse." Wilson het ook sy voorgestelde kommissie van Statebondsleiers verdedig. Die afvaardiging was veronderstel om weer 'n vonk in die onderhandeling te blaas en nie om 'n oordeel te vel nie. Wilson reageer verder heftig op die aantygings van Smith: "You would not expect me to comment or still less accept, the most unwarranted, comments which you made about the British Government such as that we are 'Factually ignorant.' But I must make clear that I cannot accept your contention that the British Government have moved back in any way from their original stand. Both the previous administration and ourselves have made it plain that there would have to be an advance on the 1961 constitution. The five principles were presented to you as our essential requirements if a basis for independence was to be negotiated. You accepted them as a basis for negotiations and they have held the field throughout all the discussions from the spring until this month. I do not see what reason you had to expect us to depart from them. Nor is it

right to say that we introduced any new demands on constitutional safeguards in our recent talks. During the visit to you last July, the Minister of State (Mr. Cledwyn Hughes) explicitly said that as well as a blocking mechanism for ordinary amendments to the constitution, the question of safeguards for the entrenched clauses would have to be covered" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 291). Wilson het afgesluit om weereens te wys op die gevare van 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring.

Wilson het dit goedgedink om met die nasionalistiese leiers samesprekings te voer en tot 'n eenheidsfront aan te moedig binne die konstitusionele raamwerk (Bowman: 1971, 344). Wilson se ontmoeting met die ZAPU-leier Joshua Nkomo het die agitasie vir meerderheidsregering onderstreep. Nkomo het dit duidelik gestel dat indien hy sal toestem tot 'n skikking op die basis van die 1961-konstitusie, hy as leier deur 'n sterker militante leier vervang sou word (Wilson: 1974, 210). Wilson se ontmoeting met eerwaarde Sithole het 'n gunstige indruk op hom gemaak. Hy het onder andere ook samesprekings gevoer met die Swart leier van die parlementêre opposisie, mnr. Ganda; mnr. Palley, die liberale LV verkies deur die B-rol-kiesers, meestal Swartmense; 'n afvaardiging Asiërs; 'n afvaardiging Kleurlinge asook met Sir Roy Welensky.

Dit is betekenisvol dat Wilson hoofsaaklik op die linkse element gekonsentreer het. Die konserwatiewe Swartman en sy tradisionalisme is totaal buite rekening gelaat.

Voordat Wilson na Brittanje teruggekeer het, het hy 'n finale boodskap aan Rhodesië gerig. Hy het herhaaldelik gewaarsku teen 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring: "I want you to realise, we have a responsibility for Rhodesia, which we cannot escape or evade ...... In financial terms, in economic terms ...... for I have said forswear the use of military force ....... we would have to do everything in our power to restore constitutional rule" (Bowman: 1971, 345).

Die enigste konstruktiewe uitvloeisel uit die onderhandelinge was die voorlopige aanvaarding deur Wilson om 'n Rhodesiese voorstel te oorweeg vir 'n koninklike kommissie onder die voorsitterskap van die Rhodesiese hoofregter en origens bestaande uit een benoemde deur die Rhodesiese regering en een deur die Britse regering om vas te stel of die 1961-konstitusie aanvaarbaar sou wees vir die Rhodesiese bevolking. Terug in Londen het Wilson egter soveel voorbehoude in verband met die kommissie gehad, dat die Rhodesiese regering dit nie kon aanvaar nie, en wat die verwyt van Smith uitgelok het dat Wilson "finally close the door which

you claimed publicly to have opened" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 291). Die voorbehoude grens aan die absurde met klousules soos dat die Britse regering vir hom die reg voorbehou om die verslag te aanvaar of te verwerp.

Wilson het ontken dat hy die deur tot onderhandeling toegeklap het en 'n nuwe samekoms op Malta - vooraf-gegaan deur samesprekings met Hoofregter Beadle in London - voorgestel. Hierdie voorstel is deur die Rhodesiese regering as nutteloos verwerp. Die Rhodesiese regering was nie bereid om langer geknieghalter te word en die onderhandelinge uit te rek nie (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 292).

## 1.8 SLOT

Rhodesië se staatkundige ontwikkeling in die tydperk 1923-1965 vertoon duidelike uitkenbare kenmerke. Dit het eerstens vir die Blanke 'n feitlike onbeperkte vrypas gegee om homself polities te verskans, terwyl die Swartman hom op die kantlyn bevind het.

Tweedens word die houding van Brittanje uitgelig. Gewapen met die mag om diskriminerende wetgewing te veto, het Brittanje totaal onbetrokke gebly in die politieke ontwikkeling in Rhodesië. Die beleid van

Brittanje teenoor Rhodesië se binnelandse sake het egter 'n belangrike waterskeiding belewe. Kort ná die Tweede Wêreldoorlog is koloniale moondhede feitlik gedwing om hul eertydse kolonies onafhanklikheid te gee. Vanweë die sterk gevoel van Swart nasionalisme, het die onafhanklikheid gewoonlik gepaard gegaan met 'n oordrag na 'n Swart meerderheidsregering.

Rhodesië met sy Blanke beheer en sy trotse tradisie van selfbestuur, het onmiddellik in botsing gekom met die benaderingswyse. Rhodesië se verset teen die politieke verandering en sy sterk interne politieke beheer, het uiteindelik gelei tot die verklaring van eensydige onafhanklikheid.

# HOOFSTUK II

# DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING EN DIE REAKSIE DAAROP

## 1.1 INLEIDING

Die begrip "Unilateral Declaration of Independence" is die eerste keer tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog in 1776 gebruik. Die verklaring van UDI deur Rhodesië op 11 November 1965 het as 'n stap weg van die Britse monargale model gedien. Dit was ook 'n konkrete manifestering van die Blanke volksbewussyn en volkstrots. Die UDI-konstitusie was 'n konstitusie: "made in Rhodesia, by Rhodesians, for the Rhodesians" (Harris: 1970, 138).

Die hoofstuk word vervolgens gewy aan die eensydige onafhanklikheidsverklaring en die reaksie daarop. In laasgenoemde verband word daar veral aandag geskenk aan die doelbewuste pogings van Brittanje om deur 'n reeks ekonomiese boikotte die Blanke politieke struktuur in Rhodesië te destabiliseer.

## 1.2 DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING EN DIE REAKSIE IN RHODESIË

Die eensydige onafhanklikheidsverklaring het 'n onindrukwekkende begin gehad in vergelyking met die reaksie wat dit wêreldwyd ontlok het. Smith het sy rede voor 'n klein skaretjie op Cecilplein gelees. Dit was om 11h00 op 11 November 1965. Hy het die volgende verklaar:

"Whereas in the course of human affairs, history has shown that it may become necessary for people to resolve the political affiliations which has connected them with other people and to assume other nations the seperate and equal status to which they are entitled; and whereas in such event a respect for the opinions of mankind requires them to declare to other nations the causes which impel them to assume full responsibility for their own affairs. Now therefore we, the Government of Rhodesia, do hereby declare that it is an indisputable and historic fact that since 1923 the Government of Rhodesia have exercised the powers of self-government and has been responsible for the progress, development and welfare of their people (London Daily Mail: 14 November 1965).

Smith vervolg met historiese besonderhede. Hy verwys na die feit dat Rhodesië sedert 1923 selfregering geniet het. Rhodesië het ook sy lojaliteit aan die Kroon bewys gedurende twee wêreldoorloë. Hy het verder gesê: "Now, therefore, we

the Government of Rhodesia, in humble submission to Almighty God, who controls the destiny of nations conscious that the people of Rhodesia have always shown answering loyalty and devotion to Her Majesty the Queen, and earnestely praying that we, the people of Rhodesia will not be hindered in our determination, to continue exercising our undoubted right to demonstrate the same loyalty and devotion in seeking to promote good so that the dignity and freedom of all man may be assured. We do by the proclamation adopt, enact and give tot the people of Rhodesia the Constitution annexed hereto. God save the Queen". (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 279).

In 'n sterk bewoorde proklamasie het Sir Humprey Gibbs die Rhodesiese Goewerneur, soos volg op die eensydige onafhanklikheidsverklaring gereageer: "Ek is gelas deur Haar Majesteit om u in kennis te stel, dat dit haar behaag het om in die geval van 'n onkonstitusionele verklaring van onafhanklikheid, Mnr. Ian Smith en die ander persone wat ministeriële ampte beklee in Rhodesië, van hulle ampte te onthef.... daarom in ooreenstemming met hierdie bevel, moet ek Mnr. Smith en sy kollegas in kennis stel dat hulle nie langer hul ampte beklee nie. Ek weerhou van alle handelinge wat die gesag van die onwettige gesagdraers kan bevorder. Met

hierdie voorbehoud is dit die plig van alle landsburgers om wet en orde in die land te bewaar en om hulle normale pligte uit te voer. Dit is van toepassing ook op die geregsdienaars, die gewapende magte, die polisie en ook die staatsdiens" (Afr. Inst. Bulletin: Desember 1965, 12).

In 'n reaksie op Sir Humphrey Gibbs se verklaring het Smith gesê "dat die Goewerneur onder die 1961-konstitusie geen uitvoerende magte besit nie, behalwe wanneer hy handel op advies van die Rhodesiese kabinet. Sir Humphrey Gibbs is ook in kennis gestel dat hy ooreenkomstig die bepalings van die 1961-konstitusie nie meer enige gesag in Rhodesië besit nie" (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966).

Goewerneur Gibbs het egter uit protes teen die eensydige onafhanklikheidsverklaring aangebly as gewettigde verteenwoordiger van die Britse kroon in Rhodesië. Die Rhodesiese kabinet het taktvol geprobeer om druk op hom uit te oefen om te bedank. Met die nodige advies van Brittanje, wou Goewerneur Gibbs egter nie toegee nie. Die houding van die Britse Goewerneur het vir heelwat hoofbrekens gesorg. As verteenwoordiger van Brittanje, was Gibbs onaantasbaar. Omdat verdeelde lojaliteite op die spel was, het sy posisie vir Rhodesië 'n probleem geskep.

In die lig hiervan het die Rhodesiese kabinet op 15 November 1965 lang en indringende samesprekings gevoer. Die bespiegelinge dat Goewerneur Gibbs fisies uit Government House verwyder sou word, het 'n waarskuwing uit Brittanje ontlok.

Die Rhodesiese regering het 'n indirekte taktiek teen Gibbs begin toepas, eerder as 'n indirekte konfrontasie. Die fondse na Government House het skielik opgedroog en die Goewerneur is in 'n vernederende posisie ingedwing. In 'n brief aan die Rhodesian Herald het 'n amptenaar van die Ministerie van Inligting bevestig dat geen verdere verwysings na Sir Humphrey Gibbs gamaak moet word nie: "He was to be a non-person" (Good: 1973, 78).

In 'n skrywe aan die Britse koningin het Smith versoek dat Clifford Walter Dupont as Rhodesiese Goewerneur Generaal aangestel word "... praying your Majesty may be pleased to appoint him to that office" (Good: 1973, 79). Die koningin het nie op die skrywe gereageer nie. Goewerneur Gibbs het, sover dit Brittanje aangegaan het, die wettige verteenwoordiger van die Britse kroon in Rhodesië gebly.

Omdat lojaliteit teenoor die Britse kroon probleme vir Rhodesië sou inhou, het Smith 'n boodskap aan die Rhodesiese volk gerig. Hy wys die Rhodesiërs daarop dat 'n aanslag gelewer gaan word op die volk se lojaliteit. Smith was veral bekommerd oor die Veiligheidsmagte: "I remind everyone in the Services that first and foremost he is a servant to Rhodesia - his country - and its Government. This you must put foremost in your mind whenever you see suggestions and insinuations that there is some other authority either within or outside the country which claime your allegiance" (Good: 1973, 78).

Om die lojale Britte in Rhodesië se goedgesindheid te behou, sou Rhodesiërs steeds die Union Jack hys en die Britse volkslied sing. UDI moes derhalwe as 'n "rebellie" teen die Britse regering en nie teen die koningin beskou word. (Meredith: 1979, 56).

Teenkanting teen UDI binne die Rhodesiese kabinet het gekom van die uitgesproke dr. Ahrn Palley. Dr. Palley, 'n gekwalifiseerde dokter en regsgeleerde, het as onafhanklike lid vir die Swart woonbuurt Highlands, sitting gehad in die Rhodesiese kabinet. Tydens die eerste Parlementsitting nã UDI op 25 November het dr. Palley by die Speaker aangedring om die sitting van die Huis uit te stel. Dr. Palley het sy saak so

gestel: "Since the House last met, certain Honourable Members have, in collusion, torn up the Constitution under which the House meets and they have seen fit to produce a document which they have purported to issue a new constitution for this country. Those people who accept that document ...... I submit to you, are acting illegally and on their own conscience must face in due course what the law demands". 'n Lid het daarna die volgende tussenwerpsel gemaak: "The law is an ass" (Good: 1973, 80). Die Speaker het dit daarna duidelik gemaak dat die nuwe Rhodesiese konstitusie van 1965 bindend was op die verrigtinge in die Huis en dat lede wat anders daaroor voel, die reg het om hulle te onttrek. Palley het geprotesteer dat hy geen reël sal aanvaar wat onwettig is nie. In die Huis was daar skielik chaos. Uitroepe soos orde! orde! het weerklink en Palley wat geweier het om sy woorde terug te trek, het met nege Swart parlementslede die Huis verlaat. Vier Swart lede en een Asiër het bly sit, om daarna gelukwensinge van Regeringslede te ontvang (Good: 1973, 80).

Sir Roy Welensky, voormalige premier van die Federasie van Rhodesië en Njassaland, het sy standpunt met betrekking tot UDI versinnebeeld met die woorde: "I am a opponent of UDI, but I love my country" (SABRA: 11 Desember 1972, 4). Hy het hom soos volg oor die eensydige onafhanklikheidsverklaring

uitgespreek: "I have been asked by several of my people, why did Rhodesia take UDI? Now I have already make my own stand clear. I thought it was a monumental error of judgement. But in spite of that I understood it. I must be realised that in party politics, politicians have the habit of making promises. And the Rhodesian Front Party, when they came into office in 1962, have quite clearly indicated to their own supporters that they were going to implement their own policy. And when they got into office they found that constitutionally they could not make the necessary changes. This is the short and real reason why UDI was taken - so that the Government of the day would be able to do things that they were inhibited from doing under the 1961 Constitution" (SABRA: 11 Desember 1972, 5).

Die standpunt van Generaal-Majoor J. Anderson, die bevelvoerder van die Rhodesiese Weermag, is die enigste werklike teenstand wat in Weermagkringe ondervind is. Anderson het nie sy weg oopgesien om 'n onkonstitusionele handeling soos UDI te ondersteun nie (Loney: 1975, 141).

Die houding van die regslui verdien ook spesiale vermelding. Sir Hugh Beadle, die Hoofregter, het verhuis na Government House om die huis met Sir Humphrey Gibbs te deel. Die posisie van Beadle het egter 'n

verkleurmannetjie-voorkoms gehad. Sir Hugh het met Wilson in Londen samesprekings gehou ter ondersteuning van goewerneur Gibbs, maar het egter in 'n brief aan die Sunday Express 'n opponerende standpunt ingemeem (Wilson: 1974: 270). Die Smith-regering het wyslik besluit om so lank as moontlik alle sake te vermy waarin die regters se lojaliteit getoets kon word.

In ooreenstemming met die Britse regering se wens, het die regters ook normaalweg voortgegaan met hul pligte en is geen stappe teen die "rebellie-regering" geneem nie (Good: 1973, 79).

Die sterkste teenkanting teen UDI het van die kerk gekom. Leiers van die Anglikaanse kerk, die Rooms-Katolieke kerk en die Christelike Raad in Rhodesië het 'n hegte eenheid gevorm teen die sg. rebelle-regering van Smith. Die Christelike Raad het alle Christene aangespoor om Goewerneur Gibbs te ondersteun, en het verder Christene geadviseer om hulle in beginsel uit te spreek teen UDI.

In die Salisbury-katedraal het die Anglikaanse Biskop gesê dat Christene nie moreel verplig moet voel om wette te eerbiedig wat deur 'n onwettige regering afgedwing word nie (Lamont: 1977, 64). Die verslag wat daarna in die Rhodesian Herald verskyn het, was so gesensor dat van die oorspronklike teks min oorgebly het. Die Rooms-Katolieke Biskoppe

van Rhodesië het sterk bewoorde pastorale instruksies uitgereik: "Vast numbers of Rhodesia are bitterly opposed to the Unilateral Declaration of Independence ..... They are particularly angered that it should be stated publicly that this action was taken in the name of preserving Christian civilization in this country. It is simply quite untrue to say that the masses are content with the recent decision or that they have consented by silence. Their silence is the silence of fear, of disappointment, of hopelessness. It is a dangerous silence, dangerous for the church, for all of us" (Lamont: 1977, 64). Die standpunt van die Biskoppe was in reaksie op Smith se beskouing van UDI "to struck a blow for the preservation of justice, civilization and Christianity" (Meredith: 1979, 56).

Die Rhodesiese regering het 'n dringende versoek aan die kerke gerig om hulle te weerhou van politieke toesprake. Om die versoek te versterk, het die Rhodesiese regering sterk sensormaatreëls teen die kerk ingestel. In die interaksie tussen die Regering en die kerk het die meeste Rhodesiërs ietwat onbetrokke gebly.

Weerstand deur die Swart gemeenskap in Rhodesië was sporadies en maklik hanteerbaar. Na verskeie geïsoleerde insidente is 'n algemene staking van stapel gestuur op 22

November 1965 in die industriële gebied in Bulawayo (Bowman: 1971, 222). Swart anargiste het deur die Swart woonbuurtes gery en selfs intimidasie probeer toepas. Sowat 2 000 werkers in die Mpopamawoonbuurt het betoog. Die reaksie het begin uitkring totdat 60% van die woonbuurt betrokke was by die onrus. Dit het onder andere die lewe van een Swartman geëis. Die BSAP het daarna 170 Swartes gearresteer op sterkte van die Law and Order (Maintenance) Act. Waarskuwing is daarna uitgereik dat afwesigheid by die werk as bedankings beskou sou word. Daarmee is die staking voorlopig afgeweer.

'n Maand nâ UDI het gemoedere gekalmeer en het die onrus bedaar. Smith was in volle beheer. Die sleutel tot Rhodesië se sukses was dat die Blanke gemeenskap verenig was oor alle belangrike fundamentele sake. Sakelui wat aanvanklik die Rhodesian Front geopponeer het en UDI 'n ramp genoem het, het regeringsmaatreëls begin ondersteun.

Plakkertjies op motorvensters en buffers het individuele Rhodesiërs se goedkeuring vir UDI verkondig. Die Rhodesian Front se slagspreuk was "Forward Rhodesia". Slagspreuke op plakkertjies het selfs die woorde "I hate Harold" vertoon. Die gemiddelde Rhodesiër het nou die Blanke regering gesien

as sinoniem met beskaafde standaarde en as 'n bastion in die Weste se stryd teen kommunisme.

In laasgenoemde verband het Smith in 'n artikel wat in die Portugese tydskrif Diaro Popular verskyn het, selfs vir Wilson daarvan beskuldig dat hy Rhodesië wil opoffer en na die hand van die kommuniste wil speel. Vir Smith was dit Rhodesië se taak "to guarantee the integrity of what is the ultimate bastion against communism on the African continent" (Good: 1973, 82). Drie maande ná UDI het Smith die volgende retoriese vraag gevra: "Was Wilson perhaps a fellow traveller? After all, Britain assisted the Viet Cong and Cuba and encouraged the 'communist' states of Africa" (Good: 1973, 82).

## 1.3 DIE REAKSIE IN BRITTANJE

Die toneel in Salisbury het in kontras gestaan met dié in Londen. Op 'n BBC-nuusuitsending het Brittanje geluister hoedat UDI aangekondig word (Good: 1973, 17).

Die parlementsitting is geskeduleer vir 14h30 en met byna dramatiese spanning het die parlementslede in Whitehall en Westminster die gebeurtenis afgewag. Vanaf die volgepakte gallerye was die blik gefokus op Wilson wat die sitting sou

lei. Wilson het so begin: "Mr. Speaker, with your permission, I should like to make a statement on Rhodesia. The House will have heard with deep sadness of the illegal declaration of independence by the men who until that declaration constituted the Government of Rhodesia" (Good: 1973, 17).

Hy het ook na sy gesprekke met Ian Smith verwys en uitgewys dat ŉ dooiepunt nie bereik is in die onderhandelinge nie. Hy het voorgestel dat een van die ministers na Rhodesië sou gaan vir verdere toeligting (Wilson: 1974, 233).

Wilson het ook in die Britse laerhuis ŉ boodskap aan die Rhodesiese volk gerig: "it is the duty of public servants to carry on with their jobs, to maintain law and order and must themselves be the judges of any possible action which they might be asked to take and which would be illegal in itself or illegal in the sense of furthering the rebellious act" (Bowman: 1971, 409).

Die reaksie van die Britse parlementslede op Smith se eensydige onafhanklikheidsverklaring was eenparig. Beide die regering en die opposisieparty onder leiding van Heath het die stap veroordeel (Wilson: 1974, 233).

Geen besluit deur Brittanje oor die Rhodesiese kwessie, het soveel reaksie uitgelok soos die besluit om nie militêr in te gryp nie (Good: 1973, 55).

Die Swart nasionaliste binne Rhodesië wat vuriglik gehoop het dat Brittanje militêr sou optree, moes teleurgesteld aanvaar dat Brittanje nie militêre geweld as oplossing vir die Rhodesiese probleem gesien het nie (Martin: 1981, 72). Brittanje se militêre vermoë was nooit ter sprake of het enige rol gespeel in die besluit nie. Brittanje se militêre begroting was 400 keer groter as dié van Rhodesië. In 1965 het Brittanje bykans 150 000 soldate in gebiede dwarsoor die wêreld ontplooi; 58 000 naby die Suezkanaal, 62 000 in Duitsland, 23 000 in die Middellandse See en 9 000 in ander gebiede. Daar was dus min twyfel oor die militêre slaankrag van Brittanje. Dit is dan ook so gestel deur Jeremy Thorpe tydens 'n parlementsitting in Brittanje: "it would be a fantastic position if this country were incapable of putting down a rebellion of a population the size of that of Portsmouth - for this country with its tremendous imperial past and its present Commonwealth tradition" (Good: 1973, 56).

Wilson het egter by geleentheid gesê: " ...... it would not be a case of arresting a subversive individual. It would

mean a bloody war- and probably a bloody war turning into a bloody civil war" (Good: 1973, 56).

Wilson het ook in 'n private gesprek gesê: "It could be done, but I don't know how large the war would be" (Good: 1973, 61).

Brittanje was ook na sy ervaring tydens die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) nie begerig om weer in 'n uitgestrekte oorlog betrokke te raak nie. Tydens dié oorlog moes Brittanje 450 000 soldate inspan met 'n lewensverlies van 21 942 man, om 34 000 Boere te onderwerp (Meintjes: 1976, 184).

Die Rhodesiese militêre vuis moes derhalwe nie buite rekening gelaat word nie. Na die ontbinding van die Federasie, is die Federale lugmag oorgedra na die Rhodesiese weermag (Martin: 1981, 72). Dit het Rhodesië gehelp om 'n stewige militêre struktuur op te bou. In 1965 het die Royal Rhodesian Air Force gespog met ses eskaders vliegtuie, wat 50 operasionele Hunter en Vampire-vegvliegtuie en Canberra-bomwerpers ingesluit het. Die lugmag het verder beskik oor 'n eskader Franse helikopters, Dakota-vegvliegtuie en Provost-verkenningsvliegtuie (Good: 1973, 56).

Die Royal Rhodesian Air Force is ondersteun deur leër-eenhede van ongeveer 4 000 man, van wie 1 000 Swartes was. Die eenhede is verder versterk deur die British South African Police, 'n eenheid wat dateer uit die dae van Cecil John Rhodes se British South African Company. Die eenheid was 6 400 lede sterk. Die eenheid het beskik oor gepantserde voertuie en para-militêre magte. Gesamentlik, weermag en polisie, kon Rhodesië 'n mag van oor die 20 000 lede op die been bring.

Die lojaliteit en moraal van die Rhodesiese eenhede was bo enige verdenking. Slegs generaal-majoor John Anderson het op aandrang van Smith bedank (Wilson: 1974,200). Sy plek is ingeneem deur brigadier Rodney Putterill en vise-admiraal Harold Hawkins, wat onderskeidelik bevel oorgeneem het van die leër en die lugmag (Good: 1973, 57).

Hoewel die Briste regering geweld afgekeur het om die Rhodesiese kwessie op te los, het hy dit tog by geleentheid oorweeg. Die Britse regering het nâ die verklaring van UDI by die Britse militêre attachê in Rhodesië aangeklop vir raad in die verband. Die militêre attachê, wat op 'n persoonlike vlak met die Rhodesiese militêre bevel verkeer het, sou begryplikerwys enige militêre aksies afgekeur het (Loney: 1975, 144).

Die primêre redes waarom Brittanje nie militêr opgetree het nie het om logistieke en politieke redes gewentel.

Die logistieke redes was eenvoudig. Rhodesië is meer as 800 km van die see geleë en is grotendeels omring deur state wat hom simpatiek gesind was. Suid-Afrika se teenwoordigheid en simpatie het in die verband bygedra tot die besluit om nie militêr betrokke te raak nie. In November 1968 het George Thompson aan 'n groep ZANU-leiers gesê: "I have no doubt that they, South Africa, would fight. I have had several meetings with South African officials and I am left in no doubt that South Africa would fight" (Loney: 1975, 140). Die Britse minister van buitelandse sake belas met Statebondsbetrekkinge, Cledwyn Hughes, het in 'n onderhoud verklaar dat Britse militêre ingryping ongetwyfeld Suid-Afrikaanse betrokkenheid sou beteken (Loney: 1975, 140).

Die finale argumente teen die aanwending van militêre metodes het 'n meer eksplisiete politieke rede gehad. Harold Wilson het die verkiesing in Oktober 1964 met 'n klein meerderheid van slegs vyf setels gewen (Wilson: 1974, 21). Binne 'n bestek van vier maande is die Arbeidersparty se voorsprong verklein na slegs drie setels. In een stadium, op 7 November 1965, slegs vier dae voor UDI, het die grens gekrimp na slegs een setel. Indien die Arbeidersparty die

twee komende tussenverkiesings sou verloor, sou hy sy meerderheid in die parlement verloor het. Om te regeer in sulke omstandighede was uiters moeilik.

Die feitlike situasie was dus dat die beskikbare middele om UDI te beëindig weens logistieke en politieke redes buite die grense van geweld gelê het. Daarom is besluit om 'n omvattende ekonomiese boikot teen Rhodesië in te stel.

Brittanje se oogmerk was dat die verbod op goedere nie Rhodesië moet dwing nie, maar oortuig van sy sinnelose onafhanklikheidsverklaring (Good: 1973, 53). Brittanje se eerste stap was daarop gemik om Rhodesië uit die sterling-gebied te verban, om die Statebonds-voorkeurhandel met Rhodesië te beëindig, om Rhodesië van die Statebond-suiker-kontrak te verwyder en handel in Rhodesiese tabak en suiker op te skort. Daarby het Brittanje nege miljoen pond in Londense banke bevries, en Britse bystand aan Rhodesië, insluitend die voorsiening van wapens en militêre toerusting, beëindig (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 13). Deur die toepassing van bogenoemde ekonomiese strafmaatreëls, wou Wilson die Rhodesiese ekonomie kniehalter, "to bring them to their knees" (Good: 1973, 140).

Koningin Elizabeth het ook op advies van die parlement sekere aktes onderteken wat die verhouding tussen Rhodesië en Brittanje bepaal het, naamlik:

*Die Southern Rhodesia (Fugitive Offenders Act, Order), verhoed die terugsending van beweerde vlugtelingoortreders na Rhodesië, behalwe as die minister van binnelandse sake hulle terugsending wenslik ag. Die akte is geteken op 17 November 1965.

*Southern Rhodesia Constitution Order, 1965. Klousule twee en drie verklaar dat alle bevele uitgevaardig deur Ian Smith en die voormalige Rhodesiese regering sedert 11 November ontwettig is. Die akte is ook op 17 November 1965 onderteken. Klousule vier tot ses magtig die minister van buitelandse sake belas met Statebondsbetrekkinge, om die uitvoerende gesag uit te oefen in Rhodesië. Op hierdie wyse is daar gesorg dat regering in Rhodesië sou bly voortbestaan, al word die goewerneur verhinder om sodanig te funksioneer. Dit is ook bedoel om die däärstelling van 'n rebelleregering of 'n bannelingregering te verhoed (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 14).

*<u>Southern Rhodesia, British Nationality Act 1948, Order 1965</u> vergemaklik burgerskapaansoeke deur lojale Rhodesiese burgers by die Verenigde Koninkryk.

*<u>Southern Rhodesia, Commonwealth Immigrant Act 1962, Order 1965</u>. Rhodesiërs wat Britse paspoorte besit, word onderhewig gemaak aan immigrasiebeheer.

*<u>Southern Rhodesia, Property in Passport, Order 1965</u> magtig Britse immigrasiebeamptes om paspoorte deur die onwettige Rhodesiese regering uitgereik, te konfiskeer.

## 1.4 DIE INTERNASIONALE REAKSIE OP DIE EENSYDIGE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING

Reaksie op die eensydige onafhanklikheidsverklaring het onmiddellik vanuit alle wêrelddele gekom. Vanaf die lees van die proklamasie op 11 November 1965 deur Ian Smith, het Rhodesië homself in die internasionale "koue" bevind (Bowman: 1971, 405). Die Britse minister van Buitelandse Sake het beweer: "that the Rhodesian crises affected the whole of mankind and the peace in the world" (Wilson: 1974, 200).

### 1.4.1 Die V.V.O.

Die gebruik van militêre geweld om UDI in Rhodesië te beeïndig, is 'n maatreël wat die steun van bykans al die

lande van die Derde Wêreld geniet het. Dit was reeds duidelik in die resolusie wat die VVO se Algemene Vergadering op 5 November aangeneem het: "it called on Britain to use all means including force to achieve majority rule in Rhodesia" (Loney: 1975, 139). Op 11 November 1965 het die Algemene Vergadering 'n verdere resolusie met slegs 2 teenstemme aanvaar waarin 'n dringende versoek dat Brittanje gerig is "to take all necessary steps to put an end to the rebellion by the unlawful authorities in Salisbury" (Loney: 1975, 139).

Op 18 November het die Algemene Vergadering 'n resolusie aanvaar, waarin 'n beroep gedoen is op alle lidlande om nie die status van Rhodesië te erken nie: "and tot refrain from any action which could assist and encourage the illegal regime and, in particular, to desist from providing it with arms, equipment and military supplies, and to do their utmost in order to break all economic relations with Southern Rhodesia, including an embargo on oil and petroleum products (Bowman: 1971, 395). 'n VVO-resolusie wat in April 1966 deur die Algemene Vergadering geloods is het dan ook vir 'n olieboikot teen Rhodesië voorsiening gemaak (Meredith: 1979, 57). Brittanje het in die verband 'n blokkade op Beira in Mosambiek toegepas waardeur Rhodesië normaalweg sy olie deur middel van 'n pyplyn na Umtali gepomp het. Suid-Afrika het deur middel van padvervoer egter in 'n groot mate in Rhodesië se behoeftes voorsien, en so die angel uit die olieboikot gehaal (Loney: 1975, 149).

Brittanje het die VVO se hulp aangevra vir verskerpte maatreëls op handelsgebied teen Rhodesië. Harold Wilson was in die verband van mening: "Economic and financial sanctions might well bring the rebellion to and end within a matter of weeks, rather months" (Good: 1973, 34).

Toenemende druk is egter deur die Afro-Asiatiese blok op die VVO toegepas om volledige sanksies teen Rhodesië in te stel en dit dan ook uit te brei na Suid-Afrika. 'n Volgende voorstel het die gebruik van geweld as verdere maatreël bevat. Brittanje was nie bereid om die voorstelle te bespreek nie.

1.4.2 Die OAE

Met verwysing na die Rhodesiese eensydige onafhanklikheidsverklaring het President Nyerere van Tanzanië gesê "UDI represents an advance by the forces of racialism, fascism and, indeed, colonialism in Southern Africa" (Bowman: 1971, 420).

Op grond van Brittanje se hantering van die eensydige onafhanklikheidsverklaring het die Afrika-state deur middel van die OAE 'n verbreking van diplomatieke bande met Brittanje bepleit.

Die reaksie was egter beperk, want slegs nege Afrikastate het hul bande met Brittanje verbreek.

1.4.3 Die USSR en die VSA

Die Russiese koerant Izvestia was op straat in Moskou slegs twee ure nadat Ian Smith, UDI verklaar het. Onder die hoofberig "Onafhanklikheid - Rassistiese Styl" het die Russiese koerant UDI beskryf as 'n monsteragtige misdaad en 'n uitdaging van die wêreldmening. Izvestia het verklaar dat UDI "took place with the clear connivance of England" (Good: 1973, 23). Radio Moskou het ook aangekondig dat die Sowjet-Unie Afrika sal ondersteun in sy stryd teen die Rhodesiese rassiste.

In Texas het president Lyndon Johnson die nuus uit Salisbury ontvang. Na 'n spesiale ontmoeting met die kabinet, het die minister van buitelandse sake, Dean Rusk, namens die president gesê dat hulle die ontwettige verkryging van politieke mag in Rhodesië veroordeel. Onmiddellike stappe is gedoen om die verkoop van 36 lokomotiewe van £10 miljoen aan Rhodesië te kanselleer.

'n Segsman van die Amerikaanse regering het laat blyk dat die VSA in gesprek sal tree met die Britse regering oor die aangeleentheid. Rusk het verklaar dat die VSA aan Brittanje laat weet het dat hy (VSA) op geen wyse erkenning gaan gee aan Rhodesië nie (Good: 1973, 23).

1.4.4. Zambië en Malawi

Rhodesië en vroeëre vennote in die Federasie, Njassaland (Malawi) en Noord-Rhodesië (Zambië), se optrede teen Rhodesië nâ UDI het aansienlik verskil.

Zambië was heftig gekant teen die Rhodesiese onafhanklikheidsverklaring.

Zambië, het onmiddellik 'n noodtoestand afgekondig en soldate na die grens met Rhodesië gestuur (Loney: 1975, 155).

Die spanning tussen Rhodesië en Zambië kon Zambië net tot groot nadeel strek. Dit sou onmiddellik Zambië se steenkool uit Rhodesië afsny. Die steenkoool was onder andere lewensbelangrik vir die Zambiese spoorweë en krageenhede. 'n Gebrek aan krag sou die nywerhede feitlik tot stilstand dwing. Dit sou ook Zambië se kragtoevoer vanaf die Karibadam beëindig. Alhoewel die Karibadam deur beide Zambië en Rhodesië gebou is, met finansiering van die Wêreldbank, is die kragstasie geleë aan die Rhodesiese kant van die Zambesi. Zambië was vir 70% van sy kragvervoer aangewys op die Karibadam (Good: 1973, 88).

Zambië se spoorlyn, sy naelstring met die wêreld sou verder sy kwesbaarheid illustreer. Al Zambië se koperuitvoere,

asook 95% van sy invoerprodukte, word langs 'n spoorlyn vervoer wat doeltreffend deur Rhodesië beheer kan word. Die rede hiervoor is dat die sproorlyn vanaf Zambië oor die Victoria-Waterval strek wat Zambië met Rhodesië verbind, deur Rhodesië na Suid-Afrika en die buitewêreld. Ineengestrengel met die ekonomiese struktuur van Rhodesië het Zambië se industrieë en handel sterk onafhanklik van Rhodesië ontwikkel. Zambië het geen ander handelsvennoot as Rhodesië gehad nie (Meredith: 1979, 113).

Malawi, aan die ander kant, is nie so swaar getref nie vanweë sy onbetrokkenheid met betrekking tot die eensydige onafhanklikheidsverklaring. President Banda se gematigde houding was deels daaraan toe te skryf dat 'n groot aantal van sy onderdane as trekarbeiders in Suid-Afrika en Rhodesië 'n heenkome moes vind.

### 1.4.5 Die Republiek van Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, verklaar dat dit van buitengewone belang is vir Suid-Afrika dat sy normale verkeer met Rhodesië soos in die verlede moet voortgaan. Die aard van hierdie onderlinge verkeer was sodanig dat dit volgehou sou word, wie ookal die gesag in Rhodesië sou uitoefen (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 14).

Hy het voorts gesê dat die Regering van die Republiek dit nie eens is met die optrede van die Britse regering deur steun van die VVO te vra nie. Deur hierdie handelswyse word alle lede van die Verenigde Volke, insluitende Suid-Afrika, betrek in 'n aangeleentheid wat deur die Britse regering as 'n Britse huishoudelike saak beskou was. Die Regering van die RSA het konsekwent en ondubbelsinnig verklaar dat die grondslag van sy beleid was om vriendskapsbande met alle naburige state, Wit of Swart, te handhaaf. Die eerste minister het vervolg: "Ek het herhaaldelik ons volk se welwillendheid teenoor die volk van Rhodesië beklemtoon, hierdie welwillendheid en vriendskaplike verhoudinge bly onveranderd. Die Suid-Afrikaanse regering het met voorbedagte rade hom weerhou van enige tussenkoms of kommentaar op die onderhandelinge tussen die Britse en Rhodesiese regerings, wat in ooreenstemming is met die regering se buitelandse beleid" (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 15).

Dr. Verwoerd het ook gesê die Regering van die RSA het die feit dat ander regerings dit nodig vind om in ander lande se huishoudelike sake in te meng, afgekeur en doen dit nog. Die Republiek sal sy beleid van nie-inmenging steeds voortsit. In ooreenstemming hiermee sal geen beskouing gegee word van ôf oor die Britse ôf oor die Rhodesiese argumente

in verband met die saak nie. Die Republiek sal voortgaan om steeds vriendskapsbande met beide lande te handhaaf. Die Republiek kan nie deelneem aan maatreëls soos boikotbewegings nie. Sy verklaarde beleid was nog altyd dat boikotte in beginsel verkeerd is. Sodoende handel Suid-Afrika nie alleenlik in ooreenstemming met die beginsels van sy beleid nie, maar ook in ooreenstemming met die beginselstandpunt teen boikotte wat hy dikwels onomwonde uitgespreek het teen die wêreld se belangrikste state (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 15).

In private hoedanigheid is dr. Verwoerd aangehaal: "I have offered advice to three Rhodesian premiers. The first two were wise enough to take it" (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 15). ŉ Vooraanstaande koerant in Suid-Afrika het voorspel: "that the gravest trouble would come to white rule South Africa from this hotheaded and ill considered action by Mr. Smith (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1966, 15).

Dit was bekend dat die Suid-Afrikaanse Regering UDI as ŉ onnodige en doellose stap beskou het. Die Suid-Afrikaanse Regering het die mening gehuldig dat Rhodesië ŉ voldoende vlak van selfregering geniet het. Die onafhanklikheidsverklaring het onnodiglik Rhodesië in ŉ internasionale krisis gedompel. Die stap is deur Suid-Afrikaanse politici

gesien as 'n geleentheid wat deur die Afrikalande gebruik sou word in hul stryd teen "rassisme" en "kolonialisme". Dit het ook vir die Afrikalande 'n uitstekende geleentheid gebied om ook internasionale druk teen Suid-Afrika op te bou (Bowman: 1971, 242).

Dr. Verwoerd se diplomatieke hantering van die Rhodesiese kwessie is verduidelik in 'n hoofberig in Die Burger. Die berig lui dat Suid-Afrika se posisie delikaat was, omdat hy beskuldig kon word van ekonomiese hulp aan Rhodesië en sodoende ook 'n slagoffer kon word in die toepassing van ekonomiese boikotte.

Onmiddellik nā UDI het Suid-Afrika 'n tydelike opheffing van transaksies insluitend die geldhandel met Rhodesië, aangekondig. Dit het 'n ligte opskudding veroorsaak, maar 'n paar dae later is die beperkings opgehef en kon die geldhandel tussen die RSA en Rhodesië normaal voortgaan.

Suid-Afrika het dan ook ekonomiese steun aan Rhodesië gegee in die periode nā die eensydige onafhanklikheidsverklaring. Die redes hiervoor is 'n verstaanbare simpatie vir die Rhodesiërs, maar veral ook omdat Suid-Afrika aan die wêreld wou bewys dat ekonomiese boikotte in werklikheid oneffektief

is om sodoende te verhoed dat soortgelyke maatreëls teen Suid-Afrika ingestel word (Meredith: 1979, 59).

In die begin van die Volksraadsitting in Januarie 1966, het Sir de Villiers Graaff, leier van die VP, by dr. Verwoerd aangedring dat die RSA Rhodesië "de facto" moet erken (Van der Walt: 1969, 606). Sir de Villiers het dit duidelik gestel dat die toekoms van Suid-Afrika en Rhodesië nou verweef is en dat dit belangrik is dat Blanke politieke beheer steeds uitgeoefen moet word. Met die oog op die komende verkiesing in Suid-Afrika, het hy by die Regering aangedring op diplomatieke erkenning om so simpatie vir Rhodesië te toon (Good: 1973, 22).

1.4.6 Portugal

Portugal het deur middel van sy beheer oor Mosambiek en Angola ook 'n direkte belang gehad in die UDI-aksie van Smith. Die reaksie vanaf Lissabon was egter baie neutraal. In New York tydens die VVO-vergadering, het Portugal se minister van buitelandse sake, Franco Nogueira, geen kommentaar gelewer oor die voorgenome erkenning van Rhodesië, of 'n deelname aan die ekonomiese boikotte nie. Waarnemers het egter laat blyk dat deur middel van sterker handelsbande in voorafgaande maande, die bande tussen Rhodesië en Portugal verstewig het. In Rhodesië het 'n segsman van die Portugese

konsulaat gesê dat hulle geen rede sien om die konsulaat te sluit nie, en dat dit oop sou bly soos in die verlede (Good: 1973, 23).

## 1.5 DIE GEVOLGE VAN DIE STRAFMAATREËLS VIR RHODESIË

Aanvanklik was die boikotte se impak groter as wat Smith voorspel het. Hy het UDI die "threeday wonder" genoem omdat hy onder die indruk was dat as UDI die Vrydag verklaar sou word die reaksie (indien enige) die Maandag verby sou wees. Smith het egter daarna erken dat die "wonder" steeds voortduur (Meredith: 1979, 55).

Gedurende sy toespraak op 11 November het hy gemeen dat UDI "korttermyn ekonomiese nadele" vir Rhodesië kon inhou, maar dat die toekoms voorspoed vir almal sou bring. Hy kon nie voorsien dat die wêreld sou verenig om die ekonomie van 'n ander land te vernietig nie. In die lig van die optredes teen Rhodesië is die nodige ekonomiese aanpassings gemaak sodat die invoer- en uitvoerhandel in balans kon bly.

Die uitvoernywerheid het wel 'n knou gekry. Invoere het redelik binne die norm van buitelandse handelsverdienstes gebly. Die groeikoers het 'n groei getoon, na die aanvanklike

terugslag. Intussen is daar 'n uitweg gesoek om ontslae te raak van die oorskot tabak en suiker (Good: 1973, 83). Doeaneregte op suiker het die prys van die produk laat styg. Die sukses van die sanksies was hoofsaaklik geleë in die effektiewe boikot op Rhodesiese tabak. John Wrathall, Rhodesiese minister van finansies, het in sy 1970/71-begrotingsrede onthul dat die regering se verlies aan tabakuitvoere £9,5 miljoen was en 'n verdere £24,5 miljoen is gespandeer om tabakboere te subsidieer (Bowman: 1971, 398). Die Rhodesiese goudproduksie van sowat £7 miljoen per jaar, is van die wêreldmark onttrek om die Rhodesiese reserwes te versterk.

Wilson se tweede reeks boikotte, spesifiek die oorneem van die Rhodesiese Reserwebank onder die voorsitterskap van Sir Sidney Cane, het die Smith-regering onverwags betrap. Die minister van finansies, John Wrathall, het op 6 Desember gesê dat Rhodesië in 'n staat van oorlog verkeer en veg vir oorlewing. Dit het 'n ekonomiese geskarrel veroorsaak. Tydens 'n radioboodskap op 8 Desember het Smith erken dat die stap ernstig was en tydelike skade gebring het. Die verlies van £9 miljoen was egter meer as wat hy bereid was om te erken. Smith het egter gesê: "As Mr. Wilson has filched our bank reserves, I am sure he will accept the responsibility attached thereto, and meet our international financial obligations" (Good: 1973, 84).

Smith het ook planne aangekondig om die probleme van werkloosheid, wat as gevolg van die sanksie ontstaan het, die hoof te bied. Die Rhodesiese regering het 'n reeks stappe gedoen om interne hulp te verleen. Onder andere is kredietmaatreëls vir boere geskep, die handelsbanke het onder gunstiger omstandighede lenings beskikbaar gestel, laer belastings is gehef op invoergoedere en ook die beskikbaarstelling van Britse fondse, wat binne Rhodesië gebly het, as lenings.

Die toekoms het egter onseker gebly. Valuta-reserwes in Rhodesië het met 25% gekrimp in een maand. Die olieboikot in middel Desember het nuwe probleme geskep. Dit het gelei tot 'n algemene tekort aan brandstof. Die Rhodesiese Yster- en Staal-maatskappy is gedwing om twee van sy drie aanlegte te sluit voor die einde van Januarie. Die motornywerheid is gedwing om heelwat werkers te ontslaan, veral Swart werkers. Die Dunlop-bande -maatskappy moes sy werkweek verkort na vier dae as gevolg van die verlies van Oos-Afrika en Zambië as belangrike afsetgebiede. Om die ekonomie nog verder te verswak, het 'n knellende droogte die afmetings van 'n nasionale ramp begin aaneem. Die voorsitter van Barclaysbank het voorspel dat Rhodesië se ekonomie merkbaar die effek sou voel, terwyl die President van die Sakekamer 'n werkloosheidsyfer van 4 000 Blankes voorspel het.

Op Kersdag het Ian Smith 'n ope brief aan die Britse volk gerig. Hy het Brittanje herinner aan die oorlog toe Brittanje en Rhodesië 'n gemeenskaplike bedreiging die hoof gebied het. Daarna het hy 'n pleidooi gerig tot die Britse volk om 'n einde te maak aan die strafmaatreëls wat net bitterheid en blywende gevoelens agterlaat. Smith het afgesluit deur te sê dat Rhodesië nooit sal oorgee aan geweld en intimidasie nie (Good: 1973, 85).

Die statistiek om die inpak van die strafmaatreëls teen Rhodesië te bepaal, is onbetroubaar en bestaan in sommige gevalle gladnie. Daar was feitlik 'n statistiese vakuum in Rhodesië. Vanaf November 1965 tot vroeg 1967. Nieteenstaande dit kan sekere algemene afleidings gemaak word: Bowman haal soos volg aan:

"SELECTED ECONOMIC INDICATORS FOR RHODESIA 1964-1969 (MILLION POUNDS)" (Bowman: 1971, 397).

| | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GROSS DOM. PRODUCT AT FACTOR COST | 326,4 | 352,1 | 342,7 | 369,6 | 389,9 | 432,8 |
| EXPORTS | 140,6 | 164,7 | 103,9 | 100,6 | 103,5 | 110,0 |
| IMPORTS | | | | | | |
| CONSUMER PRICE INDEX | 110,0 | 119,8 | 84,7 | 93,5 | 103,5 | 110,0 |
| AFRICAN | | 102,5 | 105,7 | 107,2 | 109,7 | n.a. |
| EUROPEAN | | 101,7 | 104,3 | 106,4 | 108,7 | n.a. |

Die streng ekonomiese maatreëls wat gevolg het op die ekonomiese boikotte teen Rhodesië, het ook 'n positiewe uitwerking gehad. Die Blankes het besef dat hulle sal moet verenig om die ekonomiese bedreiging die hoof te bied. 'n Sterk eenheidsgevoel het onder die Blankes ontstaan om die uitwerking van die ekonomiese boikotte te neutraliseer. Smith het sy volk aangespoor in 'n reeks toesprake dwarsoor Rhodesië, selfs tot op die Mosambiekse grens (Die Volksblad: 18 September 1977). Die sterk samewerkingsgevoel het dramaties bygedra om die eksterne ekonomiese bedreiging te laat afneem.

## 1.6 SLOT

Die destabiliseringsmaatreëls wat Brittanje toegepas het op Rhodesië, het op drie aannames berus. Eerstens moes die boikotte suksesvol wees; tweedens moes die Rhodesian Front se struktuur ineenstort onder die druk en laastens sou Smith moes wegbreek van die Rhodesian Front en met 'n nuwe party leiding aan die Rhodesiërs verskaf wat 'n nouer verbintenis met Brittanje verlang het (Bowman: 1971, 410).

Die veronderstelling het egter vele gebreke getoon. Brittanje het min hoop gehad op 'n ineenstorting van die Rhodesiese ekonomie. Die ekonomiese weerstand in Rhodesië teen die boikotte het juis die oneffektiwiteit van die boikotte

getoon. Suid-Afrika het ook met sy voortgesette hulp aan Rhodesië die sanksieveldtog laat misluk (Meredith: 1979, 58).

Die aanvaarding van 'n standpunt dat ekonomiese druk die Rhodesian Front sou destabiliseer en uiteindelik laat skeur, was blote wensdenkery. Smith se posisie binne die Rhodesian Front het ook redelik onaantasbaar gebly. Verder was daar geen sekerheid dat die Rhodesiese volk Smith sou steun nâ 'n skeuring met die Rhodesian Front nie (Bowman: 1971, 411).

Brittanje se enigste oorblywende hoop was op interne verset. Die Swart nasionaliste in Rhodesië het egter skerp verdeeld gebly (Martin: 1981, 141). Geen eenvormige interne opposisie het na vore getree nie. Die Blanke opposisie in Rhodesië het baie min steun gehad onder die Blanke kiesers (Good: 1973, 79). Die Britse beroep op die regslui, weermag, polisie en die staatsdiens het nie 'n noemenswaardige uitwerking gehad nie. Niemand was bereid om sy loopbaan op die spel te plaas in die naam van konstitusionele herstel of lojaliteit aan die kroon nie. Die kroon het aan hulle min belowe en min gevra (Bowman: 1971, 11).

Wanneer die Britse strategie teenoor Rhodesië ontleed word, is daar slegs twee verklarings daarvoor. Eerstens het Brittanje werklik geglo dat Smith sou breek met die Rhodesian Front, die Britse propaganda het Smith dan ook voorgestel "as an honest but misguided man who is a prisoner of

some very racialist and Fascist-minded people" (Bowman: 1971, 410). Die ander alternatief was dat Brittanje geen konkrete strategie gehad het om verandering in Rhodesië te bring nie, en dat die poging 'n skoot in die donker was.

In die lig hiervan moes Wilson sy aanvanklike siening met betrekking tot die oplossing van die probleem laat vaar. Die enigste alternatief wat oorgebly het, was gesprekvoering met die Rhodesiese regering.

# HOOFSTUK III

## GRONDWETLIKE VOORSTELLE EN DIE SAMESPREKINGS TUSSEN BRITTANJE EN RHODESIË OOR DIE PERIODE 1966-1971

### 1.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat die ekonomiese boikotte teen Rhodesië, wat veronderstel was om Smith as leier te verwyder en Rhodesië terug te laat keer tot konstitusionele herstel, nie geslaagd was nie. Op grond hiervan het Wilson besluit om verdere gesprekvoering aan te wend om vas te stel of daar enige basis vir 'n vergelyk met betrekking tot Rhodesië se konstitusionele problematiek gevind kon word.

In die hoofstuk sal daar aan die samesprekings tussen Brittanje en Rhodesië oor die periode April 1966 tot 1971, sowel as die grondwetlike voorstelle om Rhodesië se onafhanklikheidsvraagstuk op te los, aandag geskenk word.

### 1.2 "TALKS ABOUT TALKS"

Die "koue oorlog" tussen Brittanje en Rhodesië is beëindig deur die inisiatief wat deur Goewerneur Gibbs aan die dag gelê is. Op 19 April 1966 het Smith en Gibbs mekaar ontmoet. Tydens die ontmoeting het Smith sy bereidwilligheid uitgespreek om samesprekings

te voer "to settle the present situation" (Good: 1973, 151).

Die gesprek tussen Smith en Gibbs is opgevolg deur 'n besoek van J. Oliver Wright, Wilson se sekretaris, aan Smith. Oliver Wright het teruggerapporteer aan Wilson dat die situasie positief lyk vir gesprekvoering tussen die Britse en Rhodesiese regerings (Good: 1973, 151).

Smith het op 26 April 1966 in die Rhodesiese Parlement aangekondig dat hy bereid was om onvoorwaardelik met Brittanje oor die onafhanklikheidskwessie te onderhandel.

Op 27 April 1966 kondig Wilson in die Britse Laerhuis aan dat gesprekvoering binnekort met verteenwoordigers van die "rebelle-regering" sal plaasvind: "I make it plain that these are not negotiations. Her Majesty's Government are not negotiating with the illegal regime. These are informal talks to see whether there is a basis on which proper negotiations could take place" (Wilson: 1974, 330).

Die twee regerings het vanaf 8 Mei 1966 tot 5 Julie 1966 met mekaar samesprekings gevoer. Op 5 Julie 1966 moes Wilson aankondig dat die samesprekings gestaak is om weer 'n geheel perspektief te kry van die

situasie. Die fundamentele verskilpunt waarop die samesprekings misluk het, was óf Rhodesië sou terugkeer tot konstitusionele herstel óf 'n ooreenkoms uitgewerk sou word vir Rhodesiese onafhanklikheid. Brittanje het die eerste alternatief voorgestaan en Rhodesië die tweede (Good: 1973, 159).

Op die fundamentele verskilpunt het die samesprekings weer op 22 Augustus misluk (Wilson: 1974, 432). Verwikkelinge in Rhodesië het ook 'n belangrike invloed op Smith se houding in die samesprekings gehad. Op 21 Julie het John Wrathall, die Rhodesiese Minister van Finansies, 'n positiewe begroting aangekondig. In die lig hiervan was dit duidelik dat die Rhodesiese ekonomie 'n stewige herstel getoon het. Die Rhodesian Front-party het ook druk op Smith bly toepas. Hy verklaar dan ook dat geen spoedige oplossing nodig is nie: "We will continue to work things so that, as long as necessary - and there is no time-limit on this - civilized hands will hold the reins" (Good: 1973, 161).

Wilson het openlik sy teleurstelling met Smith se houding uitgespreek. Wilson het vervolgens die persone wat namens Brittanje samesprekings gevoer het uit Salisbury onttrek (Wilson: 1974, 432).

## 1.3 DIE STATEBONDSKONFERENSIE - 6 SEPTEMBER 1966

Wilson het deeglik besef dat die Statebondskonferensie, wat gevolg het nā die Rhodesiese samesprekings, die mees kritieke samekoms gaan wees in die organisasie se geskiedenis.

Hy het sy openingsrede gewy aan die Rhodesiese kwessie. Hy het aan twee-en-twintig Statebondspremiers verduidelik dat die ekonomiese boikotte nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Wilson het ook die Statebondspremiers ingelig oor die aard van die gesprekvoering tussen Brittanje en Rhodesië. Volgens hom was die gesprekvoering informeel en verkennend van aard (Wilson: 1974, 366).

Die konferensie is nā Wilson se boodskap gekenmerk deur 'n reeks retoriese aanvalle deur die Afrika-afgevaardigdes. Die Statebond se voortbestaan was sterk in die gedrang.

Nā die aanvanklike militantheid, het die Afrika-lande 'n interessante frontverandering ondergaan en 'n meer gematigde toon begin inslaan. Die pleidooi vir NIBMAR ("no independence before majority rule") het die eis om geweld geleidelik vervang. Die NIBMAR-eis is diplomaties deur die Kanadese premier, Lester Pearson, in 'n ooreenkoms vervat wat op 15 September

1966 deur die Statebondsleiers aanvaar is (Bowman: 1971, 415).

Die ooreenkoms wat 'n skikking voor 30 November 1966 vereis het, het so gelees in sy finale vorm:

"The heads of government ... noted that the British Government proposed immediately to communicate it's intentions ... through the Governor to all sections of opinion in Rhodesia and to inform the illegal regime there that if they are not prepared to take the initial and indispensable step whereby the rebellion is brought to an end and executive authority is vested in the Governor the following related consequences will ensue:

(a) The British Government will withdraw all previous proposals for a constitutional settlement which have been made; in particular, they will not thereafter be prepared to submit to the British Parliament any settlement which involves independence before majority rule.

(b) Given the full support of Commonwealth representatives at the United Nations, the British Government will be prepared to join in sponsoring in the Security Council of the United Nations before the end of this year a resolution providing for

effective and selective mandatory sanctions against Rhodesia" (Wilson: 1974, 370).

Gedurende 'n perskonferensie kort na die Statebondskonferensie, het Wilson met verligting verwys na die krisis wat betyds afgeweer is: "The Commonwealth has been tested in the hottest of flames and it has survived" (Good: 1973, 177).

1.4 BOWDEN SE BESOEKE AAN RHODESIË

Ironies het die inisiatief vir verdere samesprekings vanaf Brittanje gekom. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die belofte wat Wilson tydens die Statebondskonferensie gemaak het (Bowman: 1971, 414).

Smith het egter sy twyfel uitgespreek oor die nuwe inisiatiewe: "The British Government has shifted positions. Despite subterfuge and camouflage, it cannot be denied that they are having discussions with our Government to see if they can find a way out of this predicament" (Good: 1973, 77).

Die nuwe reeks samesprekings is in Salisbury ingelui met die besoek van Herbert Bowden, Britse Minister van Statebondsaangeleenthede (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1970, 269). Die samesprekings tussen Smith

en Bowden het tien dae geduur. Dit is op 28 September 1966 beëindig toe Bowden uit Salisbury vertrek het. In Oktober 1966 het hy egter weer 'n besoek aan Salisbury gebring.

Bowden se aide-mémoire het die teenstrydighede in die twee partye se benaderings uitgewys. Eerstens het Brittanje daarop aangedring dat die "rebellie" moes eindig en dat 'n oorgangsregering wat Swartes sou insluit, aangewys moes word deur die Britse goewerneur. Brittanje sou dan met die betrokke regering onderhandel oor 'n nuwe grondwet en die toets vir die aanvaarding daarvan (Good: 1973, 179).

Smith wou egter hê dat Brittanje met die bestaande Rhodesiese regering oor 'n nuwe grondwet moes beraadslaag. Die aanvaarding van die grondwet moes daarna getoets word, en dan kon die Britse regering sy finale goedkeuring gee.

Verdere verskilpunte tussen die regerings was ten opsigte van die veiligheidsmagte en die politieke aangehoudenes. Die Britse regering wou dat die veiligheidsmagte trou moes sweer aan die Britse Goewerneur en dat politieke aangehoudenes vrygelaat moes word om voort te gaan met politieke aktiwiteite. Rhodesië het beide voorstelle teengestaan.

Die enigste beginsel waaroor 'n mate van ooreenkoms bereik was, is dat 'n gewysigde vorm van die 1961-konstitusie die konstitusionele ooreenkoms moes vorm. Daar was egter inhoudelik heelwat verskilpunte oor die vertolking van die 1961-konstitusie (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1970, 269).

Teen 4 November het die Rhodesiese regering 'n uitnodiging aan Bowden gerig vir 'n nuwe ronde samesprekings. Brittanje het egter nie hierop gereageer nie.

Op 22 November 1966 het Ian Smith aan 'n Nieu-Seelandse joernalis verklaar dat hy bereid was om Britse leiers in Londen of Salisbury te ontmoet. Daarna het mnr. Smith aan die Rhodesian Sunday Mail gesê dat die Rhodesiese kwessie slegs deur hom en Wilson opgelos kan word, "but Mr. Wilson won't talk to me" (Good: 1973, 181). Die Britse eerste minister het so hierop gereageer: "I shall be very happy to meet Mr. Smith or any other Prime Minister of Rhodesia - ... when Rhodesia has returned to constitutional rule" (Good: 1973, 181).

Teen die vierde week in November 1966 het die Rhodesiese kwessie op 'n dooiepunt afgestuur. Die sperdatum van 30 November 1966 wat op die Statebonds-

konferensie as ultimatum gestel is vir die bevredigende oplossing van die onafhanklikheidskwessie, was enkele dae weg. Ooglopend het die Rhodesiese kwessie afgestuur op die uitgestippelde strafmaatreëls (Wilson: 1974, 394).

Goewerneur Gibbs het egter 'n dringende versoek aan die Statebonds-Sekretaris gerig om Salisbury weereens te besoek. Wilson het in antwoord hierop op 24 November aangekondig dat Bowden weer na Rhodesië sou vertrek in 'n poging om die dooiepunt op te los. Die besoek het die belangrikheid van Wilson se belofte aan die Statebondslande beklemtoon dat die onafhanklikheidsvraagstuk voor 30 November 1966 afgehandel sou wees. Bowden moes die oggend van 28 November 1966 terugrapporteer aan die Britse kabinet. Wilson sou die inligting gebruik om dieselfde dag verslag te doen aan die Britse Laerhuis. Die Britse reaksie op die Rhodesiese voorstelle sou dan deur middel van 'n witskrif aan Rhodesië bekend gemaak word. Daarna sou 30 November en 1 Desember gereserveer word vir 'n parlementêre debat oor die onafhanklikheidskwessie.

Terselfdertyd sou die Statebondskomitee belas met die boikot-aksie vergadering om 'n strategie uit te werk vir VVO-steun in die beoogde universele boikotpoging teen Rhodesië (Good: 1973, 82).

Die samesprekings tussen Smith en Bowden het 2½ uur geduur, waarna Bowden na Brittanje teruggekeer het. Smith het die samesprekings as positief bestempel.

Dit het geblyk dat Smith gewillig was om 'n terugkeer na die 1961-konstitusie te oorweeg. Dit was vir Smith meer aanvaarbaar as 'n oorgangskabinet saamgestel deur die Goewerneur. Dit sou Smith ten volle in beheer laat in die geval van 'n aanvaarbaarheidstoets vir 'n nuwe grondwet (Good: 1973, 183). Die Goewerneur se verantwoordelikheid in die oorgangsfase is egter nie uitgewys nie.

## 1.5 SAMESPREKINGS OP DIE HMS TIGER

Die inisiatief vir voortgesette samesprekings het uit 'n muwe oord gekom. Die twee Rhodesiese "bondgenote", Suid-Afrika en Portugal, het agter die skerms druk uitgeoefen op Rhodesië om sy grondwetlike kwessie op te los. Veral die Portugese eerste minister, dr. Salazar, het in die verband 'n belangrike rol gespeel. Die samesprekings sou op 'n neutrale plek plaasvind. Smith en Wilson sou hul samesprekings op 'n Britse skip, die HMS Tiger, voortsit in 'n poging om die slepende kwessie bevredigend op te los (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1970, 269). Die vaart van die kruiser, die HMS Tiger, sou simbolies word van die samesprekings tussen

Brittanje en Rhodesië. Die kruiser sou vir twee-en-sewentig uur in die rondte tussen Gibraltar en Marokko vaar; 'n vaart in sirkels, sonder 'n vaste bestemming.

Brittanje is verteenwoordig deur Wilson, Herbert Bowden en die prokureur-generaal, sir Elwyn Jones. Die Rhodesiërs is verteenwoordig deur Smith, die Rhodesiese minister van inligting, J.H. Howman en die Rhodesiese prokureur-generaal, G.B. Clarke. Ook teenwoordig was Goewerneur Gibbs en die Rhodesiese Hoofregter, Sir Hugh Beadle (Good: 1973, 187).

### 1.5.1 Die ses beginsels:

Die vyf beginsels wat ter sprake was in Februarie 1965, (vgl. p39 - 42.) en wat Brittanje as onderliggend vir 'n skikking beskou het, het as basis vir die samesprekings gedien. Die beginsels is ook verbreed om vir 'n sesde beginsel voorsiening te maak.

'n Werksdokument is op grond van die ses beginsels voorberei, wat vir spesifieke veranderinge in die 1961-konstitusie voorsiening gemaak het ten einde die konstitusie vir ooreenstemming met die ses beginsels te bring (Bowman: 1971, 416). Dit het die volgende behels:

## DIE EERSTE EN TWEEDE BEGINSELS

Die eerste en tweede beginsels is saam gehanteer. Die beginsels het onderskeidelik betrekking gehad op die verandering na meerderheidsregering en 'n waarborg teen amendemente aan die grondwet. Om 'n waarborg in die grondwet in te bou, is daar voorsiening gemaak vir 'n blok-meganisme deur die aantal Swart setels te vermeerder na 25, dus meer as een-derde van die totale aantal setels. Dit sou verhoed dat die Blankes met 'n twee-derde meerderheid die grondwet kon verander. Daarby is 'n reg van appèl ingebou teen enige grondwetlike verandering veral ten opsigte van die verskanste klousules.

## DIE DERDE BEGINSEL

Die derde beginsel het 'n onmiddellike verbetering van die politieke status van die Swartman vereis. Daarvoor sou voorsiening gemaak word deur die B-rol-stemregkwalifikasies uit te brei sodat dit alle Swartes ouer as dertig jaar insluit. Die B-rol-setels sou dan ook van vyftien na sewentien vermeerder word. Die Swart senatore sou ook tot veertien uit 'n totaal van ses-en-twintig vermeerder word.

DIE VIERDE BEGINSEL

Die vierde beginsel het die beëindiging van rassediskriminasie behels. Om dit te bewerkstellig, sou 'n koninklike kommissie 'n studie maak van bestaande wetgewing, veral die Land Apportionment Act, en dan aanbevelings maak om die wetgewing te skrap.

DIE VYFDE BEGINSEL

Die beginsel het voorsiening gemaak dat die nuwe formule aan die Rhodesiese volk as geheel vir goedkeuring voorgelê word. Dit sou deur 'n koninklike kommissie gedoen word.

DIE SESDE BEGINSEL

Die sesde beginsel het betrekking gehad op die beskerming van die regte van minderhede. Dit sou geskied deur sewentien setels in die Parlement vir Blankes te reserveer. In kombinasie met die twaalf Blankes in die Senaat, sou dit 'n blok-meganisme aan die Blanke verskaf in die oorgangsperiode na meerderheidsregering.

Smith sou op uitnodiging van die Goewerneur die oorgangskabinet lei. Die oorgangskabiniet sou vyf

ministers buite die Rhodesian Front insluit (Windrich: 1975, 220). Smith wou eers die dokument aan die Rhodesiese kabinet voorlê vir goedkeuring. Die Rhodesian Front-party het egter ernstige beginselbesware gehad oor sommige van die aspekte. Veral die oorgangsperiode na konstitusionele herstel, het probleme vir die Rhodesian Front-party voorspel. Gedurende die periode sou die Party nog steeds beperkte beheer hê, maar wettige gesag sou by die Goewerneur berus. Dit was ook onaanvaarbaar dat die Goewerneur feitlik onbeperkte mag met betrekking tot die aanstelling van die oorgangskabinet gehad het. Vir die Rhodesian Front-party was daar geen waarborg dat die bestaande demokratiese regering nie ingevolge arbitrêre dikreet op instruksies van die Britse regering vervang kon word nie (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1970, 169). Die Rhodesiese kabinet het die aanvaarding van die voorstelle as 'n tē groot waagstuk beskou: "It would be extremely foolish were they to abandon the substance of their present Constitution for the shadow of the mythical constitution yet to be evolved" (Bowman: 1971, 416).

Op 5 Desember 1966 het die Rhodesiese kabinet derhalwe die opgestelde werksdokument as onaanvaarbaar verwerp.

### 1.5.2 Reaksie op die verwerping van die "Tiger-voorstelle"

Die Britse reaksie op die verwerping van die "Tiger-voorstelle" is deur Wilson gehanteer in 'n mosie tydens 'n debat in die Britse Laerhuis.

Die mosie het uit drie dele bestaan en 'n deel daarvan het so gelui: "That this House endorse the decision of her majesty's Government to accept the Working Document worked out by die Prime Minister and Mr. Ian Smith on 3rd December; deplores it's rejection by the illegal regime in Rhodesia; and supports the decision of Her Majesty's Government now to implement the undertakings in the Commonwealth Prime Ministers communique" (Wilson: 1974, 410).

Die debat in die Britse Laerhuis het gesentreer om die voorstel dat die VVO versoek moet word om universele ekonomiese boikotte teen Rhodesië in te stel. 'n Bitter debat het gevolg wat deur sommige lede beskryf is as: "the most heated since Suez". Die voorstel is uiteindelik in die Laerhuis met 353 stemme teenoor 244 teenstemme aanvaar. Goedere wat by die nuwe handelsverbod ingesluit sou word, was die volgende:

asbes, ystererts, chroom, potyster, suiker, tabak,

koper, vleisprodukte, huide, velle en leerprodukte (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1970, 269).

Die Rhodesiese reaksie is deur Smith tydens 'n perskonferensie weergegee. Hy het verduidelik dat die Rhodesiese regering bereid was om die ses beginsels te aanvaar as basis vir 'n nuwe konstitusie. Die Rhodesiese regering was egter nie bereid om die 1965-konstitusie te laat vaar nie. Die Rhodesiese regering beskou die oorgangsregering ook as onaanvaarbaar. Die Goewerneur sou in die verband te veel mag hê. Dit sou die mag om vyf kabinetslede aan te wys behels en het ook uitgebreide magte oor die Veiligheidsmagte ingesluit. Die Rhodesian Front-party het die werksdokument as 'n "surrender and submission of power" beskou.

Die skare wat die verklaring aangehoor het, het gejuig toe Smith afsluit met die woorde: "and so ladies and gentlemen, as you might have guessed, the fight goes on" (Good: 1973, 193).

### 1.5.3 Die verwerping van die "Tiger-voorstelle" as 'n destabiliserende faktor

Die Rhodesian Front-party se verwerping van die "Tiger-voorstelle" het Rhodesië se toekomstige staatkundige

posisie verswak.

'n Aanvaarding van die "Tiger-voorstelle" sou Rhodesië met volle onafhanklikheid gelaat het. Dit kon ook internasionale erkenning aan Rhodesië verleen het. Smith se posisie sou nie ingrypend aangetas word nie. Hy was bewus daarvan dat die Goewerneur hom as leier van die kabinet in die oorgangsperiode sou aanstel. Op grond hiervan kon hy tien tot elf Rhodesian Front-lede in sy nuwe kabinet aanstel.

Die goewerneur se posisie was ook nie 'n direkte bedreiging vir Blanke belange nie. Die Goewerneur sou wel in die oorgangsfase beheer oor die veiligheidsmagte hê. Die Goewerneur sou egter optree in samewerking met 'n aangestelde raad wat hom van advies sou bedien. Die raad sou bestaan uit die Rhodesiese kabinet, weermaghoofde, die hoof van die polisie en een Britse verteenwoordiger.

Sir Edgar Whitehead, argitek van die 1961-konstitusie, het die voorstelle bestempel as 'n "verbasende dokument". Sir Edgar het geglo dat die konstitusie meerderheidsregering vir langer as vyftien jaar uitstel. Daarna sou die Blanke steeds sterk seggenskap behou het in die Regering.

Die volgende logiese stap vir Brittanje was om die voorstelle van NIBMAR te aanvaar. Dus sou Brittanje net onafhanklikheid aan Rhodesië toestaan op die voorwaarde dat Rhodesië 'n meerderheidsregering het.

Brittanje se aanvaarding van die NIBMAR-voorstelle het in Rhodesië 'n sterk politieke regtervleuel laat polariseer teenoor 'n meer liberale linkervleuel. Die liberale linkervleuel se magsbasis was hoofsaaklik 'n paar magnate, wat hoofsaaklik om ekonomiese redes, die konstitusionele onsekerheid binne Rhodesië wou beëindig.

Vasgevang tussen die twee pole, het Smith getalm om hom direk uit te spreek oor die grondwetlike kwessie. Daarmee wou hy die moontlike botsing tussen die twee pole in sy party verhoed (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 22).

## 1.6 DIE WHALEY-VERSLAG

Smith het weens die internasionale druk teen Rhodesië 'n verdere poging aangewend om die grondwetlike geskil by te lê. In Mei 1967 is 'n grondwetlike kommissie benoem onder voorsitterskap van W.R. (Sam) Whaley. Die komitee se opdrag was om die regering van Rhodesië te adviseer ten opsigte van 'n oplossing vir die konsti-

tusionele probleme. Die lede van die kommissie was Whaley, twee Blankes, S.W. Morris en R.H. Cole, en twee Swartes, L.C. Mzingle en Hoofman S.M. Sigola.

Op 5 April 1968 is die Whaley-verslag gepubliseer. Die Whaley-verslag het die konstitusionele posisie van die Blankes so beskryf: "In order to establish confidence and remove suspicion it is necessary for the main races in Rhodesia to make concessions to each other. Thus the European must surrender any belief in permanent European domination and the Africans must surrender any belief in ultimate European domination ... From this decision to reject both perpetual European domination and ultimate African domination we have been forced to conclude that the only acceptable solution must be one based substantially on ultimate racial parity of political representation" (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 23).

Volgens die aanbevelings van die kommissie sou die Blanke net tydelik 'n meerderheid in die Wetgewende Vergadering hê. Namate meer Swartes hoër opvoedkundige kwalifikasies verwerf, sou die aantal Swartes op 'n gemeenskaplike kieserslys toeneem. Die aantal Swart setels sou dus toeneem totdat daar uiteindelik gelyke verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering verkry word (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 26).

As rede waarom die Whaley-kommissie nie aanbeveel het dat daar onmiddellike pariteit aan die Blankes en Swartes verleen moet word nie, het die kommissie aangevoer:

"Firstly we believe that Africans have yet advanced in their political development to the point of being able to make an equal contribution to the work of the government or the Legislative. Secondly we recognize that with parity of representation representatives of one race will not be able to govern effectively without support from some representatives of the other race. In our view it will take a considerable time before the two races meeting and working with each other in Parliament will gain the necessary experience and confidence in each other to allow party divisions to take the place of racial divisions. Until this confidence has been built up in a Legislative Assembly composed of equal blocks of representatives there might very easily be a state of intermittent of a permanent deadlock" (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 26).

Die ekstremiste in die Rhodesian Front-party het gevoel dat die Whaley-verslag niks meer inhou as die ou vennootskapsgedagte wat tot die Federasie se ondergang

gelei het nie. Daar is ook verklaar dat die voorstelle geen waarborge teen Swart oorheersing gebied het nie. Dit is verbasend aangesien die Whaley-verslag geensins meerderheidsregering voorgestel het nie, maar voortgesette vermeerderde Swart deelname in die Wetgewende Vergadering totdat pariteit bereik is. Laasgenoemde sou eers in die volgende eeu plaasvind. Vervolgens het een van die stigterslede van die Rhodesian Front-party, Len Idensohn, 'n splintergroep gelei, wat op die stigting van 'n nuwe party, die Rhodesian National Party, uitgeloop het. Die party se beginsels was sterk geseggregeerd gefundeer. Die groep het die Whaley-verslag bestempel as "the betrayal of the white man in Rhodesia". Hierdie gebeure het die Rhodesian Front-party genoodsaak om in die lig van die Whaley-verslag met aanbevelings ten opsigte van konstitusionele hervorming vorendag te kom.

## 1.7 DIE RHODESIAN FRONT SE VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN GRONDWETLIKE VERANDERINGE

Die Rhodesian Front-party se grondwetlike voorstelle, wat as die Geelskrif bekend gestaan het, het 'n hoë premie geplaas op die politieke toekoms van die Blanke. Dit was belangrik dat 'n gevoel van politieke veiligheid en stabiliteit in Rhodesië geskep word.

Struktureel het die voorstelle uit twee dele bestaan.

Die eerste deel het die raamwerk van 'n tussentydse grondwet bevat. Fundamenteel is die pariteitsbeginsel van die Whaley-kommissie hierin ingesluit. Die tweede gedeelte het voorsiening gemaak vir die instelling van provinsiale rade vir die verskillende hoofbevolkingsgroepe, nl. die Ndebele, die Sjona en die Blanke (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 26).

Die voorstelle het inhoudelik die volgende behels:

Die Eerste fase - Die parlement sou uit twee huise bestaan, 'n Wetgewende Vergadering en 'n Senaat. Die verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering sou soos volg wees:

34 Blanke lede wat deur Blanke kiesers op 'n Blanke kieserslys verkies word. (Die Kleurlinge en die Asiërs is op die kieserslys ingesluit).

18 lede verkies deur kiesers op 'n gemeenskaplike kieserslys.

16 Swart lede wat soos volg verkies sou word: vyf lede elk uit Sjona- en Matabeleland verkies deur 'n kieskollege (die kieskollege sou bestaan uit stamkapteins en hoofmanne); twee lede verkies deur die Swart boere in die sogenaamde

"African Purcha's Area" en vier lede verkies deur die stedelike Swartes. Dit was in lyn met die Whaley-verslag.

Die Senaat sou gedurende die eerste fase uit tien Blanke lede bestaan. Die Blankes sou deur die Blanke lede in die Wetgewende Vergadering verkies word. Nog tien lede sou aangewys word uit stamkapteins deur die Raad van Stamkapteins. 'n Verdere drie lede sou deur die Staatshoof benoem word.

Die eerste fase van die grondwetlike voorstelle van die <u>Rhodesian Front</u> verskil alleenlik op een aspek van die aanbevelings van die Whaley-kommissie. Dit is ten opsigte van die getalsterkte van die twee voorgestelde huise. Die wyse van samestelling stem egter ooreen.

<u>Die Tweede fase</u> - Die tweede fase van die voorgestelde grondwet het voorsiening gemaak vir 'n Nasionale Parlement wat sou bestaan het uit verteenwoordigers van die drie provinsiale rade, een vir die Blankes, een vir die Sjona en een vir die Ndebele (Joyce: 1979, 344).

Die magte van die Nasionale Parlement sou beperk word tot algemene sake wat aldrie bevolkingsgroepe raak. Dit sou onder andere sake insluit soos finansies,

verdediging, elektrisiteit en besproeiingskemas. Die verteenwoordiging van die Provinsiale Parlemente tot die Nasionale Parlement sou bereken word deur die bydrae wat tot die landinkome gemaak word. Die bydrae sou bereken word op grond van persoonlike inkomstebelasting. Die Swart gemeenskap het egter slegs 1% van die totale inkomstebelasting bygedra, wat oorheersing van die groep beperk het.

Smith se politieke standpunt het in die lig van die voorstelle 'n interessante wending begin inneem. Hy sou aan lede van die Rhodesian Front gesê het dat meriete belangriker as velkleur binne die praktiese politiek is. Hy het ook gepleit dat die party se konstitusionele voorstelle kalm oorweeg moet word. Die Geelskrif-voorstelle is in 'n stemming met 217 teenoor 206 stemme aanvaar (Joyce: 1979, 344).

Smith het hierna van twee van die ekstremiste in die kabinet, Harper en Graham, ontslae geraak. Hy het verder gegaan en die minister van landbou, George Rudland, van sy kabinetspos onthef en hom aangestel as 'n minister sonder portefeulje. Rudland het teen Smith gestem oor die kwessie van die konstitusionele voorstelle. Rudland is in die kabinet vervang deur David Smith, 'n gematigde persoon wat 'n skikking met Brittanje vooropgestel het.

Wilson het die kabinetskommeling met tevredenheid gade geslaan. Hy was van mening dat Smith meer tegemoetkomend sou wees as hy nie onder die invloed van die ekstremiste sou staan nie.

## 1.8 DIE SAMESPREKINGS OP DIE HMS FEARLESS

### 1.8.1 Die aanloop tot die samesprekings

Tydens die Arbeidersparty-konferensie aan die begin van Oktober 1968 is daar deur middel van 'n mosie 'n beroep op Wilson gedoen om nie verder met Smith te beraadslaag nie (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1969, 16). In 'n stemming het die Arbeidersparty ook hul verbondenheid aan die eis van NIBMAR herbevestig.

In die loop van die kongres het Wilson egter 'n telegram uit Rhodesië ontvang waarin Smith hom bereid verklaar het om weer tot die konferensietafel terug te keer (Wilson: 1974, 715).

Wilson het onmiddellik opdrag gegee dat 'n ontmoeting gereël moes word. Dit sou op die kruiser, die HMS Fearless naby Gibraltar plaasvind (Meredith: 1979, 62).

Tydens 'n onderhoud voor sy vertrek het Wilson verklaar dat Smith 'n sterker posisie, ekonomies en andersins,

as tydens die "Tiger-samesprekings beklee." Hy het Smith geloof vir sy durf om hom bereid te verklaar vir samesprekings, omdat in gedagte gehou moes word dat enige ooreenkoms die ses beginsels moes bevat en dat dit aanvaarbaar moes wees vir Rhodesië se vier miljoen Swartes. Smith sou dus uiters toegewend moes wees.

Voor sy vertrek uit Salisbury het Smith belowe dat hy nie van Rhodesië se beginsels sou afwyk nie (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1969, 16). Die atmosfeer in Salisbury was egter meer gespanne as voor die "Tiger-samesprekings." Ekonome het die hoop uitgespreek dat die samesprekings suksesvol sou afloop omdat 'n volgende reeks boikotte deur die VVO Rhodesië swaar sou tref.

Die ontmoeting het op 10 Oktober 1968 plaasgevind (Loney: 1975, 166).

### 1.8.2 Die belangrikste verskilpunte

Dit is insiggewend om daarop te let dat Brittanje nie die terugkeer van Rhodesië na sy konstitusionele posisie voor 11 November 1965 vereis het nie. Brittanje het gekonsentreer op die situasie in Rhodesië in die "na-Tiger-fase". Brittanje het verklaar dat hy bereid was om Rhodesië se onafhanklikheid te aanvaar op voorwaarde dat 'n meerderheids-

regering later ingestel sou word (Bowman: 1971, 417). Rhodesië het egter geweier om op die punt toe te gee. Die beheer oor die politieke ontwikkeling van die Swartman, het hul eksklusief vir hulself opgeëis. Verdere struikelblokke in die wet van 'n skikking het gesentreer rondom die Britse voorstelle ten opsigte van die sogenaamde "versperringsklousule" en appèl vanuit Rhodesië tot die Geheime Raad in Londen oor grondwetlike wysigings. Ingevolge die "versperringsklousule" sou gekose Swart parlementslede enige wysiging aan die sleutelklousules in die Rhodesiese grondwet kon verhoed (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1969, 17). Met verwysing na die voorstelle rondom appèl tot die Geheime Raad het Smith in die parlement daarop gewys dat die aanvaarding daarvan die besliste ontkenning van ons "onafhanklikheid in sy geheel" sou behels. Hy het gesê dit sou "'n inkorting van die soewereiniteit van hierdie parlement en die onafhanklikheid van ons land wees; dit sou die aanvaarding van tweedeklas-onafhanklikheid wees" (Loney: 1975, 167). Smith het aangedui dat indien Brittanje sy eis oor die Geheime Raad sou laat vaar, daar 'n sterk moontlikheid van 'n oplossing in die geskil sou wees (Loney: 1975, 167).

### 1.8.3 Die reaksie in Brittanje

Terug in Brittanje het Wilson in 'n warm debat oor Rhodesië betrokke geraak. Frank Judd, 'n Arbeidersparty LV, het in die Laerhuis swaarde met hom gekruis. Hy het onder andere gevra wat die posisie sou wees indien die Geheime Raad 'n beslissing sou fel en die Rhodesiese regering sou dit ignoreer. Judd wou ook weet wat van die NIBMAR-pleidooi geword het. Was dit slegs 'n rookskerm om die Statebondslande te paai? (Good: 1973, 277).

Die debat het sewe uur geduur voordat in 'n stemming 58 lede teen Wilson se hantering van die Rhodesiese kwessie gestem het. 'n Totaal van 177 lede het hulle egter agter Wilson geskaar. Die algemene gevoel was dat hy te veel toegegee het.

As 'n alternatief tot die voorwaarde van die Geheime Raad, het Wilson op 22 Oktober in die Laerhuis voorgestel dat 'n internasionale komitee, wat ook die Hoofregter van Suid-Afrika sou insluit, sou beslis oor grondwetlike veranderinge wat in Rhodesië aangebring moes word. Ander voorstelle was dat 'n internasionale regbank vir die doel geskep word, en dat Brittanje en Rhodesië 'n verdrag aangaan om te waarborg dat verskanste klousules in die grondwet vir 15 jaar ongewysig sou bly.

### 1.8.4 Voortgesette samesprekings in Salisbury

Ondanks die onbuigsaamheid van die twee kante oor vername kwessies, is nog 'n ronde samesprekings in Salisbury gehou. Thompson wat ondertussen aangestel is as minister sonder portefeulje met spesiale verantwoordelikheid vir Rhodesiese aangeleenthede, het op 2 November in Salisbury aangekom met 'n geselskap van 21 lede onder wie Maurice Foley, onderminister van buitelandse sake. Hulle doel was om met Smith te onderhandel oor sy besware teen die "Fearless-dokument" (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1961, 15).

Op die vooraand van die samesprekings wat op 4 November 1969 begin het, het Smith op 'n banket in Bulawayo gesê dat ofskoon daar belangrike verskille tussen die twee kante was, hy glo dat hulle naby 'n oplossing was. Hy het egter die Rhodesiërs gemaan dat sekere beginsels in Rhodesië steeds gehandhaaf moes word vir die behoud van die Blanke beskawing (Afr. Inst. Bulletin: Januarie 1969, 15).

Die samesprekings is vir twee dae onderbreek sodat Rhodesië sy derde jaar van onafhanklikheid kon vier. Op 13 November is die samesprekings hervat.. Dit het tot 16 November 1968 geduur. In totaal het Smith en Thompson nege keer ontmoet. Alhoewel geen tyds-

beperking op die samesprekings geplaas was nie, was dit teen die middel van November duidelik dat geen vordering gemaak word nie. In daardie stadium het Smith en Thompson besluit om die verskilpunte uit te skryf sodat hulle dit aan die onderskeie parlemente vir bespreking kon voorlê (Wilson: 1974, 727).

Die eerste verskilpunt het gesentreer rondom beskermingsmaatreëls ten opsigte van konstitusionele amendemente om 'n meerderheidsregering te verhoed. Die tweede verskilpunt het met die rol van die Geheime Raad te make gehad. Die derde verskilpunt was dat Smith die proklamasie waaronder 'n noodtoestand afgekondig kon word, wou verleng, sodat Rhodesiese oortreders sonder verhoor aangehou kon word. Vierdens wou die Smith-regering, in ruil vir die aanvaarding van 'n blokkerings-meganisme, die getal verkose Swartes in die Senaat verminder. Die vyfde verskilpunt was dat die Rhodesiese regering die effek wat die B-rol kiesers op die A-rol kiesers het deur kruisstemming wou verminder vanaf 25% tot 10%. Dit sou meederheidsregering onbepaald uitstel (Wilson: 1974, 729). Die sesde verskilpunt was 'n tegniese punt, en handel oor 'n dokument wat tydens die "Tiger-samesprekings" opgestel was. Die sewende punt was dat die tydperk waarna 'n aangehoudene na vrylating aan politieke aktiwiteite kon deelneem, verleng moes word. Laastens het Smith

geweier om die heraanstelling te oorweeg van amptenare wat as gevolg van lojaliteit aan die kroon tydens UDI bedank het.

Tydens sy verslag aan die Britse parlement het Thompson onder andere gesê: "I don't want to be unfair on Mr. Smith on these points. He did say that he believed that if it were possible to reach agreement on the question of the second safeguard our differences on the other points which I have mentioned could be quickly resolved. That may or may not be so. In so far as Mr. Smith meant that he would expect us to give way on them, I made it absolutely clear to him that there could be no question of our doing so. I cannot speak for his own readiness to change his position on them. I can only tell the House as I have taught to do, the position he took on them when talking to me. My report, I recognize, is a gloomy one. I myself found the last fortnight disappointing and saddening. So fair an opportunity has been turned down that, I am afraid, I could not feel otherwise. But to repeat what I have said before: we for our part are not slamming the door and perhaps one day the response from the other side of this door will be more constructive than it has so far been" (Wilson: 1974, 729).

## 1.9 SMITH SE NUWEJAARSBOODSKAP

In Smith se Nuwejaarsboodskap vir 1969 het hy na die redes verwys waarom Brittanje en Rhodesië mekaar nie om die konferensietafel kon vind nie: "As ek in 1968 terugkyk, glo ek dat ek tereg kan opmerk dat die jaar in 'n mate verloop het, soos ek voorspel het. Weer eens het ons gesien hoe moeilik dit was om tot 'n ooreenkoms te kom wat betref ons strydpunt met die Britse regering. Aan die een kant probeer ons om 'n oplossing te soek, wat in die belang van Rhodesië en die Rhodesiërs sal wees; aan die ander kant probeer die Britte om 'n oplossing te vind wat hulle in staat sal stel om die ekstremiste van hulle linkervleuel en die Afro-Asiatiese blok te paai. Ten einde hul doelwit te bereik het die Britse regering 'n veldtog geloods om boikotte te verskerp en hoewel hul beperkte sukses in sekere opsigte gehad het, het ons in die geheel gesien, sterker daaruit gekom" (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 56).

Smith se siening van Rhodesië se konstitusionele posisie het hy so gestel: "In verband met ons toekomstige konstitusionele posisie, is ek nie in staat om 'n vraag te beantwoord wat so baie mense aan my gestel het nie - verlang Harold Wilson werklik 'n skikking?

Toe ek verlede jaar hierdie tyd met u gepraat het, het ek twyfel uitgespreek en het ek verklaar, dat ek tot die gevolgtrekking gekom het, dat dit vir die Britse regering 'n bron van verleentheid sou wees indien hy 'n ooreenkoms sou sluit met 'n beskaafde anti-kommunistiese Blanke regering op enige plek in Afrika. Tans twyfel ek nog steeds of die posisie verander het. Toe Thompson in November vir samesprekings hierheen gekom het, het die Britse regering drie hoofpunte van verskil opgestel. ... toe hy twee weke later vertrek het, het hy daarin geslaag om 'n nuwe lys van nege hoofpunte van verskil saam te stel. Soos u bewus is gaan die Regering voort met die opstel van ons nuwe konstitusie. Dit is geensins 'n poging om te beweer dat 'n skikking nie begeer word nie. Die verkeerde skikking, 'n boedeloorgawe sal opgevolg word deur die tragedie van 'n totalitêre eenparty-staat. Ons besluit is onherroeplik finaal" (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 57).

Smith het hom so oor sy land se toekoms uitgelaat: "Waar Rhodesië 1969 binnegaan glo ek dat u besef dat dit 'n beslissende jaar sal wees, 'n keerpunt in ons geskiedenis. Ek meen dat ons vroeg in die jaar die slotbedryf in hierdie Brits-Rhodesiese drama sal beleef. U is almal op hoogte oor die posisie en standpunt wat volkome duidelik deur ons gestel is.

Ons swaargewonne onafhanklikheid kan en sal ons nie verruil vir enige soort buitelandse beheer of vir enige parlement wat nie sy funksie op die korrekte en nomaalweg aanvaarbare wyse vervul nie. Desnieteenstaande kan ek u die versekering gee dat ons hierdie laaste rondte sal benader in die besef dat Rhodesië se belange die beste bevorder kan word deur 'n regverdige skikking. Verder is ons dankbaar oor die feit dat ons op die kritieke stadium oor die steun van die oorgrote meerderheid Rhodesiërs beskik, in elk geval van diegene wat tel, wat so noodsaaklik is vir ons sukses" (Afr. Inst. Bulletin: Maart 1969, 58).

Hy het sy Nuwejaarsboodskap afgesluit deur daarop te wys dat die kiesers die geleentheid sou kry om deur middel van 'n referendum hul goedkeuring al dan nie aan die beoogde nuwe konstitusie te gee.

## 1.10 DIE 1969-KONSTITUSIE EN DIE REPUBLIEK

Vroeg in 1969 kondig Smith aan dat die konstitusionele komitee dit onmoontlik gevind het om voort te bou op die Geelskrif-voorstelle. Daarom word die dokument in geheel verwerp. In die plek van die Geelskrif is 'n nuwe konstitusie opgetrek en goedgekeur deur die <u>Rhodesian Front</u> se uitvoerende komitee. In Smith se

eie woorde was die 1969-grondwet 'n "world-beater" (Meredith: 1979, 62). Dit sou op 20 Junie 1969 aan die kieserspubliek voorgelê word vir goedkeuring (Bowman: 1971, 435). 'n "Ja-stem" sou die weg voorberei om 'n republiek uit te roep.

Die grondwet sou die politieke mag deur middel van verskanste klousules in die grondwet, feitlik permanent in die hande van die Blanke Rhodesiërs laat. Die plaasvervanger vir meerderheidsregering sou die pariteitsbeginsel wees, waar die Swartman in politieke teorie in die toekoms gelyke verteenwoordiging in die parlement sou hê (Meredith: 1979, 62).

Die 1969-konstitusie het politieke mag gesentreer in die Laerhuis. Die aanvanklike grootte van die Huis was 50 Blanke lede en 16 Swartes. Die verhouding sou onveranderd bly, totdat die Swartman ten minste 24% tot die nasionale inkomste bydra, soos bepaal deur direkte inkomstebelasting. Nadat die Swartes se bydrae 24% oorskry het, sou Swart verteenwoordiging geleidelik vermeerder word tot op 'n maksimum van 50 lede uit 100, dit wil sê pariteit met die Blanke (Bowman: 1971, 436).

Die inkomstebelastingbydrae van die Swartes het egter nie eers 0,5% van die totale bydrae beloop nie. In

die jaar geëindig 30 Junie 1968 het die Swartes 'n totale bedrag van £64 744-00 bygedra uit 'n belasting-inkomste van £28 560 000-00. Die kans dat die Swartman se inkomstebelastingbydrae 24% sou oorskry het derhalwe ver in die toekoms gelê. Ander moontlikhede soos indirekte belasting of die verrekening van die bydrae tot die nasionale inkomste deur bv. arbeid, sou aan die Swartes 'n regverdiger bedeling met betrekking tot politieke verteenwoordiging verskaf het.

Die 1969-konstitusie het ook die basis van Swart verteenwoordiging verander. Agt verteenwoordigers sou deur Swart kiesers verkies word, en die ander agt setels sou deur Swart leiers verkies deur stamhoofde en hoofmanne, gevul word. Die kieskollege sou uit ongeveer 1 000 lede bestaan. Die 16 setels sou gelykop verdeel word tussen die Sjona en Ndebele, alhoewel eersgenoemde groep se getalle dubbeld soveel as dié van die Ndebele was. Ander konstitusionele veranderinge was dat die kruisstemstelsel sou verval, asook dat 'n bepaalde bevolkingsgroep deur 'n persoon uit 'n ander groep verteenwoordig kon word (Meredith: 1979, 63).

Die 1969-konstitusie het ook voorsiening gemaak vir 'n Senaat. Die Senaat sou bestaan uit 10 Blanke lede, gekies deur Blankes van die Laerhuis, 10 Swart stam-

hoofde en 3 verteenwoordigers, aangewys deur die President, wat die rol van staatshoof sou vervul. Die Senaat sou beperkte beheer hê oor die vertraging van wetgewing en sou dus ook 'n rol speel in konstitusionele wysigings. Daar was egter soveel metodes waarop die Laerhuis die Senaat kon omseil, dat die liggaam in praktyk niks anders as 'n rusplek vir afgetrede Blanke politici en lojale stamhoofde sou wees nie.

Die konstitusie sluit die Konstitusionele Raad uit. Wat die Verklaring van Regte betref, was die regering volgens die konstitusie vry om dit te ignoreer omdat dit nie langer in die hof beveg kon word nie. Voorkomende aanhouding en inperking is ook in nasionale belang wetlike goedgekeur. Regulasies is ook uitgevaardig vir strenger sensorskap.

Die beskermingsmeganismes van die vorige grondwette - die Verklaring van Menseregte, die Konstitusionele Raad, die gemeenskaplike kieserslys en die beperkings op diskriminerende maatreëls was dus nie deel van die 1969-grondwet nie.

Gelyktydig is die "Land Apportionment Act" vervang met die "Land Tenure Act" wat nuwe beperkinge op die Swart bevolking geplaas het. Die Blankes en Swartes het

elk 45 miljoen akker grond ontvang ten spyte van die feit dat die Swartes getalsgewys twintig keer meer as die Blankes was. Die doel van die "Land Tenure Act" was klaarblyklik om rassewrywing uit te skakel (Meredith: 1979, 63).

Die Rhodesian Front-lede het 'n uitgebreide veldtog van stapel gestuur ter ondersteuning van die nuwe voorstelle. Smith en sy senior ministers het dieselfde tema gebruik, naamlik dat 'n stem teen die Rhodesian Front 'n krisisatmosfeer sou skep wat die Rhodesiese vyande tot voordeel sou strek en dit sou indirek lei tot meerderheidsregering. Met byna soortgelyke sinsnedes as UDI, het Smith in 'n boodskap op 7 Mei 1969 gewaarsku dat die nuwe konstitusie aanvaar moet word, want dit is die enigste effektiewe metode om meerderheidsregering te verhoed. Smith vervolg: "A No vote would mean a further period of waiting and wishful thinking of relying on Britain and the UN for the planning of our destiny; Vote YES for a secure future for all Rhodesians, for a Rhodesian constitution drawn up by Rhodesia, for a Republic and the benefits which will follow, for continuing economic stability and long-term prosperity, for continuing our independence" (Bowman: 1971, 439).

In opposisie teen die Rhodesian Front het die "Centre

Party" gestaan wat in Augustus 1968 uit verskeie Blanke politieke splintergroepe gestig is. Die party het op 'n NEE-stem aangedring, omdat hulle bang was dat 'n aanvaarding van die nuwe konstitusie, die moontlikheid van 'n skikking met Brittanje totaal sou uitsluit. Die "Centre Party" het 'n skikking verkies op die basis van die "Fearless-samesprekings." Een van die verrassende ondersteuners van die "Centre Party" was generaal-majoor Sam Putterhill, die Rhodesiese Weermag-hoof vanaf Oktober 1965 tot Oktober 1968. Putterhill het geredeneer dat ingevolge die nuwe konstitusie die Swartes geen politieke toekoms het nie, en hulle gevolglik tot militante optredes teen die Rhodesiese regering sou wend. Smith het in 'n aanval op Putterhill die kieserspubliek daarop gewys dat die regering altyd bewus was van Putterhill se "extreme leftisht views" (Bowman: 197, 440)

Die 1969-konstitusionele voorstelle is aan die kieserspubliek voorgelê in 'n referendum in Junie 1969. Bykans 75% het vir die nuwe konstitusie gestem en 81% het in dieselfde referendum vir 'n republiek gestem. Die Stamhoofde wat UDI ondersteun het, het hul goedkeuring aan die voorstelle geheg (Meredith: 1979, 64).

Op 24 Junie het die Britse eerste minister, Wilson, in

die Laerhuis aangekondig dat alle bestaande bande met Rhodesië opgeskort sou word. Die koningin het dan ook aangedui dat sy Sir Humphrey Gibbs se bedanking as Goewerneur sou aanvaar. Die Times het verklaar dat Rhodesië deur die Britse optredes "Into Cold Storage" geplaas is (Good: 1973, 288).

Nadat die nuwe grondwet in die parlement gedebatteer is, is dit in 'n finale vorm op 17 Oktober 1969 deur die parlement geloods. In sy voorlegging van die grondwet het die minister van justisie, D. Lardner-Burke, aangedui dat die regering na 'n grondwet gesoek het wat rasse-invloed op die politiek sou verminder en terselfdertyd die beginsel van gelyke geleenthede en deelname in die sake van alle rassegroepe onder die bevolking sou bevorder. Hy het vervolg deur te sê dat die grondwet nommerpas gemaak is vir die Rhodesiërs deur Rhodesiërs en dat dit die eerste werklike Rhodesiese grondwet is.

Die Republikeinse grondwet is in November 1969 deur die parlement geloods. Daarna is Rhodesië om middernag 1 - 2 Maart 1970 as republiek verklaar. Die President was Clifford Dupont wat tydelik aangestel is tot met die verkiesing van 10 April 1970 (Good: 1973, 288).

## 1.11 DIE ALGEMENE VERKIESINGS VAN 1970 IN RHODESIë EN BRITTANJE

Op 10 April was die Rhodesiërs terug by die stembusse vir 'n Algemene Verkiesing. Smith het in sy verkiesingstoesprake daarvan melding gemaak dat afsonderlike ontwikkeling die enigste metode was om beskaafde standaarde te handhaaf. Die Rhodesian Front-party het al vyftig Blanke setels verower. Die "Centre Party", wat sestien Blanke setels en agt Swart setels betwis het, het slegs sewe Swart setels verower. Slegs 8 300 Swartes uit 'n bevolking van 5 miljoen het gestem (Meredith: 1979, 65).

Die Britse verkiesing het op 18 Mei 1970 plaasgevind (Wilson: 1974, 988). Wilson se hantering van die Rhodesiese kwessie het hom duur te staan gekom in die verkiesingstryd. Hy kon nie 'n klein staatjie tot 'n vergelyk dwing nie. Wilson se boikotte het Brittanje £100 miljoen in die eerste jaar gekos. Dit het Zambië byna ekonomies vernietig. Die Statebond het ook byna geskeur as gevolg van Wilson se hantering van die kwessie. Die leiers van die Konserwatiewe Party, Edward Heath en sir Alec Douglas-Home, het op grond hiervan dit duidelik gestel dat die Rhodesië-kwessie hoog op hul prioriteitslys was.

Wilson het aan die einde van sy politieke loopbaan gekom toe Heath hom in die verkiesing beslissend verslaan het.

## 1.12 DIE KONSERWATIEWE PARTY BEREIK 'N SKIKKING EN DIE 1971-VOORSTELLE

Sir Alec Douglas-Home, die nuwe minister van buitelandse sake, was 'n voorstander van die idee dat verdere pogings aangewend moes word om die Rhodesiese onafhanklikheidskwessie op te los. Hy sê dan ook die volgende in sy dagboek: "Rhodesia had many of the ingredients of a non-racial society; for the original pioneering settlers who lived on the land had the interest of their workers at heart. They may have been paternal but they were good employers" (Meredith: 1979, 75). Die moontlikheid van 'n skikking is vergemaklik deurdat die Konserwatiewe Party met 'n minder militante Afrika te make gehad het. Leiers soos Kwame Nkrumah, Sir Albert Margai en Milton Obote is vervang deur meer inskiklike leiers. Vanuit die Statebond kon ook 'n meer genaakbare houding verwag word.

Waar die Konserwatiewe Party meer beweegruimte vir 'n skikking gehad het, was dieselfde nie waar vir Smith nie. Die situasie in Rhodesië was uiters onvoorspel-

baar. Die ferm houding van die Rhodesian Front het 'n stewige beweging na regs laat plaasvind. Die 1970-verkiesingsuitslae het aan die Rhodesian Front die nodige mandaat gegee om sy "kruipende apartheidsbeleid" op 'n Rhodesiese patroon te verskerp. Die regering het met grootskaalse Blanke steun begin om segregasie toe te pas.

Die ekonomie het in 1970 en 1971 egter weer 'n terugslag beleef. Die ekonomiese groei het teruggeval na 4,6 persent in 1970. Kommoditeitspryse het gedaal, terwyl 'n uitmergelende droogte die landbou lamgelê het. Mineraalpryse het ook binne die eerste vyf maande van 1971 met 8% gedaal. Koper is byvoorbeeld agtien maande vantevore teen £600 per ton verkoop waarna die prys tot £411 per ton geval het. Buitelandse beleggings was ook te min om die gaping in die betalingsbalans te vul.

Die hoë aanwassyfer van die Swart bevolking het verdere ekonomiese probleme veroorsaak. Die Rhodesiese ekonomie was ingestel om vir 80 000 mense werk te verskaf, terwyl 2,3 miljoen Swart kinders in Rhodesië opgegroei het. Die minister van finansies, John Wrathall, het uitgewys dat 3,1 miljoen Swartes nie in die "cash economy" in 1961 betrokke was nie. Die syfer kon groei tot 'n verwagte 6 miljoen in 1980

(Good: 1973, 303).

Die donker ekonomiese prentjie het ongetwyfeld bygedra tot Smith se toegewende houding teenoor Brittanje.

In die geheime korrespondensie tussen Smith en Sir Alec het Smith sy begeerte om 'n skikking te bereik, uitgespreek. Die onderhandeling met die Konserwatiewe Party sou weer eens gevoer word oor die kernbeginsels van die 1965 - 1970 periode, naamlik meerderheidsregering. Dit was hierdie keer Lord Goodman se taak om 'n aanvaarbare formule uit te werk op die basis van die vyf beginsels (vergelyk p39-42).

Lord Goodman het Rhodesië in April 1971 besoek. 'n Geheime besoek het in Mei gevolg. Die vorige struikelblokke het egter steeds gebly, waarvan die tempo vir die oorskakeling na 'n meerderheidsregering die grootste probleem was. Goodman se formule het nie berus op 'n een-mens-een-stem-beginsel nie, maar op die basis van gekwalifiseerde stemreg op grond van besittings en opvoedkundige kwalifikasies. Dit sou derhalwe nie meerderheidsregering uitsluit nie, maar wel vir 'n geruime tyd uitstel. Die tempo waarteen die Swartman sou kon ontwikkel, sou verhaas kon word deur Britse beleggings in die Swart gebiede en in Swart opvoeding in te pomp. Dit sou hopelik meer aanvaar-

baar wees vir die Swartes (Meredith: 1979, 77).

Smith het aanvanklik vasgeskop, maar later besef dat dit die enigste manier was om 'n skikking te bereik. Hy het in die openbaar volgehou dat dit nie die ekonomiese toestande was wat hom tot onderhandelings gedryf het nie. Hy het beweer dat daar minder rede was om tot 'n skikking te kom as vroeër: "We are more sure of ourselves than we have ever before" (Meredith: 1979, 77). In private gesprekke was Smith minder selfversekerd.

Smith moes egter ook die <u>Rhodesian Front</u> se regtervleuel tevrede hou deur nie te veel toegewings te maak nie. Hy het in die verband geargumenteer dat die Britse pakket die beste voorwaardes wat tot op daardie stadium aangebied is, bevat het.

Lord Goodman het weer in September na Salisbury teruggekeer in 'n poging om die oorblywende verskille te verminder. Smith het hom bereid verklaar om sekere amendemente aan die 1969-konstitusie aan te bring, insluitend die toevoeging van 'n wetlike Verklaring van Regte. Die problematiek ten opsigte van die blokkerende meganisme om veranderings aan die grondwet te verhoed, sou opgelos word deur die verskansing eenvoudig in die grondwet in te skryf (Good: 1973, 303).

Die uitgerekte grondwetlike geskil tussen Brittanje en Rhodesië is op 24 Oktober 1971 beëindig toe Sir Alec Douglas-Home en Ian Smith die skikkingsvoorwaardes onderteken het. Die voorwaardes vir 'n skikking is deur die onderskeie regerings in witskrifte gepubliseer (Afr. Inst. Bulletin: Februarie 1972, 17). Die voorwaardes het tot 'n groot mate met die 1969-Republikeinse Grondwet gekorreleer.

Die skikkingsvoorwaardes kon as 'n oorwinning vir die Rhodesian Front-party beskou word, aangesien die Britse regering die pariteitsbeginsel aanvaar het waarna 'n meerderheidsregering oor verloop van tyd ingestel sou word.

Volgens Seksie II (i) (d) sou pariteit in die Laerhuis soos volg geïmplementeer word: "When the number of voters registered on the African higher roll equals 6 per cent of the number then registered on the European roll, two additional African seats will become due, when the number of voters registered on the African higher roll equals 12% of the number of voters then registered on the European roll, a further two additional African seats will become due, two at a time, for each such proportionate increase of 6 per cent in the number of voters registered on the African higher roll, until 34 additional African seats have been

created, thus resulting in parity in the number of African and European members in the House of Assembly" (Good: 1973, 305).

Sodra pariteit bereik word, sou meerderheidsregering volg deur tien nuwe setels te skep wat gevul sou word deur kiesers wat op 'n algemene rol vir kandidate stem. Die algemene rol sou bestaan uit Swartes sowel as Blankes wat saam op een rol stem.

Hierdie proses sou egter uitgerek wees omdat die stemregkwalifikasies, gemeet teenoor die Swartman se ontwikkelingspeil, besonder hoog was.* Eerstens kon 'n kieser kwalifiseer as hy oor vaste eindom ter waarde van £2 100, of oor 'n inkomste van £1 050 per jaar beskik het. Tweedens sou die kieser kwalifiseer as hy oor vier jaar sekondêre opleiding beskik het met vaste eiedom ter waarde van £1 400 of 'n inkomste van £700 (Good: 1973, 306).

Daar is vasgestel dat uit die groep van 18 000 Swart onderwysers - die grootste Swart élite-groep in Rhodesië - ,slegs 500 op daardie staduim sou kon kwalifiseer vir die hoër rol. Slegs 2% van die Swart leerlinge het oor vier jaar sêkondêre opleiding beskik. 'n Lid van

---

* Volgens dr. Claire Palley, 'n kenner van die konstitusionele reg kon die instelling van 'n meerderheidsregering as gevolg hiervan na die jaar 2035 verskuif word (Good: 1973, 306).

die <u>Rhodesian Front</u> het dienaangaande opgemerk: "If the Africans are moving in too fast, we can tear up the constitution in two or three decades. At least, by that time we will be on our feet again" (Meredith: 1979, 83).

Die enigste vals noot in Rhodesië met betrekking tot die voorwaardes het van die Swart nasionalistiese leiers gekom. Joshua Nkomo het sterk beswaar daarteen gemaak. Nog 'n teenstander van die voorwaardes was Biskop Abel Muzorewa. Beide leiers het verklaar dat hulle nie geken is in die samesprekings nie. Sithole, die ZANU-leier het ook sterk beswaar gemaak teen die Britse standpunt. Hy het geglo dat Smith die Rhodesiese onafhanklikheid sou gebruik om wit beheer te versterk (Meredith: 1979, 79).

Die Swart nasionaliste het ook met hul eie voorstelle na vore gekom. Dit het onmiddellike pariteit in die Parlement vir nie langer as die volgende vyf jaar nie behels waarna 'n meederheidsregering tot stand moes kom. Rassediskriminasie moes ook onmiddellik beëindig word, insluitend die afskaffing van die "Land Tenure Act" en uitgebreide magte moes aan Brittanje gegee word om op te tree as Rhodesië die ooreenkoms sou skend (Martin: 1981, 112). Die eise het egter

op dowe ore geval.

Die enigste hindernis wat nog oorgesteek moes word, was die aanvaarding van die voorgestelde grondwetlike bedeling deur die Rhodesiese bevolking (Loney: 1975, 178). Die Rhodesiese regering het die standpunt ingeneem dat dit nie nodig was om die skikkings-voorstelle onderhewig te maak aan 'n aanvaarbaar-heidstoets nie omdat die Rhodesiese regering reeds 'n mandaat het om vir sy kiesers op te tree. Verder het die Rhodesiese regering aangevoer dat die Stamhoofde die ware verteenwoordigers van die Swartmense in Rhodesië was en dat die hoofmanne reeds hul goed-keuring aan die voorwaardes geheg het. Die Britse regering wou egter nie aanvaar dat die tradisionele leiers vir die Swart bevolking as geheel kon praat nie en het op 'n direkte metode van toetsing van die Swartmense se mening aangedring (Afr. Inst. Bulletin: Februarie 1972, 18). Gegroepeer onder die titel "The Test of Acceptability", Seksie I, sou die toets dus moes korrespondeer met die belangrike vyfde beginsel (Vergelyk p. 104 ). Volgens Westerse demokratiese standaarde moes die vyfde beginsel getoets word deur 'n stemming. Omdat die opvoedkundige standaard en ontwikkeling van die Swart Rhodesiër nie beantwoord aan

die kodes van demokrasie nie, is die taak aan 'n kommissie oorgedra. Dit was die kommissie se taak om die "silent majority" en "the true voice of Rhodesia" te vind (Meredith: 1979, 93). Dit sou die eerste keer wees dat 'n kommissie werklik in diepte die Swartman se beskouing oor sy politieke toekoms sou probeer peil.

## 1.13 DIE PEARCE-KOMMISSIE SE BEVINDINGE

Die kommissie het onder voorsitterskap van Lord Pearce, 'n oud-regter in sy sewentigerjare, gestaan. Hy het vroeër gedien op die Geheime Raad en het onder andere in 1968 Smith se inperkingsmaatreëls wetlike bevind. Hy is bygestaan deur Sir Morris Dowman en Sir Glynn Jones, beide ervare politici, met uitgebreide ervaring van koloniale sake. Alle lede van die kommissie was Blankes (Loney: 1975, 178).

Die Rhodesiese regering het gehoop dat die plattelandse Swartes met die nodige leiding van die Blanke Distrikskommissarisse en Regeringsondersteunde stamhoofde die skaal in sy guns sou laat swaai. Baie Swart leiers het egter die mening gehuldig dat die Pearce-kommissie betekenisloos was. Die Swart stedelinge het nie geaarsel om die Pearce-kommissie in te lig oor hul verwerping van die voorstelle nie.

Terwyl Londen en Salisbury gehoop het dat die toets vir aanvaarbaarheid die probleem sou oplos en die situasie sou stabiliseer, het die ondersoek die teenoorgestelde bewerkstellig (Good: 1973, 317).

Opstande het in Gwelo, Salisbury and Umtali uitgebreek waar opstandige skares die Pearce-kommissie ingewag het. 'n Vergadering in Umtali om die Swartes 'n geleentheid te gee om hul saak te stel, het in 'n oproer ontaard en die lewens van 15 Swartes gekos (Loney: 1975, 179). Die Swartes se griewe was nie net bloot 'n verwerping van die voorstelle nie, maar 'n vertoon van wantroue in die regering en in die Blanke (Meredith: 1979, 93). Die kommissie het egter ongehinderd voortgegaan met sy taak, ongeag die feit dat 1 736 Swartes gearresteer is.

Die Pearce-kommissie het ongeveer 115 000 Swartes of 6% van die volwasse Swart bevolking geraadpleeg. Pearce se berekeninge het daarop gedui dat die proefsteek 'n teenstand van 36 teen 1 onder die Swartes geïllustreer het. Die Blanke bevolking het die voorstelle met 14 teen 1 goedgekeur.

Die meeste Rhodesiërs is onverhoeds deur die bevindinge betrap. Die <u>Rhodesian Front</u> het die skuld vir Swart teenstand op die skouers van rewolusionêre

agitators geplaas. In die verband het die Pearce-kommissie bevind dat daar wel 'n mate van intimidasie was. Dit is egter te betwyfel of so 'n klein groepie Swartes binne 'n paar weke 'n groot groep Swartes in só 'n mate kon mobiliseer. Daarby moet onthou word dat baie streng veiligheidsmaatreëls gegeld het wat intimidasie bemoeilik het. Die Pearce-kommissie verklaar dan ook: "We do not think that the African National Council would have obtained so great and so swift a response had they not met a potensial desire among a majority of people for leadership in a rejection of the terms and a protest against the policies of the last few years" (Loney: 1975, 180). Oorsese nuus-media het die Pearce-kommissie se bevindinge ondersteun.

## 1.14 RHODESIë SE REAKSIE OP DIE PEARCE-KOMMISSIE SE BEVINDINGE

Smith se aanvanklike voorstel was dat Rhodesië bereid was om met die 1971-voorstelle voort te gaan ongeag die Pearce-kommissie se bevinding. Sir Alec het egter aangedring op die toepassing van die vyfde beginsel.

Op grond hiervan het Smith aangekondig dat die Rhodesiese regering as gevolg van die verwerping van

die 1971-voorstelle sou terugkeer na die implementering van die 1969-konstitusie. Die implikasie hiervan was dat Rhodesië die eerste beginsel om 'n skikking te bewerkstellig, naamlik die ongehinderde vordering na meerderheidsregering, verwerp het. Rhodesië sou weer regeer word volgens die beginsel van "parity" en "perpetuity." Die verdere tien setels wat die Swartes volgens die 1971-voorwaardes sou bykry nadat pariteit bereik sou word, is dus geskrap. Die moontlikheid van meerderheidsregering is derhalwe uitgesluit.

Verder is daar teruggekeer na die inkomstebelastingreguleerder as basis waarvolgens addisionele Swart setels in die parlement geskep sou word (Afr. Inst. Bulletin: Februarie 1972, 225).

## 1.15 SLOT

Die hoofstuk het hoofsaaklik gehandel oor die grondwetlike voorstelle wat ter tafel gelê is, as oplossing van die Rhodesiese onafhanklikheidsvraagstuk. Die basis van al die grondwetlike voorstelle was wanneer en op watter wyse oordrag na 'n Swart meerderheidsregering sou plaasvind. Die Rhodesian Front-party se onvermoë om dié realiteit te aanvaar, het 'n bydrae gelewer tot die toekomstige staatkundige destabi-

lisasie van die Blanke in Rhodesië.

Die feit dat geen basis vir geslaagde onderhandeling gevind kon word nie, het die toekomstige posisie van die Blanke verswak. Die Rhodesiese republiek het geen internasionale erkenning geniet nie, en terselfdertyd het die Swart ekstremiste daagliks steun opgebou vir 'n Swart meerderheidsregering.

# HOOFSTUK IV

# DIE REWOLUSIONêRE STRYD IN RHODESIë

## 1.1 INLEIDING

Die politieke destabilisasie van die Blanke regering in Rhodesië was grootliks die gevolg van 'n rewolusionêre stryd deur die Swart nasionalistiese bewegings. Nadat die Swartman in Rhodesië tot die oortuiging gekom het dat 'n politieke magsoorname deur middel van rewolusionêre optredes bewerkstellig kon word, het verskeie militante groeperings plaasgevind.

Die "Zimbabwe African Peoples Union" (ZAPU) en die "Zimbabwe African National Union" (ZANU) het die belangrikste rol in die rewolusionêre offensief gespeel. Deur middel van hul onderskeie militêre vleuels, die "Zimbabwe Peoples Revolutionary Army" (ZIPRA) en die "Zimbabwe African National Liberation Army" (ZANLA), sou die magsbasis van die Blanke se politieke struktuur in 'n toenemende mate aangetas word.

In hierdie hoofstuk sal daar vervolgens aandag geskenk word aan die rewolusionêre stryd, bekend as Chimurenga, in Rhodesië.

## 1.2 DIE OPKOMS VAN NASIONALISTIESE BEWEGINGS EN DIE AANLOOP TOT DIE REWOLUSIONêRE STRYD

Die African National Congress (ANC) is in 1934 in Bulawayo gestig. Die eerste twee leiers was Enoch Dumbutshena en Thompson Samkange. Die sentrale tema van die organisasie was teenkanting teen rassisme en om ekonomiese vooruitgang vir die Swartman te bewerkstellig (Meredith: 1979, 25). Teen 1948 het die organisasie 'n ledetal van tussen 5 000 en 7 000 gehad.

In 1952 is Joshua Nkomo tot president van die ANC verkies. Nkomo het hom soos volg uitgelaat oor die probleme van die organisasie in hierdie jare: "Tt was our mission to make people believe that things could be change. That was not easy: there was a tremendous amount of apathy ... the white people were so strong and well organised, we were so weak" (Nkomo: 1984, 45).

In Augustus 1955 het vier mans, wat later sinoniem sou word met Swart nasionalisme, die City Youth League (CYL) gestig. Die vier was James Chikerema, George Nyandoro, Edson Sithole en Dunduza Chisiza. Die organisasie se naam is later verander na die African National Youth League om 'n groter aanhang te bewerkstellig (Vambe: 1976, 71). Die leiers het veral

kontak gehad met internasionale organisasies soos die Inter Racial Association. Die CYL was gekant teen die bestaande orde asook die passiwiteit onder die Swartes. Charles Mzingeli, 'n prominente Swart weerstandsleier van die veertigerjare, is byvoorbeeld skerp aangeval oor sy gebrek aan verdere entoesiasme. George Nyandoro het 'n lyfblad begin uitgee met die titel Mukazi Africa, of te wel Wake-up Africa. 'n Tweede blad, Chapupu, wat nog meer militant was, het later gevolg.

Die Youth League het later opgegaan in die African National Congress, nadat laasgenoemde geherorganiseer is. Die nuwe bestuur van die ANC was: President - Joshua Nkomo; Vise-president - James Chikerema; Sekretaris-generaal - George Nyandoro en James Msika was die tesourier (Nkomo: 1984, 70). Met verwysing na die uitgangspunte van die leiers van die organisasie het Nkomo die volgende opgemerk: "The new ANC was very different from its predecessor. Its committee included several people who ... were not in the least averse to violence for political ends" (Nkomo: 1984, 71).

Die handves van die ANC het kortliks so gelui: "The ANC of Southern Rhodesia is a people's movement, dedicated to a political programme, economic and educatio-

nal advancement, social service and personal standards. Its aim is the NATIONAL UNITY of all inhabitants of the country, in true partnership, regardless of race, colour and creed ... The Congress affirms complete loyalty to the Crown as the symbol of national unity.

It's not a racial movement. It is equally opposed to tribalism and racialism.

The Congress believes that individual initiative and free enterprise are necessary to the life of a young country and must be fully encouraged, but that a considerable measure of Government control is necessary in a moderate state ...

This country greatly needs capital from overseas.

The Congress recognize that to obtain this, security must be provided for both public and private investments. Government must therefore establish conditions under which capital may be invested and industry established with security to encourage investors" (Bowman: 1971, 178).

Die prokureur Guy Clutton-Brock het 'n groot rol gespeel in die opstel van die handves (Nkomo: 1984,

72).

Na aanleiding van die implementering van die Land Husbandry Act waarvolgens veegetalle verminder moes word om die verspreiding van epidemies te verhoed, het 'n dreigende opstand onder die Swart bevolking ontstaan. Die Rhodesiese Eerste Minister, Sir Edgar Whitehead, het hierop gereageer deur 'n noodtoestand af te kondig (Vambe: 1976, 218). Nyandoro, Chikerema en Sithole is ingevolge die proklamasie gearresteer. Alhoewel daar geen openbare oproere was nie, is die ANC in Februarie 1959 verbode verklaar. Whitehead het die stap geregverdig deur daarop te wys dat die Swart nasionaliste die plaaslike bevolking beïnvloed het om die wet te oortree en alle wettige owerheidsmaatreëls en regeringsamptenare te opponeer (Meredith: 1979, 27).

Nkomo het egter die vangnet ontduik. Drie maande voor die arrestasie het hy na Accra vertrek om 'n konferensie by te woon. Daarna is hy na Kaïro om buitelandse steun vir die ANC te werf waarna hy na Londen gegaan het en eers in 1960 na Rhodesië teruggekeer het.

Die verbode verklaring van die ANC en die arrestasie van 500 aktiewe lede van die organisasie, was 'n tydelike terugslag vir Swart nasionalisme. Chikerema

en Nyandoro is tronkstraf opgelê en Nkomo moes in "ballingskap" in Londen bly. Dié terugslae het egter nie die golf van nasionalisme gestuit nie (Martin: 1981, 67).

Met die onmiddellike probleme opgelos, het eerste minister Whitehead vir homself 'n basis opgebou om in die vervolg op te tree teen verdere Swart opposisie. Twee handige wette was reeds dienaangaande op die Wetboek. Die Subversive Activities Act, wat reeds in 1950 deurgevoer is, het die regering gemagtig om alle vergaderings te verbied. Die wet was ook van toepassing op ondermynende literatuur. Die Public Order Act van 1955 het die regering gemagtig om na goeddunke persone te arresteer. Die persone kon aangehou word sonder 'n formele klag of verhoor. Vyf nuwe wette het ook die lig gesien, naamlik die Unlawful Organizations Act, die Native Affairs Amendment Act, die Preventive Detention Act, die Law and Order Maintenance Act en die Emergency Powers Act. Sir Edgar Whitehead se belofte aan sy kiesers: "We are going to take positive action" het dus nie 'n leë belofte gebly nie (Vambe: 1976, 282).

Onder die vaandel van die National Democratic Party (NDP) het die Swart nasionaliste weer op die voorgrond getree (Vambe: 1976, 283). Met die stigting van die

NDP op 1 Januarie 1960, is Matthew Mawema tot president verkies en Joshua Nkomo as sekretaris. In Oktober het Nkomo president van die organisasie geword (Martin: 1981, 66). Die NDP het gekonsentreer op dit wat die militante Swartman na aan die hart gelê het, naamlik een mens een stem en gepaardgaande politieke gelykheid (Bowman: 1971, 181).

Die regering het te midde van groeiende Swart nasionalisme, die Hoofmanne as 'n buffer tussen die strydende partye probeer gebruik. Whitehead het verder gehoop om in 'n nuwe politieke bestel die Blanke en die middelklas Swartman te betrek deur gekwalifiseerde stemreg op grond van inkomste en kwalifikasies in te stel.

Die Swart nasionaliste het egter onder die vaandel van die NDP veld gewen ten koste van Whitehead se beleidsrigtings. Die NDP het dan ook groot getalle Swartes uit die middelklas, asook 'n groep Swart intellektueles, aangetrek. Die NDP het as spreekbuis vir die middelklas Swartes gedien. Die groep het onder andere ingesluit:

Ndabaningi Sithole, 'n 43-jarige oud-onderwyser en oud-predikant. Sy boek <u>African Nationalism</u> gepubliseer in 1959, het die nodigheid uitgestippel vir gelyke

menseregte, en 'n werklike veelrassige samelewing. Sithole was 'n leerling aan 'n sendingskool en het drie jaar in Amerika gestudeer (Bowman: 1971, 180).

Robert Mugabe (32), het 'n onderwyspos in 1960 in Ghana laat vaar en het teruggekeer na Rhodesië om die nasionaliste by te staan. Ook hy was 'n produk van 'n sendingskool naby Katuma (Vambe: 1976, 282).

Herbert Chitepo (37), was die eerste Rhodesiese Swart advokaat. 'n Spesiale klousule moes in die Land Apportionment Act ingeskryf word sodat hy in die Hofgebou 'n stel kamers kon betrek. Ook hy het aan 'n sendingskool opleiding ontvang.

As gevolg van die nasionalistiese leiers se heftige standpuntinname teen die 1961-grondwet het geweldadigde oproere uitgebreek en brandstigting het voorgekom. Dit was dus nie 'n verrassing dat die NDP na die vloedgolf stedelike geweld, verbode verklaar is nie. Die organisasie het egter byna onmiddellik ondergronds gegaan en in Desember 1961 is die Zimbabwe African People's Union (ZAPU) gestig. Nkomo is tot president van die organisasie verkies. ZAPU se oogmerke, doelstellings en aktiwiteite was getrou aan dié van die NDP. Die organisasie se standpunte soos uiteen-

gesit in sy offisiële koerante, die African Daily News en die People's Voice, was:

"(a) To fight relentlessly to establish the spirit of democracy among the people of Zimbabwe.

(b) To inculate and maintain the spirit of democracy and liberty among the people of Zimbabwe.

(c) To unite the African people so they liberate themselves from all forms of imperialism and colonialism.

(d) To create conditions for the economic prosperity of our people under a government based on the principle of one man one vote.

(e) To eliminate all forms of oppression.

(f) To foster the development of the best values in African culture so to establish a desirable social order"

(Bowman: 1971, 184).

Die ZAPU-leierskader het in September 1962 twee uiters belangrike besluite geneem, naamlik:

- om wapens en ammunisie in Rhodesië in te smokkel; en

- Om lede van ZAPU na die buiteland te stuur om opleiding as saboteurs te ontvang.

Nkomo het dié nuwe benadering so verduidelik: "If development in Southern Rhodesia is an obstacle to the political freedom of black people there, then we shall have to destroy that development. In the war, if a bridge became a danger to your nation, you blew up that bridge - not that you do not think bridges a good thing but because at that time that particular bridge was helping your enemy. So if factories in Southern Rhodesia are an obstacle to your advance, we shall have to blow up those factories" (Nkomo: 1984, 99).

ZAPU is in September 1962 tot 'n verbode organisasie verklaar. Nkomo was op daardie tydstip in Lusaka. Ná sy terugkeer enkele dae later is hy tot die Bulawayo-distrik vir drie maande ingeperk.

Nkomo het na aanleiding van dié gebeure van die standpunt af uitgegaan dat die daarstelling van 'n regering in ballingskap die mees effektiewe manier van optrede sou wees. Hy het geglo dat 'n nuwe organisasie net weer deur die regering verbied sou word terwyl leiers ook gearresteer sou word. Hy het die mening gehuldig dat indien die <u>Rhodesian Front</u> sou oorgaan tot 'n

eensydige onafhanklikheidsverklaring 'n konstitusionele dispuut sou volg waarna ZAPU dan op internasionale erkenning as die "wettige regering" van Rhodesië kon aanspraak maak (Meredith: 1979, 38).

Van Nkomo se kollegas het egter die gedagte geoppóneer. Mugabe en Chitepo het 'n fermer beleid van konfrontasie voorgestaan asook die vestiging van 'n organisasie wat 'n militante boodskap kon uitdra (Caute: 1983, 118).

Tydens 'n vergadering van ZAPU se uitvoerende komitee in Dar-es-Salaam is besef dat nie Nyerere of enige ander staatshoof die gedagte van 'n regering in ballingskap ondersteun het nie. Die druk op Nkomo se leierskap het derhalwe begin toeneem. Veral Mugabe, Sithole en Chitepo was van mening dat Nkomo nie die geskikte persoon was om die "vryheidstryd" te lei nie.

Na die ontbinding van die Federasie het Nkomo na Rhodesië teruggekeer terwyl die grootste deel van ZAPU se uitvoerende komitee in die buiteland gebly het. Nadat Nkomo briewe onderskep het waarin lede van die uitvoerende komitee hul wantroue in hom uitgespreek het, het hy Ndabaningi Sithole, Takawira, Mugabe en Moton Malianga uit ZAPU geskors. In antwoord hierop, het laasgenoemde weer vir Nkomo geskors (African

Research Bulletin: 15 May 1979).

Die skeuring binne ZAPU was finaal. In die nuwe groeperinge wat hierop gevolg het, het stamverbondenheid 'n groot rol gespeel. Nkomo het derhalwe 'n groot aanhang in Matabeleland geniet. Sy invloed in die gebiede daarbuite was egter beperk. Nieteenstaande die feit is Nkomo as 'n pionierleier deur die Swartes van Rhodesië gesien, 'n simboliese Gandhi (Bowman: 1971, 23). Nkomo het dan ook beweer dat die leiers van die splintergroep in eie belang opgetree het sonder dat hulle enige kontak met die Swartes van Rhodesië gehad het. Die splintergroep se belangrikste voordeel was dat hulle die steun gehad het van president Nyerere en die frontlinie-state (Nkomo: 1984, 117).

Na aanleiding van die gebeure is die Zimbabwe National Union (ZANU) op 8 Augustus 1963 gestig. Ndabaningi Sithole het die eerste president geword, Takawira die vise-president, Mugabe die sekretaris-generaal en Malianga het die portefeulje Jeugsake beklee. Nkomo het in reaksie hierop 'n nuwe organisasie, die People's Caretaker Council, gestig om namens die verbode ZAPU-beweging op te tree.

Die twee opponerende organisasies, ZANU en die PCC,

het mekaar nou die styd aangesê. ZANU is ondersteun deur Nkrumah van Ghana, Nyerere van Tanzanië en ook lande soos Malawi en Algerië. Die OAE se bevrydingskomitee het ZANU ook bo die PCC verkies. Die PCC is ondersteun deur Nigerië asook Nasser van Egipte. Beide groepe het in hierdie stadium ontken dat hulle enige steun van Rusland of van sy satelietstate ontvang (Afr. Inst. Bulletin: Junie 1966, 132).

Die situasie in Rhodesië het aan die regering die geleentheid gegee om op te tree teen die strydende groepe ten einde wet en orde te handhaaf. In Februarie 1964 is 144 lede van die PCC en ZANU ingeperk. In April 1964 is Nkomo na 'n aanhoudingskamp by Gonakudzingwa gestuur. Die interne konflik het egter voortgewoed. In Julie en Augustus het die regering meer as 1 700 gevalle van politieke geweld, 4 moorde, 20 petrolbomaanvalle, 293 gevalle van kriminele oortredings en 591 klipgooivoorvalle aangemeld. Die situasie het voortgeduur tot 26 Augustus 1964. Daarna is beide die PCC en ZANU verbode verklaar en feitlik elke prominente nasionalistiese leier, insluitend Sithole en Mugabe, is aangehou.

## 1.3 DIE FASES VAN DIE REWOLUSIONêRE STRYD

Rhodesiese inligtingsoffisiere het die oorlog in drie

fases verdeel, naamlik:

(a) Die Eerste fase was van 1964 tot die einde van Operasie Excess in 1968.

(b) Die Tweede fase was 'n defensiewe fase tot die aanval op Altena Farm in Desember 1972.

(c) Die Derde fase strek vanaf Desember 1972 tot die ondertekening van die nie-aanvalsverdrag op 21 Desember 1979.

(Moorcraft: 1982, 19).

Enkele belangrike momente in die strategiese ontwikkelingsgang van die rewolusionêre stryd word vervolgens onder die loep geneem.

### 1.3.1. DIE EERSTE EN TWEEDE FASES

Emmerson M'nangagwa was die leier van ZANU se eerste vyf rewolusionêres wat buite Rhodesië in rewolusionêre oorlogvoering opgelei is. Dié groep het reeds op 22 September 1963 in China aangekom vir 'n kursus van ses maande. 'n Tweede groep wat onder andere William Ndangana ingesluit het, het basiese opleiding in Ghana ontvang en in 1965 gevorderde instrukteursopleiding in China. Vroeg in 1966 het Josiah Tongogara 'n derde

groep na die Nanking Militêre Akademie in Peking geneem vir opleiding in massamobilisasie, strategie en taktiek.

Die eerste ernstige rewolusionêre insypeling was op 26 April 1966 toe 14 lede van ZANLA die Zambezi oorgesteek het met die opdrag om sabotasie te pleeg op plase en die Umtali-Beirapypleiding te saboteur (Meredith: 1979, 68). Op 28 April is sewe lede van die groep, naamlik Simon Chimbodya, Christopher Catambudya, Nathan Charumuka, Godwin Manyerenyere, Ephrain Shenyere en David Guzuzu egter in 'n geveg by Sinoia deur die Rhodesiese veiligheidsmagte gedood. Dié dag, bekend as Chimurenga-dag, is deur die rewolusionêres beskou as die begin van die "vryheidstryd".

Gedurende die nag van 16 Mei 1966 is Johannes Viljoen en sy vrou op Nevade Farm vermoor. ZANU het onmiddellik verantwoordelikheid vir die daad aanvaar en gedreig: "For every one of our sons and daughters killed by the settlers, we shall kill settlers with compound interest" (Moorcraft: 1982, 19).

In Julie 1967 het 'n gesamentlike mag van ZAPU en die Suid-Afrikaanse African National Congress (SAANC) die

Rhodesiese grens tussen die Victoria-waterval en Kazunguba oorgesteek en in die rigting van die Wankie-wildreservaat beweeg. Die gesamentlike SAANC/ZAPU-mag het ook die Suid-Afrikaanse Polisie op die toneel gebring. In die kontak met die rewolusionêres is 31 van die insypelaars volgens die Rhodesiërs gedood (Meredith: 1979, 69).

Die gesamentlike optrede van die SAANC en ZAPU het hewige kritiek van die Pan Africanist Congress (PAC) ontlok. 'n PAC-pamflet getitel The Wankie Fiasco in Retrospect het dit so gestel: "You cannot hope to gobble up a regular army, all at once in a conventional style war, as our brothers tried to do, and still claim to be waging guerrilla warfare. It is wholly unacceptable both in theory and practice" (Martin: 1981, 10).

Ten spyte van die veroordeling van die gesamentlike optrede het ZAPU en die SAANC vroeg in 1968 die Zambezi met 'n gewapende mag van 123 man oorgesteek. Vir drie maande lank is basiskampe opgerig waar aansienlike hoeveelhede ammunisie en kos geberg is. Op 18 Maart is die basisse aangeval en ongeveer 69 van die rewolusionêres is gedood. Groot konsentrasies rewolusionêres was dus nie opgewasse teen die mobiele Rhodesiese weermag nie (Meredith: 1979, 69). Na

aanleiding hiervan het ZANU beweer dat die SAANC en ZAPU Mao se riglyne met betrekking tot rewolusionêre oorlogvoering verkeerd vertolk het. Die konvensionele metode wat gevolg is, het die taktiese voordeel in die hande van die veiligheidsmagte gelaat.

In April 1969 het ZANU 'n oorlogsraad bestaande uit agt lede in die lewe geroep. Die oorlogsraad was bekend as die "Dare Chimurenga". Een van die "Dare" se eerste doelstellings was om die FRELIMO-magte oor te haal om ZANU toe te laat om vanuit Mosambiek te opereer. FRELIMO het egter vir ZAPU as nasionalistiese beweging erken (Afr. Inst. Bulletin: Augustus 1969).

ZANLA het in 1971, by monde van sy voorsitter, Herbert Chitepo, 'n taktiekverandering met betrekking tot die stryd uitgespel: "It is useless to engage in conventional warfare with well-equipped Rhodesian and South African troops along the Zambezi" (Martin: 1981, 13).

Chikerema het namens ZIPRA ook 'n taktiekverandering aangekondig: "We do not intend to finish in a matter of two, three or five years, this is a protracted struggle. The type of war we fight depends on changes of tactics and I can tell you that we've changed our tactics ... where they meet us and intercept us, we will stand and fight; where they don't

see us, we will go to our own areas and infiltrate ourselves in the population and organize our masses" (Griffith: 1978, 68).

Die aanduiding dat ZANLA en ZIPRA 'n taktiekverandering gaan toepas, is deur die Rhodesiese Inligtingsgemeenskap afgemaak as 'n bewys van 'n rewolusionêre nederlaag.

FRELIMO se aanvanklike steun aan ZAPU het vanweë die organisasie se onvermoë om militêr op te tree, nou verander na steun vir ZANU. 'n Senior FRELIMO-offisier het die volgende hieroor opgemerk: "How did we start supporting ZANU ...? It was when our natural ally refused to fight with weapons in their hands. They violated all the principles. When ZANU accepted to fight with weapons in their hands, they became our allies. This is really the great point of difference. It was not the fighters ZIPRA who refused. It was the ZAPU leadership" (Martin: 1981, 16).

'n Groep ZANU-lede het aanvanklik opleiding ontvang by hul meer ervare FRELIMO-kollegas. Een van die ZANU-leiers, Urimbo, het saam met FRELIMO opgetree en geleer hoe hulle opereer met betrekking tot die mobilisasie van die massa en die skakeling tussen die party en die militêre mag. Die ZANU-magte het dus terugge-

keer na die grondbeginsels van rewolusionêre oorlogvoering wat deur Mao Tse-tung neergelê is naamlik 'n eerste fase wat strategies defensief is, met as hoofprioriteit die mobilisasie van die massa voordat guerilla-oorlogvoering begin. In die eerste fase word direkte konvensionele botsings vermy. In die tweede fase, nadat basisse in die platteland gevestig is en 'n groot deel van die plaaslike bevolking gemobiliseer is, kan die vyand op 'n groter skaal aangepak word. Die derde fase is normaalweg die vestiging van bevryde sones, wat deur die rewolusionêre struktuur gedomineer word, en dan 'n meer konvensionele aanslag (Griffith: 1978, 5). Teen die agtergrond hiervan, het ZAPU en die SAANC die eerste twee fases geïgnoreer en verkeerdelik die veiligheidsmagte konvensioneel probeer aanpak (Griffith: 1978, 6).

Teen 1972 het die ZANLA-magte 'n wydverspreide infrastruktuur opgebou in die noordooste van Rhodesië. Die plaaslike mediums het hulself deel van die stryd verklaar en die plaaslike bevolking was gedeeltelik verpolitiseer. In November 1972 het die Veiligheidsmagte 'n sterk ZANLA-patrollie in die Mzarabani Tribal Trust Land (TTL) onderskep. Die gebied is geleë digby 'n digte konsentrasie van plase. Die skaal van insypeling en die graad van die bedreiging het uiteindelik begin deurdring tot die Rhodesiese politici.

Gedurende Desember het die Rhodesiese regering aangekondig dat diensplig verleng word tot een jaar. Die uitbreiding van die Weermag kon egter nie die eerste golf van die nuwe offensief stuit nie.

### 1.3.2 DIE DERDE FASE

Die geïsoleerde boerebevolking van Rhodesië sou die meeste blootgestel wees in die nuwe rewolusionêre-offensief (Rand Daily Mail: 10 August 1976). Die nuwe fase het op 21 Desember 1972 begin toe ZANLA die geïsoleerde Altena Farm in die "Centenary"-distrik aangeval het. Die De Borchgrave-gesin se agtjarige dogter Jane is in die aanval lig in die voet gewond (The Star: 22 Desember 1977).

Die ZANLA-weergawe van die voorval was dat dit gedoen is om die veiligheidsmagte se aandag te verdeel omdat laasgenoemde op rewolusionêre groepe in die Mtako-gebied gekonsentreer het. Rex Nhongo was in die stadium operasionele bevelvoerder in die Nehanda-sektor. Die De Borchgrave-gesin het nā die voorval na die aangrensende buurplaas Whistlefield Farm verskuif, net om twee nagte later weer die prooi te wees van 'n vuurpyl- en granaataanval. Mnr. De Borchgrave en sy dogter is in dië aanval gewond. 'n Reeks aanvalle op buurplase het gevolg. Die rewolusionêres het in 'n wye boog geïnfiltreer vanaf

Sipolilo, wes van Centenary, tot Mtoko in die ooste, en suidwaarts tot by die Chiweshe en Madziwa TTL.

Operasie Hurricane (vergelyk Bylae I) is deur die Rhodesiese magte van stapel gestuur om die nuwe bedreiging die hoof te bied. Die rewolusionêres het nou ook begin infiltreer vanaf Mosambiek en Zambië. Smith het uit weerwraak die grens tussen Rhodesië en Zambië gesluit, met nadelige gevolge, ook vir Rhodesië. Rhodesië was verplig om weer die grens oop te stel (Lovett: 1982, 38).

Die Rhodesiese regering het verder gepoog om die interne steun vir die rewolusionêres uit te wis. Die bevolking in gebiede wat samewerking aan die rewolusionêres gegee het, is beboet en stamlede is gestraf deur hul kuddes te verminder. In Februarie 1973 is alle winkels, klinieke, skole en kerke in die Chisweshe TTL gesluit. Die strafmaatreëls het egter die Swartman verbitterd gelaat (Moorcraft: 1982, 38).

Die vestiging van "protected villages" deur die Rhodesiërs het ook 'n nadelige sielkundige uitwerking op die stryd gehad. Volgens die stelsel is 'n gemeenskap verskuif en in 'n beskermde area gehuisves. Alhoewel dit vanuit 'n militêre oogpunt effektief was aangesien die bevolking van die rewolusionêre magte geïsoleer is, het die rewolusionêres maksimale propa-

gandawaarde daaruit geput.

Dit was vir die Rhodesiërs duidelik dat die rewolusionêre bedreiging net verminder kon word deur die infiltrasie vanaf die Tete-provinsie in Mosambiek te beperk. Duisende stamlede is vir die doel uit 'n strook teen die Mosambiekse grens verwyder en 'n no-go-gebied van 320 km is geskep waarin niemand mag beweeg het nie. Dit het egter maande geduur voordat die stamme hervestig is. Die no-go-gebied het in 'n mate die rewolusionêres beperk, veral op die gebied van rekrutering.

Op 5 Julie 1973 is 295 leerlinge en die personeel van die St. Albert's Mission in die Centenarygebied deur ZANLA ontvoer in 'n poging om hul rekrute aan te vul. Alhoewel persone hul vrywillig by die rewolusionêre magte geskaar het, het ZANLA steeds nuwe rekrute gedwing om by die beweging aan te sluit (African Research Bulletin: 15 February 1979).

Die Rhodesiese Weermag is egter ook met 'n mannekragprobleem gekonfronteer. Kleurlinge en Asiërs is vir die eerste keer in die Rhodesiese Weermag opgeneem en die ouderdomsperk vir diensplig is verhoog. Vanaf 1974 is die Weermag ook uitgebrei deur die werwing van buitelandse soldate. 'n Tweede Bataljon van die Rhodesian African Rifles is ook gevorm. Terselfder-

tyd is begin met 'n sielkundige teen-offensief. Die Rhodesiese regering het egter volgehou dat die stryd slegs 'n tydelike noodtoestand geverg het en dat dit nie nodig was om vir 'n uitgerekte oorlog te beplan nie (Moorcraft: 1982, 29). Nieteenstaande die feit het die regering begin om al sy bronne in te span in die stryd teen ZANLA en ZIPRA.

Vanaf middel 1974 is die protected-villages-program versnel. In 1974 is duisende stamlede van die Cheweshe- en Madzirva-gebiede byvoorbeeld deur middel van Operasie Overload na protected villages verskuif (Moorcraft: 1982, 30).

Die korttermyn toepassing van maatreëls teen ZANU en ZAPU het indrukwekkende resultate opgelewer. Aan die einde van 1974 was daar volgens die Rhodesiërs slegs ongeveer 70 rewolusionêres in Rhodesië (Martin: 1981, 118).

Om die situasie vir die rewolusionêres te vererger is hul ook deur hernieude interne wrywing gekonfronteer. In die verband het die sogenaamde "Nhari-rebellie" die ZANLA-magte geruk (Nkomo: 1984, 113). Nhari, 'n senior lid van ZANU se generale staf, het 'n oorname van die beweging in 1974 probeer uitvoer. Die charismatiese leier Chitepo is ook op 18 Maart 1975 om die lewe gebring (Bowman: 1971, 222). Zambië is in

sekere kringe van die moord op Chitepo beskuldig. Zambië het in reaksie hierop lede van ZANLA gedwing om na Mosambiek te vlug. Mugabe is feitlik as gevangene deur Machel, die FRELIMO-leier, aangehou (Foreign Affairs: 3 March 1983, 1062). Mugabe het egter toenemend Machel se vertroue begin wen met sy toegewydheid aan die stryd.

In 1975 is die Zimbabwe People's Army (ZIPA) onder die bevel van Rex Nhongo van ZANLA en Alfred Mangene van ZIPRA geskep om die twee bewegings se militêre aksies te koördineer. ZIPA het spoedig as 'n onafhanklike mag begin optree en het inherent die begeerte gehad om uiteindelik af te stig van die strydende politieke hiërargie om net op die gewapende stryd te konsentreer (Martin: 1981, 257). FRELIMO het egter van die ZIPA-lede gevange geneem en die res het weer by ZANLA en ZIPRA aangesluit. Alhoewel ZIPA se invloed tydelik was, het dit weer rewolusionêre aktiwiteite geaktiveer.

In reaksie hierop het die Rhodesiërs Operasie Thrasher (vergelyk Bylae I) met die hoofkwartier te Umtali en Operasie Repulse (vergelyk Bylae I) met die hoofkwartier te Fort Victoria van stapel gestuur (Caute: 1983, 115). Tussen Februarie en Junie 1976 het die Rhodesiërs ook 40 aanvalle op rewolusionêres oor die Mosambiekse grens geloods (The Star: 22 Desember

1977).

Vanweë die spanning tussen Mosambiek en Rhodesië het Mosambiek die grens met Rhodesië gesluit (Martin: 1981, 226).

Die oorlog het stadig begin voortkruip na die hart van Rhodesië. Tydens die Paasnaweek in 1976 is drie Suid-Afrikaanse toeriste in Rhodesië gedood. Die spoorlyn via Beitbrug is ook gesaboteer. Die spoorlyn van Bulawayo na Botswana was die volgende teiken. Intussen het die ZIPRA-magte met 'n intensiewe infiltrasiepoging oor die Zambezi in die noordweste van Rhodesië begin. In Julie 1976 het die rewolusionêres 'n restaurant en 'n nagklub in Salisbury met Chinese handgranate aangeval. In Augustus 1976 is Operasie Tangent (vergelyk Bylae I) deur Rhodesië van stapel gestuur in reaksie op die nuwe ZIPRA-inisiatief.

In die ooste van Rhodesië het die rewolusionêre aanvalle egter bly toeneem. In 'n kort periode is vyf mans van die grensdorpie Umtali gedood. Vermom as FRELIMO soldate het die Rhodesiërs hierop in Augustus 1976 'n aanval geloods op 'n rewolusionêre basis te Nyadzonia, 40 km noordoos van Umtali. Bykans 1 200 ZANU-lede het in die aanval die lewe gelaat.

In die volgende drie jaar, naamlik 1977 tot 1979, sou

die oorlog egter grootskaals eskaleer (Moorcraft: 1982, 39).

ZANLA het vir die stryd vanaf 1977 die volgende doelwitte uitgespel, naamlik 1977 sou die "Year of the Party" wees waartydens die nodige eenheid binne ZANU verkry moes word; 1978 sou as die "Year of the People" dien waartydens die organisasie finaal onder die Swart bevolking moes vestig; in 1979, die "Year of the People's Storm", moes die hele Rhodesië in 'n rewolusionêre kookpot omskep word en 1980 sou die "Year of the People's Power" wees, waartydens die Blanke regering finaal afgetakel moes word (Moorcraft: 1982, 85).

Die teen-rewolusionêre optredes is egter ook vanaf 1977 onder leiding van COMOPS (Combined Operations), wat onder direkte bevel van luitenant-generaal Peter Walls gestaan het, uitgebrei (Moorcraft: 1982, 192). Die Rhodesian African Rifles is byvoorbeeld met nog twee bataljons vergroot. Daarby is die "Protected Villages"-program opgeskerp. In 1977 kon die minister van binnelandse sake, Lardner-Burke, aankondig dat 145 "Protected Villages" voltooi was, wat beskerming aan 580 000 Swartmense gebied het. Die aandklokreëlings is ook verder uitgebrei en strenger toegepas (Martin: 1981, 251).

Gedurende November 1977 het die Rhodesiese Weermag 'n aanval gedoen op die ZANLA-hoofkwartier naby Chimoio in Mosambiek. Die aanval is opgevolg deur aanvalle op twee kampe by Tembwe in die Tete-provinsie (Cole: 1984, 169). Die ongevallesyfers vir die jaar 1977 was besonder hoog. Meer as 3 000 mense het as gevolg van die oorlog die lewe gelaat. Dit het die volgende groepe ingesluit: 191 lede van die Rhodesiese veiligheidsmag; 1 023 lede van die Swart plaaslike bevolking wat deur die rewolusionêres gedood is; 53 Blanke burgerlikes en 1 679 rewolusionêres wat deur die veiligheidsmag gedood is. Laasgenoemde syfer sluit nie die rewolusionêres in wat tydens veiligheidsmag-operasies in Mosambiek gedood is nie.(The Star: 22 Desember 1977).

Nieteenstaande die hoë rewolusionêre verliese het die optredes in Rhodesië in 1978 uitgebrei. Op 23 Junie 1978 is 8 Britse sendelinge en 4 kinders by die Elim Sendingstasie vermoor. Die effek van sodanige gebeure was dat al groter getalle Blankes Rhodesië verlaat het. In Julie 1978 alleen het 1 342 Blankes Rhodesië permanent verlaat (Die Suidwester: 30 Augustus 1978).

Op 3 September 1978 het ZIPRA 'n Viscount-passasiersvliegtuig met 'n SAM 7-missiel neergeskiet. Die grusaamste van die gebeurtenis was dat die 18 oor-

lewendes uit 53 passasiers daarna om die lewe gebring is. Een van die Rhodesian Front se LV's het die gemoedstemming van die Blankes hierna soos volg opgesom: "I fear, it is now upon us, when all Africa is going to see their first race of really angry white man" (Stiff: 1984, 146).

Rhodesiese vliegtuie het op 18 Oktober 1978 'n aanval op ZIPRA-elemente 19 km noord van Lusaka in Zambië geloods. Die Rhodesiërs het daarop aanspraak gemaak dat ± 1 500 ZIPRA-lede in die aanval gedood is (Moorcraft: 1982, 202).

Aanvalle soos hierdie het die Blanke moreel gestimuleer, maar kon nie veel doen om die offensief van ZANLA en ZIPRA in die reënseisoen af te weer nie. Genl. Walls het erken: "We have a hard job containing them" (The Star: 22 Desember 1978).

Op 12 Februarie 1979 het ZIPRA nog 'n Viscount-vliegtuig neergeskiet. Nkomo het dienaangaande verklaar dat ZIPRA gehoop het dat Genl. Walls 'n passasier op die vliegtuig sou wees (Nkomo: 1984, 191).

Vanaf Februarie 1979 tot Oktober 1979 het die Rhodesiese Weermag verskeie aanvalle op die rewolusionêres in Angola, Mosambiek en Zambië geloods (Cole: 1984,

227; Caute: 1982, 140; Stiff: 1982, 412). Teen September 1979 het 'n lid van die Selous Scouts egter dienaangaande opgemerk: "We knew then that we would not beat them. They had so much equipment and there were so many of them. They would just keep on coming with more and more" (Stiff: 1982, 392).

Die dodesyfer tussen Januarie 1979 en Desember 1979 was 7 729, meer as 'n derde van die totaal van 19 898 wat vanaf die begin van die rewolusionêre stryd omgekom het. Die getal veiligheidsmaglede wat gesterf het, was 408, 'n 50% styging vergeleke met 1978. 4 290 Rewolusionêres is gedood (Caute: 1982, 286).

Op 21 Desember 1979, tydens die Lancasterhuis-beraad, is 'n skietstilstand onderteken. Dit was presies sewe jaar nadat die aanval op die Altena-plaas in die Centenary-distrik op 21 Desember 1972 plaasgevind het.

Daar word vervolgens na enkele nie-militêre en militêre kenmerke van die rewolusionêre offensief in Rhodesië verwys.

## 1.4 DIE IDEOLOGIESE BASIS VAN ZANU EN ZAPU

Die kommunistiese oriëntering van die rewolusionêres is gedurende die oorlog fel gedebatteer. Smith het

die rewolusionêres afgemaak as "kommunistiese agitators" (Afr. Inst. Bulletin: April 1965, 114). Vir die Rhodesiërs was die rewolusionêres derhalwe "kommunistiese terroriste" óf ten minste "kommunisties-opgeleide terroriste". Die rewolusionêres se toepassing van rewolusionêre kommunistiese idees het hulle dan veral onder verdenking geplaas. Die Westerse waarnemers se siening van die rewolusionêres was dat hulle bloot deur die kommunistiese state misbruik is.

Die werke van Marx, Lenin and Mao Tse-tung het 'n belangrike rol in die politieke opleiding van die rewolusionêres gespeel. ZIPRA het veral ook aandag aan die denke van Fidel Casto geskenk (Nkomo: 1984, 80). Teen 1978 het die werke van Mao ZANLA se opleiding oorheers.

Nasionalistiese denke het oor 'n belangrike invloed op die rewolusionêres se politieke beskouings gehad. In ZANLA-geledere is die rewolusionêres bewus gemaak van griewe met betrekking tot die ongelyke verdeling van grond, swak opvoeding, politieke onderdrukking, lae salarisse en sosiale ongelykheid wat onder Swartes bestaan het. In 'n ZANLA-dokument van 1976 is die doelwitte van die rewolusionêres soos volg uiteengesit: "... the principle objective of our revolution is the seizure of power by means of destruction of the racist political-military machine and its replacement

by the people in arms in order to change the existing economic and social order" (Moorcraft: 1982, 78).

Die Swartman se tradisionele religieuse gebruike het ook 'n rigtinggewende krag in die rewolusionêre offensief gevorm. Urimbo, ZANLA se eerste provinsiale bevelvoerder, en Chimurenga*, 'n operasionele bevelvoerder, het van meet af aan die belangrikheid van mediums** se invloed vir die bereiking van die rewolusionêre doelstellings besef. Chimurenga was direk in kontak met Mbuya Nehanda, 'n ou vrou van diep in die tagtig (Martin: 1981, 76) wat erken is as die medium vir Nehanda, 'n Sjona-vrou wat in 1898 tereggestel is nadat sy 'n leidende rol in die Swart opstande van 1896-1897 gespeel het. Die afgestorwe Nehanda sou glo voor haar dood in 1898 gesê het dat haar kinders eendag die land sal bevry. Chimurenga het beweer dat hy deur Nehanda met die gees van die afgestorwe Nehanda gepraat het. Daar is aan haar verduidelik dat die rewolusionêres haar kinders is en dat hul haar leiding verlang in die "oorlog van bevryding".

---

* Dié bevelvoerder Chimurenga se naam moet nie verwar word met die woord Chimurenga wat "vryheidstryd" beteken nie. Dit was die gebruik dat die rewolusionêres patriotiese name aanneem.

** 'n Medium het 'n magiese rol in die onderontwikkelde psige van die Swartman gespeel. Deur middel van die mediums kon afgestorwenes kontak maak met die lewendes.

Chimurenga het verder beweer dat die voorvadergeeste hul opdrag gegee het om die medium te verskuif na 'n veilige plek sodat hy planne vir die oorlog met behulp van die medium kon beraam.

Nehanda is derhalwe van die gebied by Musengezi tot by die rewolusionêre basis Chifombo aan die Mosambiek-Zambië-grens gedra (Caute: 1983, 110). Dit word vertel dat sy dae lank beweginglooS gelê het in die Chifombo-basis, om dan op dae van "helderheid" leiding aan die rewolusionêres te gee. Verskeie ander mediums het hul ook by die rewolusionêres geskaar terwyl die mediums ook die Swart bevolking pro-rewolusionêr beïnvloed het.

Die vraag ontstaan egter watter invloed die mediums werklik op die rewolusionêres gehad het. Is die mediums nie slegs deur die rewolusionêres misbruik om die passiewe Swart massa te mobiliseer nie? Sommige van die ZANU-bevelvoerders het dan ook slegs in die mediums "geglo" omdat hul optredes tot bevolkingsmobilisering aanleiding gegee het. Josiah Tungamirai was een van die rewolusionêres wat nie erg aan die mediums gehad het nie: "Personally I didn't believe in that because I was brought up in the church" (Martin: 1981, 77). Hy het egter verklaar: "Once the children, the boys and girls ..., knew that Nehanda had joined the war they came in large numbers"

(Martin: 1981, 78).

Ian Smith het na die mediums verwys as "toordokters". Die "Special Branch" het egter aan hom uitgewys dat die Swartes in Noordoos-Rhodesië baie ontvanklik was vir die riglyne van voorvadergeeste wat deur middel van die mediums aan die bevolking oorgedra is (Martin: 1981, 75).

## 1.5 ZANU EN ZAPU SE PROPAGANDA-OFFENSIEF

ZANU en ZAPU het 'n effektiewe sielkundige offensief gedurende die stryd van stapel gestuur. Die Swart bevolking het dienaangaande die belangrikste teikengroep gevorm. Die rewolusionêre magte het hul propaganda temas aan die stryd vir die verkryging van politieke regte gekoppel. Alhoewel daar van gedrukte materiaal in die verband gebruik gemaak is (vergelyk Bylae II), het die gesproke woord die belangrikste medium vir die kommunikering van propagandaboodskappe gevorm (Moorcraft: 1982, 87). Die rewolusionêres het dikwels van die "leuen-tegniek" gebruik gemaak om die organisasies se vermoëns aan die bevolking bekend te stel. Op 3 Oktober 1973 is 'n verklaring byvoorbeeld deur ZAPU uitgereik waarin vermeld is dat ZIPRA 'n Rhodesiese militêre kamp by Urungive oorrompel het en dat sestig Suid-Afrikaanse soldate in die aanval

gedood is. Die Rhodesiese verklaring dienaangaande het gelui dat slegs een soldaat, 'n Rhodesiër, gedood is. Propaganda soos dat die rewolusionêres drie Rhodesiese vliegtuie per maand neergeskiet het was ook blote versinsels. Dit het egter 'n groot indruk op die Swart bevolking gemaak.

Ten einde 'n positiewe houding by die Blanke Rhodesiërs teenoor die rewolusionêres te kweek, is Blanke gevangenes dikwels goed behandel. Die eerste Blanke ZANLA-gevangene, die 29-jarige Gerald Hawksworth, is byvoorbeeld na Chifombo, ZANLA se hoofbasis, geneem. Die rewolusionêre leier Tongogara het na hom as "Comrade Hawksworth" verwys. Tongogara sou ook aan Hawksworth gesê het dat die stryd in Rhodesië nie 'n rasse-oorlog was nie. Hawksworth het Tongogara as altyd hoflik, vriendelik en hulpvaardig bestempel (Caute: 1982, 184).

Die Blanke Rhodesiërs het egter geglo dat sodanige verklarings van gevangenes onder dwang gedoen is. In die Rhodesia Herald is geskryf: "Although the abductees say they were well treated by their captors there must have been a dreadful ordeal, the full story of which has yet to be told" (Martin: 1981, 107).

Op internasionale front het die rewolusionêres beson-

dere sukses behaal. Die hele Oosblok, en feitlik alle Derdewêreldlande, en hul propagandamasjinerie, het die rewolusionêres se saak gesteun. In die Westerse wêreld het die pers, met enkele uitsonderings soos die London Daily Telegraph, ook simpatiek gestaan teenoor die rewolusionêres.

Die rewolusionêre offensief het met verloop van tyd omvattende sielkundige letsels op die Blanke Rhodesiërs begin laat. Teen 1977 is die volgende uitdrukking dikwels onder Blankes gehoor: "Nobody wants to be the last White man to die for Zimbabwe" (The Natal Witness: 18 August 1978).

## 1.6 ZANLA EN ZIPRA: MILITêRE ORGANISASIE EN GEBIEDE VAN OPTREDE

Die president van ZANU is verkies deur die organisasie se sentrale komitee (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1062). Die organisasie se politieke struktuur was aan ZANLA gekoppel deur middel van die "Dare re Chimurenga", ZANU se oorlogskabinet. Dit is interessant om daarop te let dat geeneen van die lede van die oorlogskabinet, genoem DARE, wat in 1969 en 1971 verkies is, enige militêre opleiding of ondervinding gehad het. Dit het die Sekretaris van Verdediging ingesluit wat in beheer was van militêre operasies (Martin: 1981, 32). In 1973 is Josiah

Tongogara, 'n persoon met die nodige militêre opleiding, aangewys as DARE se Sekretaris/van Verdediging en dus ook as voorsitter van ZANLA se Militêre Opperbevel. Sy tweede in bevel en hoof van operasies was Rex Nhongo, wat Tongogara na sy dood in 1979 as ZANLA-bevelvoerder opgevolg het. Die Militêre Opperbevel het ook die hoof politieke kommissaris, die hoof van logistiek asook ander departementshoofde ingesluit. Die generale staf het die Militêre Opperbevel se burokratiese instrument gevorm. Die generale staf het personeel verantwoordelik vir opleiding, logistiek, kommunikasie en roetine-administrasie ingesluit. Onder die Militêre Opperbevel het 'n vertikale gesagstruktuur tot op seksievlak bestaan (vergelyk Bylae III).

ZIPRA het bykans 'n soortgelyke militêre organisasie as dié van ZANLA gehad. ZAPU se sentrale komitee het 'n oorlogsraad aangewys, wat in die begin van 1970 bestaan het uit J.Z. Moyo (hy is later deur 'n pakketbom gedood), James Chikerema, wat ZIPRA later verlaat het en 'n aantal militêre personeellede. Die militêre opperbevelvoerder gedurende die kritieke stadiums van die oorlog was Alfred Mangena, wat deur 'n landmyn gedood is. Sy tweede-in-bevel, Lookout Masuku, het hom as bevelvoerder opgevolg. In 1975 het ZIPRA se oorlogsraad uit Nkomo (voorsitter), Akim

Ndlovu, Lookout Masuku, Alfred Mangena, Dumiso Dabengwa en Samuel Mundodawafa bestaan (Nkomo: 1984, 155). Die organisasie het ook oor 'n vertikale gesagstruktuur tot op seksievlak beskik (vergelyk Bylae IV).

Die ZIPRA-gevegseenhede is egter in twee komponente verdeel, naamlik die guerillas en die konvensionele magte. Die guerilla-eenhede was kleiner as dié van die konvensionele magte en het eerder in guerilla-formasies as in konvensionele formasies opgetree.

ZANLA het die oorlogteater verdeel in 'n aantal oorlogsgebiede of -sones. Die eerste oorlogsone was die Zambië-Zimbabwe-strook langs die noordelike grens van Rhodesië. Die tweede oorlogsone was die Mosambiek-Zimbabwe-strook. Die derde oorlogsone, die Botswana-Zimbabwe-strook, is nooit werklik geoperasionaliseer nie. Nadat FRELIMO die bewind oorgeneem het in Mosambiek, is ZANLA se militêre optredes vanuit die westelike deel van Mosambiek gekoördineer. ZANLA se operasionele sones is toe op die ooswaartse verlenging van die Mosambiekse provinsies gebaseer (Moorcraft: 1982, 91). Die "provinsiale" gebiede van optrede is verder in sektore verdeel (vergelyk Bylae V).

In die noordooste van Rhodesië is die sektore vernoem

na helde en mediums wat 'n belangrike rol in die Swart opstande van 1896-1897 gespeel het. Die eerste sektor het as die Nehanda-sektor bekend gestaan, gevolg deur die Chaminuka- en Takawira-sektore. Die ander sektore is vernoem na persone, soos bv. Chitepo, wat aan die rewolusionêre stryd deelgeneem het. Die Gaza-provinsie is verdeel in vier sektore, wat gestrek het vanaf die Beitbruggebied tot in die omgewing van die pad tussen Fort Victoria en Birchenough Bridge (Cole: 1984, 42). Die sektore is verdeel in eenheidsgebiede en seksie-areas.

ZIPRA se gebiede van optrede is verdeel in 'n aantal fronte en streke (vergelyk Bylae VI). Twee streke het Matabeleland se noorde en suide gedek. 'n Verdere twee streke het Noord- en Sentraal-Rhodesië ingesluit. Nog twee streke was in die ooste van Rhodesië geleë.

## 1.7 ZANLA EN ZIPRA: OPLEIDING EN GROOTTE VAN DIE MILITêRE MAGTE

Die diversiteit van ondervinding en opleiding van die eerste groepe rewolusionêres het die daarstelling van 'n eenvormige aanvalstrategie in die wiele gery. Hierdie rewolusionêres het opleiding ontvang in verskeie lande soos Ghana, Kuba, Egipte, Algerië,

Tanzanië, China en Rusland. Die opleidingsklem is op sabotasie en guerilla-oorlogvoering geplaas.

Rewolusionêres wat lojaal aan ZAPU was, het opleiding dwarsoor Afrika en in ander state ontvang en daarna is Zambië hoofsaaklik as gasleerland gebruik. ZANU-lede het ook verspreid in die wêreld opleiding ontvang, maar in 1965 het ZANLA 'n opleidingskamp ingerig by Itumbi in Tanzanië. Basiese militêre opleiding is hier deur instrukteurs van die Tanzaniese Weermag aan ZANLA verskaf, terwyl ZANLA-instrukteurs vir die politieke opleiding van rekrute verantwoordelik was.

Met die aankoms van Chinese instrukteurs by die Itumbi-basis in 1969, is daar begin met deeglike opleiding in rewolusionêre oorlogvoering. In 1971 het ZANLA die kamp van Itumbi na Mgagoa, ook binne Tanzanië, verskuif. In 1971 was daar 20 Chinese instrukteurs in Mgagoa.

Onder druk van die OAE om eenheid in die rewolusionêre geledere te verkry, het ZANLA en ZIPRA-lede saam opleiding by Mgagao en Kingalwira ondergaan. Hierdie opleiding het soms onder leiding van Chinese instrukteurs geskied. ZIPRA, wat sterk Russiese bande gehad het, was nie altyd gewillig om onder die Chinese

instrukteurs opgelei te word nie.

Die Nachingivea-kamp in Tanzanië wat tot in die middel van die sewentigerjare FRELIMO se hoofbasis was, is na afloop van die Mosambiekse magstryd tot ZANU en ZAPU se beskikking gestel vir gesamentlike opleiding. Die kamp kon byna 5 000 rekrute huisves. ZIPRA het egter verkies om van sy lede op te lei onder Russiese invloed in Angola en Zambië (Moorcraft: 1982, 77).

In 1970 was daar ongeveer 400 ZIPRA-vegters. In 1972 het ZANLA oor ongeveer 300 opgeleide ZANLA rewolusionêres beskik.

Teen 1975 is ZIPRA se rewolusionêre getalle egter deur dié van ZANLA oortref. Aan die einde van 1975 het ZANLA oor byna 6 000 opgeleide rewolusionêres beskik, en van die 700 rewolusionêres wat in Januarie 1976 'n gesamentlike offensief geloods het, was meer as 500 ZANLA-lede (Van Aswegen: 1982, 442).

Die eskalasie van die oorlog oor die periode 1976 tot 1977, het duisende Swartes in die rewolusionêre rekruteringsnet betrek.

Teen die middel van 1977 het 3 000 ZANLA-rewolusionêres in Rhodesië opgetree terwyl ZIPRA nie meer as

100 tot 200 rewolusionêres in Rhodesië gehad het nie. Die rede hiervoor was dat ZAPU onwillig was om aanvanklik in 'n gewapende stryd betrokke te raak (Martin: 1981, 17).

Die ZANLA-getalle het steeds gestyg - vanaf 10 000 in 1978 tot 'n beraamde 17 000 met die skietstilstand. In vergelyking hiermee het ZIPRA met die skietstilstand 10 000 rewolusionêres gehad.

Alle rewolusionêres het egter nie ná die oorname van die Swart meerderheidsregering na Rhodesië teruggekeer nie. In 1981 was daar nog 900 ZIPRA-rewolusionêres wat besig was met opleiding in Libië (African Research Bulletin: 15 January 1969, 385).

Die Mujibha-sisteem het die lewensaar van die rewolusionêres gevorm. Die Mujibhas was kinders tussen die ouderdom van agt tot twaalf jaar. Die groep het wel nie militêr opgetree nie, maar het 'n lewensbelangrike taak vervul as verklikkers, verkenners en boodskappers vir die rewolusionêre magte. Die Mujibhas het 'n eie gesagstruktuur gehad en het in sommige gevalle selfs inwoners van klein dorpies gedomineer. Na beraming het ZANLA oor die dienste van ongeveer 50 000 Mujibhas beskik (Meredith: 1979, 358).

## 1.8 ZANLA EN ZIPRA: MILITêRE STRATEGIE

### 1.8.1 ZIPRA SE GUERRILLA- EN KONVENSIONELE BENADERINGS

ZIPRA se konvensionele benadering is deur militêre strateë verwerp as onprakties vanweë die Rhodesiese konvensionele oormag. In die periode 1966 tot 1968 het ZAPU gepoog om 'n konvensionele mag, toegerus met SAM 7-missiele, tenks en veldartillerie, op te bou. Die rede hiervoor was dat ZIPRA en Rusland geglo het dat die stryd in Rhodesië sodanig sou eskaleer dat 'n konvensionele oorwinning in 'n realiteit kon ontwikkel. Guerilla-oorlogvoering moes aangewend word ten einde 'n gunstige situasie vir konvensionele optredes te skep. Binne die strategiese denkveld van ZIPRA moes guerilla-oorlogvoering derhalwe as 'n "sagmaakfase" met die oog op 'n konvensionele offensief beskou word (Moorcraft: 1982, 81).

### 1.8.2 ZANLA SE "PEOPLE'S WAR"-KONSEP

Eerder as om op die daarstelling van 'n konvensionele potensiaal te konsentreer, het ZANLA die sogenaamde "people's war"-konsep as uitgangspunt vir die stryd aangehang. Onder die leiding van Chinese instrukteurs het ZANLA derhalwe 'n stryd in die Maoïstiese

idioom van rewolusionêre oorlogvoering geoperasionaliseer. Chikerema het dienaangaande opgemerk: "We do not intend to finish in a matter of two, three, four or five years ... this is a protracted struggle" (Meredith: 1979, 143).

Ten einde vir hul militêre ondergeskiktheid aan die Rhodesiese veiligheidsmagte te kompenseer, het die ZANLA-magte van die maksimale verspreiding van magte oor die oorlogsteater gebruik gemaak. Chitepo het in 1973 hieroor die volgende geskryf: "The strategical aim is to attenuate the enemy forces by causing their deployment over the entire country. The subsequent mobilisation of a large number of civilian from industry, business and agriculture would cause serious economic problems. This would have a psychologically devastating effect on the morale of the whites, most of whom had come to Zimbabwe, lured by the prospect of the easy privileged life promised by the regime" (Meredith: 1979, 142).

Op die lang duur het hierdie uitgangspunt grootskaalse strategiese voordele vir die rewolusionêres opgelewer. Professionele lui soos dokters, tandartse en argitekte moes in die steeds eskalerende stryd tot sewe maande per jaar militêre diens verrig (Eastern Province Herald: 5 September 1978). Militêre diens wat deur

die sakelui verrig is, het Rhodesië se ekonomie verder lamgelê. Groot getalle Blankes het ook geëmigreer.

ZANLA het van die "olie-kol"-tegniek* gebruik gemaak in 'n poging om uitgebreide gebiedsbeheer in Rhodesië te vestig. Vanaf 1972 het die rimpelings van ZANLA se invloed stelselmatig versprei deur die "Tribal Trust Lands" in die Noordooste van Rhodesië. Daarna is daar gepoog om dié invloed stadig na die hartland van Rhodesië uit te brei. Dit is egter grootliks deur Operasie Hurricane (vergelyk Bylae I) in die wiele gery. Vir drie jaar het beide kante in die stryd gestagneer. Die rewolusionêres kon nie uit die boog van die "Tribal Trust Lands" in die Noordooste breek nie, terwyl die veiligheidsmagte nie daarin kon slaag om die rewolusionêres te verdryf of hul politieke netwerk te vernietig nie (Stiff: 1984, 47).

In 1979 het ZANLA verklaar dat die organisasie gereed was om "bevryde gebiede" in Rhodesië te skep. Dit sou gebiede wees wat onder rewolusionêre beheer gestaan het. Voortbouend hierop moes gebiede met 'n lae veiligheidsmagbetrokkenheid en -aktiwiteit verken word met die oog op die vestiging van bevryde sones

---

* Volgens hierdie tegniek word rewolusionêre beheer oor 'n gebied gevestig wat dan stelselmatig na ander gebiede uitgebrei word.

aldaar. 'n Verdere doel was om soveel Blanke boere as moontlik van hul plase te verdryf, sodat "povo villages" op die verlate plase gevestig kon word. "Povo villages" was mikro samelewings waar ondersteuners van die rewolusionêres hul kon vestig. Daar was egter geen bevryde sones in die ware sin van die woord in Rhodesië nie, alhoewel daar gebiede was soos "Headlands" en "Mtoko" waar die rewolusionêre invloed besonder hoog was. Sekere gebiede in Rhodesië is ook as "no man's land" beskou. Teen die einde van 1979 het meer as 'n kwart miljoen akker van die Nuanetsi-plaas in Suidoos-Rhodesië byvoorbeeld verlate gelê.

Nadat die veiligheidsmagte se beheer oor die platteland begin afneem het, het ZANLA in die Maoïstiese idioom begin om die stedelike sentra te omsingel. 'n Rewolusionêre leier het hieroor die volgende opgemerk: "Our purpose was to isolate the cities and cut them off, not to attack them (Moorcraft: 1982, 86). Dieselfde persoon het egter ook verklaar dat dit belangrik was om: "A few planned strikes to frighten the white population" (Moorcraft: 1982, 86) in stedelike gebiede te loods. Die verwoesting van 'n brandstofdepot in 1978 in die industriële gebied in Salisbury kan as 'n praktiese manifestering van die benadering vertolk word. Op die keper beskou, het die dade van stedelike terreur dan ook groter psigologiese- as

militêre of ekonomiese waarde gehad (Die Vaderland: 22 Augustus 1977).

## 1.9 POGINGS OM GEKOÖRDINEERDE OPTREDES TUSSEN ZANLA EN ZIPRA TE BEWERKSTELLIG

Verskeie pogings is aangewend om strukture te skep om ZANLA en ZIPRA se militêre operasies te koördineer. Die eerste was die "Joint Military Command" wat in 1972 gevorm is. Dit was egter slegs 'n reaksie op Chikerema se afsplintering van die ZAPU-beweging. Chikerema se splintergroep, FROLIZI (Front for the Liberation of Zimbabwe), is geskep met die doel om beheer te verkry oor beide die rewolusionêre magte. Chikerema het slegs oor 'n beperkte militêre mag beskik, wat uit beide ZANU- en ZAPU-vegters gewerf is (Nkomo: 1984, 152). Die "Joint Military Command" is gevolg deur 'n politieke organisasie, die sg. "Joint Political Council", om FROLIZI te neutraliseer.

Die skepping van die "Zimbabwe Libertation Army" (ZLA) was 'n poging deur Biskop Abel Muzorewa om die rewolusionêre magte te kaap. Die ZLA het onder 'n militêre komitee van 18 lede, nege elk van ZANLA en ZIPRA, gestaan. Muzorewa is in 1974 deur die "Frontliniestate" na vore gestoot om die twee bewegings te verenig. ZAPU en ZANU is derhalwe indirek gedwing om Muzorewa se oorkoepelende leierskap te aanvaar. Die

meer radikale elemente van ZANU het Muzorewa egter as leier verwerp. Nieteenstaande die feit is die "Zimbabwe Liberation Council" (ZLC) gevorm wat rewolusionêre leiers soos Muzorewa, Nkomo, Sithole en Chikerema ingesluit het. Die doel van die ZLC was om beheer oor die totale rewolusionêre stryd te vestig. Die ZLA het as die Zimbabwe Liberation Council se militêre vleuel opgetree. Die ZLA het egter min ondersteuning onder die vegtende rewolusionêres geniet (Stiff: 1984, 42).

Met die skepping van die "Zimbabwe's People Army" (ZIPA) is 'n verdere poging aangewend om die ZIPRA- en ZANLA-magte te integreer. ZIPA is ook gelei deur 'n komitee van 18 lede met Rex Nhongo van ZANLA as die oorkoepelende bevelvoerder en Alfred Mangena van ZIPRA as tweede in bevel asook die hoof politieke kommissaris.

Die stigting van ZIPA het egter in 'n omstrede saak ontaard. Aan die een kant is daar beweer dat die rewolusionêre leiers in aanhouding die skepping van ZIPA vanuit die Mpima-gevangenis geïnisieer het. Muzorewa, Sithole en Chikerema was onder die indruk dat ZIPA as gevolg van druk deur die "Frontliniestate" tot stand gekom het. Beide standpunte was op die waarheid gebaseer (Martin: 1981, 217). ZIPA het in 1976 met rewolusionêre optredes in Oos-Rhodesië begin.

ZIPRA het ongeveer 15% van die lede van die rewolusionêre mag verskaf. Die ZIPRA-lede het egter spoedig weswaarts na Matabeleland gedros. ZIPRA was om stamoorwegingsredes nie bereid om by 'n langtermyn offensief in Oos-Rhodesië betrokke te raak nie. Die gesamentlike ZIPA-optredes het derhalwe teen 1977 doodgeloop.

Die Patriotic Front-alliansie wat in 1976 tot stand gekom het, het ook geen militêre eenheid tussen ZANLA en ZIPRA meegebring nie (Evening Post: 2 December, 1977).

Die laaste poging om die twee rewolusionêre magte te verenig, was vroeg in 1977. J.Z. Moyo van ZAPU het na Maputo vertrek om met ZANU te onderhandel om 'n Military Co-ordinating Committee orent te bring. Die doel hiervan was om die indruk te vestig dat die Patriotic Front 'n ware verenigde front verteenwoordig het. 'n Suksesvolle sluipmoordaanslag op Moyo het egter finaal die hoop op die bereiking van militêre eenheid vernietig. ZANLA en ZIPRA het derhalwe hul militêre offensiewe onafhanklik voortgesit en in 1977 en 1978 het botsings ook tussen die twee magte voorgekom waar hul operasies oorvleuel het (Stiff: 1984, 42).

## 1.10 SLOT

Dit is belangrik dat beide kante gedurende 'n rewolusionêre stryd aan die hand van duidelik geformuleerde politieke doelwitte optree. Mao Tse-tung verklaar dan ook in die verband: "Without a political goal, guerrilla warfare must fail" (Griffith: 1978, 41). Alhoewel ZAPU en ZANU gedurende die stryd grootskaalse militêre verliese gely het, het hul politieke einddoelwit naamlik om 'n Swart meerderheidsregering in Rhodesië te vestig, deurgaans van krag gebly. In teenstelling hiermee was die Rhodesiese regering slegs daarop ingestel om Swart meerderheidsregering so lank as moontlik uit te stel. Die oorlog het tot 'n intense destabilisering van Rhodesië se magsbasisse aanleiding gegee. Op staatkundige vlak het ordelike gesagsuitoefening as gevolg van die oorlog feitlik onmoontlik geword. Wat die ekonomiese magsbasis betref, het die stryd 'n groot finansiële las op die staatskas geplaas.

Die aanslag op die maatskaplik-sielkundige- en veiligheidsmagsbasisse het ook tot uitgebreide destabilisering aanleiding gegee. Meer as 483 000 kinders is byvoorbeeld weggedryf uit skole waarvan die meerderheid vir vyf jaar geen skoolopleiding ontvang het nie.

Die grootskaalse infiltrasie van rewolusionêres in die laaste jare van die oorlog het ook uitgebreide eise aan die Rhodesiese veiligheidsmagte gestel.

Deur die ontplooiing van 'n multi-dimensionele rewolusionêre offensief het ZANU en ZAPU derhalwe die grondslag gelê vir 'n politieke magsoorname in Rhodesië.

# HOOFSTUK V

## INTERNE EN EKSTERNE INISIATIEWE OM 'N SKIKKING TE BEWERKSTELLIG EN DIE BEWINDSAANVAARDING VAN 'N SWART MEERDERHEIDSREGERING

### 1.1 INLEIDING

Die periode na die mislukking van die 1971-skikkingspoging is deur 'n verdere reeks samesprekings gekenmerk om 'n oplossing vir die Rhodesiese grondwetlike geskil te bewerkstellig. Dit het in April 1979 uitgeloop op die vestiging van 'n Swart meerderheidsregering in die staat Zimbabwe-Rhodesië. Die hoofstuk sal vervolgens aan dié gebeure gewy word.

### 1.2 SMITH EN MUZOREWA

Die bevindinge van die Pearce-kommissie met betrekking tot die 1971-voorstelle het vir 'n belangrike keerpunt in die soeke na 'n oplossing vir Rhodesië se grondwetlike probleme gesorg. Die onmiddellike gevolge van die gebeure was dat die standpunt van die Rhodesian Front-party verhard het. In 'n toespraak het Smith die volgende gesê: "The settlement proposals are still on the table, it was up to the Africans to indicate that they had been misled and now favoured them" (Lovett: 1982, 34).

Tydens die 1972-kongres van die Rhodesian Front-party het lede van die Party se regtervleuel aangedring op die verskerping van apartheidsmaatreëls. Smith het egter aangevoer dat 'n stelsel van provinsialisasie beplan word. Dit sou 'n stelsel wees wat sterk sou leun op die toepassing van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika. Smith het gehoop dat dit die beweging van Swartes vanaf die TTL's na die stedelike gebiede sou stuit. Dit kon ook aan die Swartes 'n geleentheid bied om hul eie sake te hanteer en sodoende hul politieke doelwitte te verwesenlik.

Teen die einde van die jaar is 'n reeks ingrypende wette deur die parlement geloods. Dit het strenger paswette en wetgewing in verband met die beheer oor toegang tot stedelike gebiede en voorsiening vir afsonderlike geriewe by poskantore, swembaddens en ontspanningsgeriewe ingesluit. Wetgewing is ook toegepas om Asiërs en Kleurlinge te verhoed om hulle in Blanke woongebiede te vestig. Smith het met verwysing na wette van die aard opgemerk: "The piecemeal erosion of the official unity of the peoples of Rhodesia under the law is changing Rhodesia's way of life by stealth" (Martin: 1981, 99).

Vroeg in 1973 het Biskop Abel Muzorewa positief gereageer op Smith se uitnodiging vir gesprekvoering. Die

Biskop is vroeër deur ZANU en ZAPU aangewys om die African National Congress te lei. Muzorewa moes derhalwe die Swart weerstand koördineer.

Vanuit verskillende oorde het Smith pleidooie ontvang om onderhandelinge met die ANC aan te knoop. Dit het vir Smith duidelik begin word dat die grondwetlike dispuut slegs deur Wit en Swart Rhodesiërs opgelos kon word (Die Volksblad: 18 Augustus 1977). Smith het dus geen ander keuse gehad as om Muzorewa se versoek tot 'n konstitusionele konferensie te aanvaar nie (Lovett: 1982, 36).

Muzorewa en Smith het hul eerste amptelike samesprekings gehou op 17 Julie 1973. Vir Smith was die samesprekings niks meer as 'n poging om Swart goedkeuring te probeer monster vir die 1971-voorstelle nie. Ten spyte van die feit dat ZANU vanuit Lusaka geëis het dat die Biskop die samesprekings moes staak, het dit voortgeduur tot in die eerste drie maande van 1974. Ernstige teenkanting het opgebou teen Muzorewa se politieke opportunisme (Nkomo: 1974, 144). In 'n brief gedateer 20 Maart 1974 wat onderteken is deur ses lede van ZANU se sentrale komitee in Salisbury se gevangenis, naamlik Ndabaningi Sithole, Robert Mugabe, Enos Nkala, Moton Malianga, Edgar Tekere en Maurice Nyagumba, is die volgende verklaar: "This ZANU central committee at Salisbury Prison is not asso-

ciated, has not been associated and does not wish to be associated with the ANC negotiations with the illegal regime and the various postures and methods adopted by the ANC in such negotiations; that ZANU is and has always been an organisation apart from and independent of any other, and that therefore no organisation has authority to speak on ZANU'S behalf" (Stiff: 1984, 38).

Behalwe dat Smith bereid was om 'n skraal vermeerdering van Swart parlementêre verteenwoordiging toe te staan, het Muzorewa nie veel met die samesprekings bereik nie. Muzorewa het gevra vir die onmiddellike toevoeging van ses Swart setels, wat die aantal Swart setels sou vermeerder tot twee en twintig uit 'n totaal van twee en sewentig setels. Smith het aanvanklik twee Swart setels aangebied, wat hy later uitgebrei het tot ses. Oënskynlik was Muzorewa hiermee tevrede.

Muzorewa se volgende taak was om terug te rapporteer aan die ANC se uitvoerende komitee. Die ANC se uitvoerende komitee het die voorstelle egter binne minute verwerp. Op 2 Junie 1974 het die komitee verklaar dat die Muzorewa-Smith-onderhandelinge niks nuuts opgelewer het nie. Fundamenteel was daar min verskille tussen dié voorstelle en die 1971-voorstelle. Al verandering was die toevoeging van 'n verdere ses Swart setels. Dit sou beteken dat dit

tussen 40 en 60 jaar sou duur voor gelyke verteenwoordiging in die parlement bewerkstellig sou word.

Die ANC was bereid om 'n nuwe reeks onderhandelinge aan te knoop. Gelyke verteenwoordiging in die parlement is as eis gestel. Volgens senior amptenare was die ANC se uitvoerende komitee nie onbuigsaam nie en sou selfs 'n vermeerdering van setels aanvaar het, al sou Smith steeds oor 'n meerderheid in die parlement beskik het.

Die mislukking van die samesprekinge tussen die ANC en die <u>Rhodesian Front</u> het belangrike gevolge gehad.

Smith het gefouteer deur nie konstruktiewe toegewings te maak tydens sy onderhandelinge met Muzorewa nie. Deur slegs geringe toegewings aan Muzorewa te maak, is laasgenoemde se gesagsposisie afgetakel sodat Muzorewa 'n groot deel van sy steun verloor het. Dit sou beteken dat Smith met meer militante groepe in die toekoms sou moes beraadslaag. Smith self het verklaar: "I would say that Biskop Muzorewa is a spent force. The power has passed into the hands of others, so I would pay little attention to what he says" (Meredith: 1979, 133).

## 1.3 VORSTER EN KAUNDA SE ROL OM 'N SKIKKING TE BEWERKSTELLIG

Die volgende stap om 'n skikking in die Rhodesiese grondwetlike geskil te bewerkstellig, het rondom die inisiatiewe van die Suid-Afrikaanse premier, adv. B.J. Vorster, en Zambië se staatshoof, dr. Kenneth Kaunda, gewentel. In 1974 het die Zambiese minister van buitelandse sake, Vernon Mwaanga, en sy Suid-Afrikaanse eweknie, dr. Hilgard Muller, mekaar tydens die VVO-sitting in New York dienaangaande ontmoet (Martin: 1981, 138).

Op 25 Oktober 1974 het adv. Vorster die Senaat in Kaapstad toegespreek. Hy was van mening dat Afrika 'n kruispad bereik het. Die prys van geweld was te hoog. Dit sou vir Afrika beter wees om streeksontwikkeling te stimuleer. Vorster het gesê Afrika soek na ontwikkeling, kapitaal en kennis - nie na 'n eskalasie van geweld nie. Hy het belowe dat Suid-Afrika sy deel sal bydra om orde, ontwikkeling en tegnologie aan Afrika te bring, veral aan sy naaste bure. Kaunda het positief hierop gereageer. Dit het die bal aan die rol gesit vir die nuwe vredesinisiatief in Afrika.

Die beplanning vir 'n konferensie om die Rhodesiese geskil by te lê, het onmiddellik begin. Die konferensie moes op neutrale grondgebied plaasvind. Die

keuse het geval op die spoorwegbrug tussen Zambië en Rhodesië. Dit was egter geen maklike taak om die verskillende partye te oorreed om tot die konferensietafel toe te tree nie (Nkomo: 1984, 154).

Vorster het daarin geslaag om Smith sover te kry om 'n voorlopige ooreenkoms te onderteken. Dit het gespesifiseer dat die Rhodesiese regering gewillig was om alle politieke aangehoudenes vry te laat. In ruil vir die Rhodesiese regering se bereidwilligheid om saam met die nasionalistiese leiers aan 'n konstitusionele konferensie deel te neem, moes rewolusionêre aktiwiteite egter verminder word.

Smith het hierna verklaar dat hy enigiets sou doen om 'n beter verstandhouding tussen state in Suider-Afrika teweeg te bring. Daarna het hy onopmerklik die Swart leiers vrygelaat, 'n handeling wat die Blanke bevolking sou geskud het as hulle daarvan bewus was.

Vervolgens het Smith die drie Swart leiers, Joshua Nkomo, Ndabaninge Sithole en Abel Muzorewa genader om hul standpunte aan te hoor. Sithole het geweier om Smith te ontmoet. Die ontmoeting met Nkomo in 'n tent by die militêre vliegveld naby Salisbury was nie suksesvol nie. Nadat Smith Nkomo van terrorisme beskuldig het, het die samesprekings ontaard. Volgens

Nkomo het mnr. Smith gesê: "Don't talk nonsense, you are the terrorist and you have got to stop it". Nkomo se antwoord was: "To ask me to stop terrorism, when you are the biggest of all the terrorists" (Nkomo: 1984, 157). Muzorewa het egter inskiklik voorgekom (The Citizen: 9 Augustus 1979).

Dit was Kaunda se taak om die Swart nasionalistiese faksies byeen te kry sodat hulle 'n gemeenskaplike standpunt kon inneem. Al manier waarop dit bereik kon word, was om al die Swart leiers vooraf in Zambië byeen te kry en om hulle verskille uit die weg te ruim. Kaunda was positief dat die jare in aanhouding die Swart leiers meer genaakbaar sou maak. Smith het egter voorspel dat dit nie die geval sou wees nie.

Die taak om die nasionalistiese leiers te oortuig om in Zambië te vergader, is aan Mark Chona opgedra. Nadat hy gesprek met die verskillende bewegings in die verband gevoer het, het hy berig dat slegs twee afvaardigings bereid was om na Lusaka te gaan, naamlik Biskop Muzorewa en Elliot Gabellah van die ANC en Nkomo en Joseph Msika van ZAPU. Wat ZANU betref, was Sithole gewillig om die samesprekings by te woon, maar ZANU se uitvoerende komitee het geweier dat Sithole die organisasie kan verteenwoordig (Foreign Affairs: 3 April 1983).

In 'n brief geteken deur Nyerere, Khama, Machel en Kaunda, is Sithole egter na Lusaka genooi vir dringende samesprekings. ZANU het egter besluit dat Mugabe, en nie Sithole nie, die organisasie in Lusaka moes verteenwoordig.

Op 8 November 1974 het die vier Afrika-staatshoofde en die nasionalistiese leiers in Lusaka vergader. Die hooftema van die beraad was om eenheid onder die Nasionaliste te bewerkstellig. ZANU en ZAPU is veral versoek om kragte saam te snoer met die oog op 'n konstitusionele konferensie. Nkomo en Muzorewa was steeds bereid om tot die onderhandelingstafel toe te tree. Die Afrikaleiers was egter nie oortuig dat Mugabe die werklike leier van ZANU was nie.

Sithole het na die beraad ook na Lusaka vertrek. Hy het in Lusaka 'n ontmoeting met Chitepo, die koördineerder van ZANU se militêre aktiwiteite, gehad. Chitepo het dit duidelik gestel dat ZANU militêr veld wen, en dat hy derhalwe nie sou instem tot 'n konstitusionele konferensie nie. Sithole is daarna deur Kaunda en die ander Afrikaleiers oortuig van die belangrikheid om 'n skikking te bewerkstellig. Beïndruk deur laasgenoemde groep se gedetermineerdheid in die verband, het Sithole na Rhodesië teruggekeer.

Die Frontlinie-leiers het steeds druk uitgeoefen op

die Swart nasionalistiese groepe om kragte saam te snoer met die oog op 'n konstitusionele konferensie. Die leierskapkrisis wat in ZANU geheers het, het die organisasie egter dienaangaande gekniehalter. Chitepo het ook verklaar: "There will be no talks, no negotiations, no discussions involving our movement until Mr. Smith recognises the right to immediate majority rule. That is not majority rule tomorrow, next week, next year or whenever. It is now. Until we hear that man, the rebel leader of the rebel regime, speaks those words, our war goes on and it will continue until we have liberated every acre of our country. I do not know if we could even sit down with Smith until Rhodesia has return to the pre-UDI position" (Nkomo: 1984, 150).

Smith moes die Blanke derhalwe verseker dat geen fundamentele toegewings gemaak sou word nie: "Developments emanating from certain other countries has raised the possibility of settlement once more. But although the government would actively support any plan, there would be no deviating from its fundamental position" (Joyce: 1979, 341).

Nyerere was gedetermineerd dat 'n eenheidsfront onder die nasionaliste geskep moes word. Nadat hy in die verband met Sithole samesprekings gevoer het, het ZANU

besluit om deel te hê aan 'n eenheidsfront vir onderhandelingsdoeleindes. Nyerere het daarna 'n vergadering belê met twee van Smith se amptenare, die kabinetsekretaris, Jack Gaylard en die Prokureur-Generaal, Anthony Smith. In die teenwoordigheid van die frontlinie-leiers het Nyerere dit aan die twee persone gestel dat die nasionaliste-leiers slegs bereid was om te onderhandel oor wanneer die politieke mag in Rhodesië aan 'n Swart meerderheidsregering oorgedra kon word.

In Salisbury het Smith the moontlikheid van Swart meerderheidsregering met sy kabinet tydens 'n noodsitting bespreek (Meredith: 1979, 163). Die Rhodesiese regering was bereid om onderhandelinge aan te knoop ten einde 'n skikking in die verband te bewerkstellig. 'n Aantal voorwaardes is egter gestel byvoorbeeld dat dade van terrorisme gestaak moes word.

Die ideaal om die nasionalistiese bewegings in 'n eenheidsfront vir onderhandelingsdoeleindes saam te snoer, is teoreties verwesenlik deur die aanvaarding van die "Zimbabwe Declaration of Unity" op 7 Desember 1974 in Lusaka. Dit het soos volg gelui:

1. ZAPU, ZAPU, and FROLIZI hereby agree to unite in the ANC.

2. The parties recognise the ANC as the unifying force of the people of Zimbabwe.

3.1 They agree to consolidate the leadership of the ANC by the inclusion into it of the presidents of ZANU, ZAPU and FROLIZI under the chairmanship of the president of the ANC.

3.2 ZAPU, ZANU, and FROLIZI shall each appoint three other persons to join the enlarge ANC Executive.

4. The enlarged ANC Executive shall have the following functions:

4.1 To prepare for any conference for the transfer of power to the majority that might be called;

4.2 To prepare for the holding of a congress within four months at which

4.2.1 A revised ANC constitution be adopt

4.2.2 The leadership of the united people of Zimbabwe shall be elected

4.2.3 A statement of policy for the ANC will be considered

4.3 To organise the people for such conference.

5. The leaders of ZAPU, ZANU and FROLIZI will take steps to merge their respective organs and structures into the ANC before the congress to be held within four months.

6. The leaders recognise the inevitability of continued armed struggle and all other forms of struggle until the total liberation of Zimbabwe.

Signed - Abel Muzorewa, President ANC.
- Ndabaningi Sithole, President ZANU.
- Joshua Nkomo, President ZAPU.
- James Chikerema, President FROLIZI.

State House, Lusaka, Zimbabwe.

(Nkomo: 1984, 253).

In die praktyk het elkeen van die verskillende organisasies binne die vergrote ANC egter onafhanklik bly fungeer. ZANU en ZAPU was ook ontevrede oor die feit dat FROLIZI as 'n gelyke vennoot in die ANC ingesluit is. Die leierskapstryd in ZANU tussen Sithole, Mugabe en Chitepo het die situasie verder gekompliseer. ZANU se militêre mag het onder leiding van Chitepo geweier om die ANC as 'n sambreel-organisasie te erken. Die stryd tussen die nasionalistiese groepe, asook die stryd om leierskap in die verskillende organisasies, het derhalwe voortgeduur.

In Februarie 1975 het twee ontmoetings tussen Smith en die nasionalistiese leiers plaasgevind. Die Swart leiers het aangedring op meerderheidsregering. Stemregkwalifikasies moes ook in die toekoms op meriete, en nie op velkleur nie, gebaseer word. Dit was duidelik dat Smith slegs bereid was om minder belangrike toegewings ten opsigte van die 1971-voorstelle te maak. Die vredesskip het weer gestrand op die eis van meerderheidsregering (Nkomo: 1984, 158).

Op 4 Maart is Sithole gearresteer. Hy is aanvanklik daarvan aangekla dat hy beplan het om van die nasionalistiese leiers, onder wie Muzorewa en Nkomo, om die lewe te bring. Mugabe het verklaar dat geen verdere samesprekings moontlik was nie alvorens Sithole vrygelaat word nie. Op 2 April is die aanvanklike aanklag teen Sithole teruggetrek. Hy is toe daarvan aangekla dat hy as bevelvoerder van ZANLA vir terreurdade verantwoordelik was. Twee dae later het Smith egter aangekondig dat Sithole vrygelaat sou word.

Die moord op Chitepo op 18 Maart 1975 het die moontlikheid van verdere onderhandelings ook gekompliseer.

Dr. Edson Sithole, die ANC se persskakelbeampte, het die Rhodesiese regering verantwoordelik gehou vir Chitepo se dood. Dit het volgens hom enige moontlikheid om 'n skikking te bewerkstellig, vernietig.

Na maande van toegewings en politieke skuiwe, waarin Suid-Afrika veral betrokke was, het Smith, Vorster en Chona op 7 Augustus 1975 in die geheim ontmoet. Die Pretoria-ooreenkoms is op 9 Augustus 1975 deur Vorster, Smith en Chona onderteken. Dit het voorsiening gemaak vir 'n ontmoeting tussen Smith en die ANC op die spoorwegbrug by die Victoria-waterval nie later as 25 Augustus 1975 nie. Volgens die Pretoria-ooreenkoms was die doel van die samesprekings "to publicly express their genuine desire to negotiate an acceptable settlement. Once agreement was reached, a formal conference would be held" (Martin: 1981, 194).

Smith se onversetlikheid het egter reeds vóór die konferensie geblyk. Tydens die opening van 'n landbouskou, 'n dag voor die Victoria-waterval-konferensie, het hy verklaar: "We have never had a policy to hand our country over to a black majority government, and so far as I am concerned, we will never have" (Martin: 1981, 195).

Die poging om die twee groepe bymekaar te bring, het geslaag, maar 'n skikking het steeds ver verwyder gebly. Muzorewa het byvoorbeeld aangedring op Swart meerderheidsregering. Smith het dit verwerp op grond daarvan dat dit toekomstige samesprekings raak. Muzorewa het op sy beurt aangedring op immuniteit vir

politieke gevangenes. Smith het dit geweier. Dit was duidelik dat die samesprekings op 'n dooiepunt afgestuur het. Beide Muzorewa en Smith se verklarings nā die konferensie het die besef laat deurdring hoe ver verwyderd die twee groepe van mekaar was. Muzorewa het verklaar: "Mr. Smith torpedoed every effort of ours that would have led to a full scale conference". Op sy beurt het Smith opgemerk: "It was evident dat Bishop Muzorewa was out of step with the spirit which prevailed. He wanted me to agree to temporary immunity to banned ANC members, it would involve people who are well-known terrorists and who bear the responsibility for the murders and other actrocities that have been committed in this country" (Meredith: 1979, 193). Nkomo het die Victoria-waterval-konferensie bestempel as "a complete waste of time" (Nkomo: 1984, 153).

## 1.4 SMITH EN NKOMO

Op 11 September 1975 is Nkomo deur Muzorewa uit die ANC gesit. Nkomo is hierna tydens wat hy as 'n ANC konferensie beskryf het tot president van die organisasie in Salisbury verkies. Die ANC het derhalwe nou as twee faksies binne sowel as buite Rhodesië bestaan. Op 26 Oktober 1975 het Nkomo samesprekings met Kaunda oor moontlike onderhandelinge met Smith gevoer (Nkomo:

1984, 157). Kaunda het na aanleiding van die versplintering van die ANC soos volg gereageer: "Look, you are saying that you are popularly elected by the people. We don't choose leaders for other nations, we chose our own leaders here, you chose your own leaders. In this respect, we still recognize the ANC as organisation. On the one hand, we have got Bishop Muzorewa and Ndabaningi Sithole here. On the other hand you have come from inside the country. Now we can't take sides, but let me tell you, Mr. Nkomo, that if you go ahead and achieve independence under majority rule, well and good. You are going to make the outside wing of the ANC irrelevant. On the other hand, if you don't pull it through, you are going to become irrelevant, and the relevant one is going to be Bishop Muzorewa and we, obviously, want to see independence come to Zimbabwe, whether it's through negotiations, or through fighting. So the decision's yours. If you win, then, of course, the whole of Africa is going to say Halleluja. If you fail, the whole of Africa is going to condemn you" (Meredith: 1979, 201).

Smith het op 31 Oktober 1975 onderhandelinge met Nkomo aangeknoop. Smith se basis vir onderhandeling was gerig op magsdeling. Smith was derhalwe bereid om gelyke verteenwoordiging as vertrekpunt aan te lê (African Research Bulletin: 15 Februarie 1979). Elke

groep sou ook beheer oor sy eie sake hê.

Hierdie voorstelle sou egter nie meer aanvaarbaar wees vir die Swart bevolking nie. Nkomo sê dan ook: "It was not longer a question of whether or not there would be majority rule, but merely how the aim was to be achieved. Majority rule implied that there would be universal suffrage for everyone aged twenty-one or over. The future of the whites would be assured. No one, but no one, wants to throw the white man out. But we will not in 1975 accept continued domination by a small white majority" (Nkomo: 1984, 157).

Op 1 Desember 1975 het Smith en Nkomo 'n ooreenkoms onderteken waarvolgens 'n konstitusionele konferensie in die vooruitsig gestel is (Nkomo: 1984, 156). Die ooreenkoms het 'n aantal toegewings van Smith se kant bevat. Punt 5.22 het byvoorbeeld gelui: "... the freedom and immunities of all persons shall apply and be enjoyed as aforesaid not only at and/or during any of the meetings hereinbefore, but at all times from and including 31 October 1975, until the conclusion of the constitutional conference" (Nkomo: 1984, 254).

Die onderhandelinge het op 11 Desember 1975 begin en geduur tot in die middel van Januarie 1976. Beide kante het toegegee dat vordering gemaak is, maar Smith

het laat blyk dat dit moontlik maande kon neem om 'n finale oplossing te bereik.

Sithole het 'n striemende aanval op Nkomo geloods en soos Mugabe (Die Volksblad: 4 Julie 1977) verklaar dat meerderheidsregering deur middel van geweld geïmplementeer moes word. Nyerere het ook gewaarsku dat die verskillende nasionalistiese bewegings nie 'n skikking sou aanvaar waaraan hulle nie deel gehad het nie. Hy het Nkomo derhalwe versoek om die samesprekings te beëindig. Smith se reaksie was bloot: "I don't believe in black majority rule ever in Rhodesia - not in a thousand years" (Joyce: 1979, 301).

Nkomo se onderhandelingspogings het onherstelbare skade aan sy reputasie aangerig. Kaunda se woorde het profeties geblyk te wees.

## 1.5 DIE KISSINGERPLAN

Na aanleiding van die mislukking van die Nkomo-Smith-onderhandelinge het die Britse minister van buitelandse sake, James Callaghan, die volgende opgemerk: "The Rhodesian overtures are designed to do no more than buy even more time for Mr. Smith's regime. He does not realize that he has no longer much time to buy" (Lovett: 1978, 32). Die Rhodesian Front-party het heftig gereageer op dié aantyging van Callaghan.

Drie verkose stamhoofde is ook hierna in die parlement opgeneem. Die stamhoofde het egter buite die hoofstroom van Swart nasionalisme gestaan en het nie kontak met die Swart bevolking gehad nie.

Vervolgens sou die VSA en Brittanje tot die arena toetree om na 'n oplossing vir die Rhodesiese grondwetlike probleem te soek. Die Russiese en Kubaanse teenwoordigheid in Angola het Henry Kissinger, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, in 1976 gedwing om met nuwe oë na Afrika te kyk nadat hy aanvanklik nie by die probleme van Suider-Afrika betrokke wou raak nie (Kissinger: 1979, 315).

Deur Kissinger se toedoen is kontak tussen Suid-Afrika en die VSA en tussen Kissinger en die frontlinieleiers en Brittanje bewerkstellig. Nadat Kissinger die Suid-Afrikaanse premier, adv. Vorster, in Junie 1976 ontmoet het, het hulle weer op 4 en 5 September 1976 in Zürich byeen gekom. Vorster was bereid om Smith te oorreed om 'n skikking te aanvaar met dié voorbehoud dat Blanke regte gewaarborg moes word. Vorster het Kissinger ook versoek om sy invloed te gebruik om Smith tot so 'n stap te oortuig (Meredith: 1979, 245).

In September 1976 het Kissinger vir Smith in Pretoria

ontmoet. Die volgende vyf punte is aan Smith voorgehou:

"The first point covered his acceptance of majority rule within two years; the second related to a meeting that the Rhodesian government would hold with nationalist leaders to organize an interim government until majority rule was implemented. The third involved the composition of the interim government: it would consist of a Council of State, half of whose members would be white and half black; both sides would nominate its members. The function of the Council of State, apart from legislative responsibilities, would be supervise the drafting of the constitution. The interim government would also consist of a Council of Ministers with a majority of Africans and an African Prime Minister. The fourth point covered British legislation authorizing the agreement, and the fifth point stated that sanctions would be lifted and the guerrilla war would stop upon the establishment of the interim government (The Citizen: 11 November 1977).

Alhoewel Smith aanvanklik gesê het dat die eerste punt deel was van 'n selfmoordnota, was die pakket by nadere beskouing nie so verdoemend nie. Die Blanke sou 'n belangrike rol kon speel in die opstel van die grondwet en kon derhalwe verseker dat hul belange daarin

verskans word. Daarby sou die boikotte beëindig word, 'n ruim geldelike bydrae van die VSA kon tot ekonomiese herstel lei en 'n toevloei van Blanke immigrante kon die Blanke se posisie verstewig het (Meredith: 1979, 255).

Nadat Kissinger met Kaunda en Nyerere samesprekings oor die voorstelle gevoer het, het hy Smith in 'n boodskap meegedeel dat twee toevoegings tot die vyf punte gemaak kon word, naamlik dat die "Council of State" deur 'n Blanke voorsitter gelei kon word asook dat "For the period of die interim Government, the Ministers of Defence and of Law and Order would be white" (Martin: 1981, 253). Kaunda en Nyerere het egter hul ontevredenheid hieroor uitgespreek.

Op 24 September het Smith die nuus van meerderheidsregering binne twee jaar aan die Rhodesiërs oorgedra. Smith het sy boodskap afgesluit met die woorde van Winston Churchill: "Now is the end, it is not even the beginning of the end, but it is perhaps, the end of the beginning" (Martin: 1981, 254).

Op 25 en 26 September 1976 het die vyf Frontlinieleiers vergader om die voorstelle te bespreek. Kissinger is onder andere daarvoor gekritiseer dat hy detail uitgespel het waaroor Smith en die nasionalistiese leiers eerder moes onderhandel.

Smith het steeds geglo dat hy die gematigde nasionalistiese leiers kon oortuig dat 'n stelsel van gekwalifiseerde stemreg 'n beter plaasvervanger as 'n een-mens-een-stem-stelsel sou wees. Op 9 Oktober maak Nkomo en Mugabe egter bekend dat hulle as die Patriotic Front (PF) die stryd verder sou voer. Die OAE het verklaar dat die PF op militêre, politieke en diplomatieke steun geregtig was. Dié gebeure het tot nadeel van die ander nasionalistiese leiers gestrek (Die Beeld: 7 Julie 1977).

## 1.6 DIE GENEEFSE KONFERENSIE

Verdere samespreking tussen die Suid-Afrikaanse eerste minister, adv. Vorster, en Kissinger het weer eens die inisiatief vir vrede gelei. Kissinger se voorstelle aan Smith sou as basis dien vir verdere onderhandelinge. Die belange van die Blankes sou deur sekere Brits-Amerikaanse waarborge beskerm word (Van Aswegen: 1982, 443).

Die Britse regering het hierna 'n konferensie in Genêve, onder voorsitterskap van die Britse Ambassadeur by die VVO Ivor Richards, belê waartydens die voorstelle bespreek sou word. Die Geneefse-beraad, wat op 28 Oktober 1976 deur Richards geopen is, was egter 'n algehele fiasko. Nie alleen het die magstryd tussen die Swart leiers op openlike konfrontasie uitge-

loop nie, maar die Kissinger-plan is ook verwerp en soveel uiteenlopende verklarings is gemaak dat geen basis vir konstruktiewe samesprekings gevind kon word nie (Van Aswegen: 1982, 443).

Die uiteinde van die beraad was 'n hergroepering van die Swart nasionalistiese faksies. Die magte van Nkomo en Mugabe was reeds saamgesnoer in die Patriotic Front. Daarteenoor is Muzorewa en Sithole in een kamp gedryf. In Rhodesië self het gematigde Swart leiers onder die leiding van J. Dhiran en K. Nidiweni, ook 'n organisasie bekend as die Zimbabwe United People's Organisation (ZUPO) gestig. ZUPO het hom dit ten doel gestel om op 'n vreedsame wyse deur middel van samesprekings met die Rhodesiese regering die vraagstuk op te los.

In Januarie 1977 het Richards 'n besoek aan Rhodesië gebring waartydens alternatiewe voorstelle met Smith bespreek is. Laasgenoemde het egter verklaar dat hy nie bereid was om enige ander voorstelle as dié van Kissinger te aanvaar nie.

## 1.7 DIE ANGLO-AMERIKAANSE SKIKKINGSPOGING

Kissinger het van die onderhandelingstoneel verdwyn nadat Carter vir Ford in die Amerikaanse presidensiële verkiesing verslaan het. Carter was behep met die idee van menseregte. Hy het dan ook vir Andrew

Young, 'n kampvegter vir menseregte, as die Amerikaanse Ambassadeur by die VVO aangestel. Carter het kategories Kissinger se vyfpuntplan vir 'n skikking in Rhodesië verwerp.

Brittanje sou nou die leidende rol in die soeke na 'n oplossing vir die Rhodesiese geskil vervul met die nodige ondersteuning van die VSA. Die Britse minister van buitelandse sake, dr. David Owen, het samesprekings begin voer met alle betrokke partye, met inbegrip van Suid-Afrika en die Frontliniestate. In Rhodesië het minister P.K. van der Bijl skerp gereageer oor die feit dat die Patriotic Front deur Owen as "Men of peace forced into violence" beskryf is (The Natal Mercury: 25 August 1977).

In Augustus 1977 het Owen en Young 'n besoek aan Afrika gebring. Drie voorstelle vir 'n skikking was vervat in 'n dokument met die titel Rhodesia - Proposals for a Settlement. Die voorstelle het uit drie dele bestaan, naamlik:

An independence constitution for the sovereign republic of Zimbabwe included a president, vice-president or prime minister, and a single-chamber National Assembly to be elected on the basis of universal adult suffrage. A Bill of Rights sought to protect fundamental human rights and outlaw discrimination, while

the public service and the judiciary were retained virtually in their existing form. Then there was the Zimbabwe Development Fund of about £750 million, internationally funded and managed, but dependant upon acceptance of the package as a whole" (Martin: 1981, 272).

Met die steun van die VSA is veldmaarskalk lord Carver aangestel as Britse resident-kommissaris om Rhodesië tydens 'n oorgangsperiode van ses maande, waarna meerderheidsregering geïmplementeer sou word, te administreer. Om Carver by te staan, is genl-maj. Prem Chand deur die Veiligheidsraad van die VVO as hul verteenwoordiger in die gebied aangewys (Van Aswegen: 1982, 444; The Cape Times: 29 August 1977).

Volgens Martin (1981) "No one turned down the proposals but nor were they accepted by anyone" (p. 273). Nyerere het die voorstelle 'n basis vir onderhandelinge beskou. Smith het egter verklaar dat hy nie veel hoop het dat die Anglo-Amerikaanse skikkingspoging kon slaag nie (Die Volksblad: 18 Augustus 1977).

Ten spyte van verdere samesprekings deur Britse en Amerikaanse afgevaardigdes, asook Carver en Chand met die belanghebbende groepe, was dit teen die einde van 1977 duidelik dat die Anglo-Amerikaanse poging om 'n oplossing vir die Rhodesiese geskil te vind, misluk het.

Op 10 Julie 1977 het Sithole na Rhodesië teruggekeer (Natal Witness: 27 August 1977). Hy is in Augustus 1977 deur Muzorewa gevolg.

Sithole het na sy lang afwesigheid uit Rhodesië interessante standpunte kwytgeraak. Hy het naamlik gesê: "There are two worlds which are in conflict with each other. The first one is Rhodesia as founded in 1890 by Rhodes and in which the philosophy of White supremacy reigned supreme and in which the Black man was held in abject subjection. The second world is Zimbabwe in which the Blackman sees himself as free from and independent of the control of White man. The problem in Zimbabwe today is caused by the determination on the part of the Whites to maintain the status quo in Rhodesia, and the determination on the part of the Blacks to change the status quo" (Natal Witness: 27 August 1977).

Sithole het hom so uitgelaat oor die eis om stemreg: "The problem that currently faces Zimbabwe is one of transferring power from a White minority to the African majority. The most effective way is through the franchise bases on one-man-one-vote. Such a franchise is very crucial to the present problem since it transfers political power from a White minority to the Black majority. To deny it to the African people is to deny 95% of the population political control over

their own political affairs. To state the same thing differently the Whites accept qualified franchise as an instrument by which to perpetuate the status quo, whereas the Black man insists on one-man-one-vote in changing the status quo to bring about a free Zimbabwe" (Natal Witness: 27 August 1977). Sithole het afgesluit deur te verklaar dat slegs die Blanke kieserskorps die status quo kon verander.

Op 18 Julie 1977 het Smith aangekondig dat 'n algemene verkiesing op 31 Augustus gehou sou word. Hy het besef dat die politieke inisiatief in sy hande moes bly (Die Volksblad: 18 Augustus 1977).

Smith het die verkiesing versigtig benader. Hy het die Blanke kieserskorps versoek om sy plan vir meerderheidsregering te steun (Die Oggendblad: 30 Augustus 1977). In die gekwalifiseerde meerderheidsbestel waarna Smith gestreef het, sou die Blanke minderheid steeds omvattende seggenskap kon uitoefen oor die wyse waarop die Swart meerderheid die land sou regeer. Smith verklaar dan ook dat Brittanje en Amerika 'n onredelike meerderheidsbewindskikking op Rhodesië probeer afdwing het wat geen beskerming aan die Blanke gebied het nie (Die Oggendblad: 30 Augustus 1977). Smith het derhalwe vir 'n mandaat gevra om 'n skikking te bewerkstellig.

Op die vooraand van die verkiesing het Smith verklaar dat 'n "broadbased government that would rule responsibly but would do away with discrimination that unfringes human dignity" (Martin: 1981, 272), in die vooruitsig gestel moes word. Dit was duidelik dat hy 'n interne skikking in gedagte gehad het met gematigde Swart leiers soos Sithole en Muzorewa. Dwarsdeur die verkiesingstyd is die slagspreuk "no sell-out" egter deur die Rhodesian Front-party gebruik.

Die verkiesingsuitslag het Smith se stoutste verwagtinge oortref. Die Rhodesian Front-party het alle opposisie verpletter. Dit was duidelik dat daar steeds sterk steun vir Smith in die Blanke geledere bestaan het.

Vanweë die feit dat Brittanje en die VSA met die Patriotic Front onderhandel het, het Sithole en Muzorewa tot die oortuiging gekom dat hulle hulself in 'n skaakmatposisie bevind het. Met verwysing na laasgenoemde pogings om die Rhodesiese grondwetlike geskil op te los het Muzorewa verklaar: "Ons is nou oortuig daarvan dat een van ons grootste probleme die Britse regering se partydigheid is teenoor die 'Patriotic Front' ten koste van Zimbabwe se massas" (Die Beeld: 18 Augustus 1977).

Muzorewa en Sithole het derhalwe van Smith geëis om

hom openlik bereid te verklaar om meerderheidsregering te aanvaar. Sonder dié erkenning sou beide Swart leiers van alle aanhang onder die Swartes ontneem word (Daily Mail: 9 Desember 1977).

Smith het besef dat meerderheidsregering nie langer uitgestel kon word nie. Hy het nie geglo dat die Blankes heftig sou reageer oor die vooruitsigte van 'n meerderheidsregering nie. Die gematigde Swart leiers, Sithole, Muzorewa en ook hoofman Chirau, het 'n meerderheidsregering meer aanvaarbaar gemaak. Smith het ook gehoop dat Nkomo sou deelneem aan 'n binnelandse skikkingspoging. Smith het in die verband die volgende verklaar: "My guess is that he will come to the conclusion that he is losing support and his opportunities are going by the board, and under those circumstances I think he will be tempted to get on the field" (Daily Despatch: 15 Oktober 1977).

In November 1977 het Smith, na 'n reeks ontmoetings met Muzorewa, Sithole en Chirau, aangekondig dat hy van voorneme was om konstitusionele onderhandelinge met die binnelandse Swart leiers aan te knoop. Die Rhodesiese aanvalle op die ZANLA-basisse te Chimoio en Tentwe in Mosambiek het aanvanklik die samesprekings tussen Muzorewa en Smith vertraag. Muzorewa het Smith in 'n skrywe verwyt oor die sogenaamde "tragic massacre" (Stiff: 1984, 161).

Die vier argitekte van die interne skikkingspoging - Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau - het egter hierna met 'n reeks samesprekings in Salisbury begin. Smith was bereid om oor die oordrag van die politieke mag aan 'n Swart meerderheidsregering te onderhandel. Volgens Smith kon die Swartes wel 'n meerderheid in die Parlement verkry, maar nie die mag om konstitusionele waarborge met betrekking tot die posisie van die Blankes te verander nie. Sodanige waarborge moes 'n integrale komponent van die nuwe grondwet vorm.

'n Gemeenskaplike band het tussen Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau bestaan wat veroorsaak is deur die Patriotic Front se rewolusionêre offensief. Chirau het verklaar: "The men in the bush are not ours, we may be the first to face firing squads" (Meredith: 1979, 327). Smith het gereken dat indien die drie Swart leiers genoeg steun onder die Swart bevolking sou kon monster, die rewolusionêre veldtog effektief gestuit sou kon word. In 'n onderhoud het hy hieroor die volgende gesê: "If we can get a settlement which clearly has the support of 85% of our black Rhodesians, and maybe even more, and also have the support of the vast majority of white Rhodesians, I cannot think of any logical argument why this should not receive world recognition" (Daily Despatch: 15 Desember 1977).

Op 20 Desember 1977 het Muzorewa bekend gemaak dat die Blankes 'n minimum aantal setels gewaarborg moes word. Dit was 'n insiggewende verklaring deur Muzorewa wat tot op daardie stadium aangedring het dat die parlement op grond van 'n veelrassige algemene kiesersrol verkies moes word. Die Biskop het egter nie bekend gemaak hoeveel setels aan die Blankes toegestaan moes word nie (The Daily News: 21 Desember 1977).

Intussen het die Britse regering steeds gepoog om die Anglo-Amerikaanse skikkingsplan aan die Patriotic Front te "verkoop". 'n Ontmoeting is vir die doel op die eiland Malta gereël. Owen het dienaangaande die volgende verklaar: "Our main and decisive force for the achievement of our objectives lies in the determination of the Zimbabwean masses to fight united for total and complete independence" (Lovett: 1978, 31). Owen het verder gesê: "If you are going to have a settlement, you've got to have a ceasefire. If you're going to have a ceasefire, you've got to talk to the people who are fighting" (African Research Bulletin: 15 Mei 1979). Die Patriotic Front se rewolusionêre offensief het die Britse regering derhalwe genoop om met Nkomo en Mugabe te onderhandel. Dit het die posisie van die Swart leiers wat by die interne skikkingspoging betrokke was ernstig aangetas.

Smith het egter voortgegaan op die weg na 'n interne skikking. Ten spyte van ingrypende verskille tussen die onderhandelaars, het die onderhandelinge teen die tweede week van Januarie 1978 'n finale produk opgelewer.

Op 3 Maart 1978 het Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau, 'n interne ooreenkoms onderteken waarvolgens Swart meerderheidsregering in 'n realiteit sou ontwikkel. In die "nuwe" parlement sou 28 uit 'n 100 setels vir die Blankes gereserveer word. Ses Blankes sou na aanleiding hiervan saam met die Swartes moes stem om verskanste klousules uit die grondwet te verwyder. Muzorewa wou aanvanklik sy standpunt dienaangaande wysig nadat hy teenkanting van sy ondersteuners ervaar het. Chirau, Sithole en Smith het hom egter verenigd teengestaan. Smith het gesê: "The outcome was a victory for moderation". Een van Muzorewa se volgelinge het hierteenoor verklaar: "Bishop has been trounced" (Lovett: 1978, 36).

Die Patriotic Front het die ooreenkoms beskryf as 'n klug. Nkomo het Sithole, Chirau en Muzorewa bestempel as "small nuts in a big machine" (Moorcraft: 1982, 195).

Die "Salisbury-ooreenkoms" is opgevolg deur die orent-

bringing van 'n oorgangsregering. Die vernaamste pligte van die oorgangsregering was om 'n skietstilstand te bewerkstellig, rassedriskriminasie te verwyder, 'n nuwe grondwet op te stel en die kieserskorps voor te berei op 'n verkiesing voor die einde van 1978. Dit alles moes geskied voordat die regering op 31 Desember 1978 aan die Swart meerderheid oorgedra sou word. In die sentrum van die oorgangsregering was die uitvoerende raad wat uit vier lede bestaan het, naamlik Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau. Smith het die titel eerste minister behou, maar elke lid van die uitvoerende raad sou die geleentheid hê om as voorsitter op te tree. Die regeringsadministrasie sou onder toesig van 'n ministersraad staan wat sou bestaan uit nege Blankes, genomineer deur Smith, en nege Swartes, drie elk van die drie Swart partye.

Die onsekerheid wat na aanleiding van dié gebeure onder Blankes in Rhodesië geheers het, het daartoe gelei dat 'n groot aantal Blankes die land verlaat het. Die eerste linie van die regering, naamlik parlementslede en Rhodesian Front-amptenare, het onder die emigrante getel (Financial Gazette: 11 August 1978). Ian Rees-Davies, wat die kiesafdeling Bulawayo-Suid vanaf 1974-1978 in die parlement verteenwoordig het, het Rhodesië in Junie 1978 verlaat en hom in Brittanje gevestig. Hostes Nicolle, 'n gewese sekretaris van

binnelandse sake, het in Junie 1978 na Suid-Afrika geëmigreer. Danie Brink, gewese parlementslid vir die kiesafdeling Karoi, het in dieselfde tyd geëmigreer. Wicus de Kock, gewese minister van inligting, immigrasie en toerisme wat die kiesafdeling Rusape verteenwoordig het, het die land in Julie 1978 verlaat (Die Volksblad: 2 Augustus 1978). Reg Cooper, gewese minister van verdediging wat in Februarie 1977 uit Ian Smith se Rhodesian Front Party bedank het, het ook aan die einde van Julie 1978 na Suid-Afrika geëmigreer. 'n Totaal van 6 493 Blankes het Rhodesië in die eerste ses maande van 1978 verlaat, terwyl 2 817 Blankes na Rhodesië geïmmigreer het (Rand Daily Mail: 19 Julie 1978). Blankes het veral hul werk en pensioene onder 'n Swart regering gevrees (Financial Gazette: 11 August 1978).

Die Zimbabwe Times het dienaangaande die volgende verklaar: "Die gesindheid en optrede tussen Swart en Wit nou sal bepaal of die verhouding in 'n onafhanklike Zimbabwe hartlik en vriendelik sal wees. Diegene wat nie bereid is om 'n Swart regering en alles wat daarmee saamhang te verduur nie, moet die moed hê om uit die land pad te gee. Dié wat agterbly moet doelgerigte stappe doen om die verhouding met die Swartes te verbeter. Hulle moet hulle gedagtes reinig van alle idees oor meerderwaardigheid en die Swartman as hulle

gelyke aanvaar. As hulle versuim om dit te doen, sal betrekkinge sodanig versleg dat Swartes vatbaar sal word vir suggesties van wrekende optrede" (Die Vaderland: 3 Augustus 1978).

Brittanje, die VSA, die Frontlinie-state en die PF het nie die interne skikking en die tussentydse regering erken nie. Beide dr. Owen en Cyrus Vance, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, het steeds geglo dat die Anglo-Amerikaanse plan van 'n konferensie waarby alle partye in die geskil betrek moes word die enigste oplossing vir die vraagstukke van Rhodesië kon bied. Daar is derhalwe sterk standpunt ingeneem dat Nkomo en Mugabe deel moes uitmaak van 'n skikkingspoging (The Star: 16 July 1978). Owen het met verwysing na Nkomo verklaar: "If you can include one of the external nationalist then that would help in gaining recognition at the earliest time" (Meredith: 1979, 334). In 'n poging om die Anglo-Amerikaanse inisiatief met betrekking tot 'n skikking voort te sit het die Britse eerste minister, Callaghan, sy persoonlike gesant, Cledwyn Hughes, teen die einde van November 1978 na Afrika gestuur. In medewerking met die Amerikaanse ambassadeur in Zambië, Stephen Low, moes hy poog om die belanghebbende partye om 'n konferensietafel byeen te bring. Die PF het by monde van Nkomo dit duidelik gestel dat hy nie in so 'n konferensie geïnteresseerd is nie. Smith, Muzorewa, Sithole en

Chirau was ook skepties oor die voorgestelde veelparty-konferensie. Die enigste toegewing wat hulle bereid was om te maak, was om die uitvoerende komitee te vergroot sodat dit Mugabe en Nkomo kon insluit. Aan die begin van 1979 het die Britse eerste minister aangekondig dat hy sy planne vir die hou van so 'n konferensie voorlopig laat vaar het.

Geheime samesprekings tussen Smith en Nkomo het 'n verdere dimensie aan die onderhandelinge gegee. Die reaksie van Chirau, Muzorewa, Sithole en ook Mugabe hierop was egter heftig. Daar word beweer dat Nkomo die voorsitterskap van die uitvoerende komitee aangebied is. Die onderhandelinge is gekelder toe Nkomo se ZIPRA-magte 'n Viscount-passasiersvliegtuig neergeskiet het (African Research Bulletin: 15 Mei 1979).

Dië verloop van sake het Smith verder gebind om die interne skikkingspoging deur te voer. Hy het egter in die proses 'n paar foute begaan. Die onafhanklikheidsdatum is van die beoogde 31 Desember 1978 na 20 April 1979 verskuif. 'n Tweede fout was dat Rhodesië hierna as Zimbabwe-Rhodesië bekend sou staan. Die rewolusionêre stryd is gevoer om die staat "Zimbabwe" te vestig (African Research Bulletin: 15 Maart 1979).

Teen die einde van 1978 is die nuwe grondwet voltooi.

Die Blankes was hiervolgens van 'n minderheidsaandeel in die regering verseker (Van Aswegen: 1982, 444).

In April 1979 is 'n algemene verkiesing in Rhodesië onder die nuwe grondwet gehou. Nieteenstaande dreigemente van die PF om die militêre offensief te intensiveer het bykans 65% van die kiesers gestem. Die UANC-party van Muzorewa het 51 van die 72 Swart setels verower.

Kritici het uitgewys dat die oorweldigende militêre teenwoordigheid en die grootskaalse propaganda-offensief van owerheidskant die verkiesing ongeldig gemaak het. Palley het dit so gestel: "The whole campaign has been a massure exercise by white politicians, administrators, security forces and employers, backed by the black internal settlement politicians, to pressurize employees into voting" (Meredith: 1979, 363).

'n Groep waarnemers van die Britse Konserwatiewe Party wat die verkiesing bygewoon het, het dit in 'n verslag as "fairly conducted" beskryf. Daar is ook geargumenteer dat die verkiesing as 'n referendum met betrekking tot die konstitusie van 3 Maart 1978 beskou.kon word: "The great jubilation among blacks and whites when the high poll was announced, before the count had ever started, must lead to the conclusion that the election

was not merely about which party would win, but contained within it a further, perhaps more profound, question. We are satisfied that the election did, in fact, constitute a kind of referendum of the constitution" (African Research Bulletin: 15 Julie 1979).

Die Amerikaanse Kongres het ook op 15 Mei 1979 'n resolusie aanvaar waarin verklaar is dat die verkiesing regverdig was en dat die oordrag na meerderheidsregering bevredigend was.

## 1.9 DIE KONSERWATIEWE PARTY EN DIE AANLOOP TOT DIE LANCASTERHUIS-BERAAD

Op 3 Mei 1979 het die Konserwatiewe Party in Brittanje aan bewind gekom. Die nuwe eerste minister, Mev. Margaret Thatcher, het 'n positiewer houding teenoor die nuwe meerderheidsregering in Rhodesië ingeneem. Mev. Thatcher se moontlike erkenning van Zimbabwe-Rhodesië was 'n kritieke faktor in die toekomstige ontwikkeling van die staat (The Friend: 27 July 1979). Smith het verklaar: "People in this part of the world will share the elation of the Tories over Mrs. Thatcher's handsome victory in the general election. It is the best possible result for Britain and for Zimbabwe-Rhodesia" (To the Point: 30 November 1979).

Owen het egter profeties uitgewys dat die Konserwatiewe Party die aangeleentheid heel anders sou sien uit die regeringsbanke. Pym het dan ook verklaar dat Brittanje nie Zimbabwe-Rhodesië spoedig sou erken nie. Die VSA, die Statebondslande en ander belanghebbendes moes eers geraadpleeg word (The Friend: 27 July 1979). Smith het Brittanje geblameer vir hul weifelende houding: "History recalls many cases of once great nations which have decoyed and crumbles into ignominy, but none which collapsed with such rapsidity and completeness as far as Great Britain is concerned. For us in Rhodesia, it was a tragic stroke of fate that we came in towards the tail end of Britain's expansion and civilization in the world ... Because of this, we lost out in gaining this thing called independence ... Because of this, we have been left to the end, right to the bitter end, in that we have been dragged down in the morass of Britain's decadence and decline" (Meredith: 1979, 369).

Carter het op 7 Junie 1979 aangekondig dat Zimbabwe-Rhodesië in internasionale isolasie sou bly. 'n Beëindiging van boikotte sou volgens hom op die verbreking van die volkereg neerkom.

Die Britse regering het hierna voorbereidings begin tref vir die hou van 'n veelparty-konferensie. Op aandrang van die Britse regering het die Zimbabwe-

Rhodesiese regering en die leiers van die PF vanaf September 1979 in Lancasterhuis in Londen vergader om 'n finale skikking te probeer bereik.

## 1.10 SLOT

Smith het in sy posisie as onderhandelaar telkens dieselfde fout begaan, naamlik dat hy 'n onversetlike houding ingeneem het. Die gevolg was dat selfs Muzorewa en Sithole slegs beperkte "winste" kon toon uit die finale onderhandelinge met Smith.

Nkomo was wys genoeg om dit te besef. Mugabe, wat uiteindelik as die leier met die meeste steun na vore getree het, het nooit sy leiersposisie gewaag in 'n skikkingspoging nie.

Smith kon na elke skikkingspoging roem op 'n oorwinning oor die Swart leiers. Dit het egter die gematigde leiers geknou. Die fout van "te laat te min" het deeglik vir Rhodesië gegeld.

# HOOFSTUK VI

## DIE LANCASTERHUIS-BERAAD EN DIE BEWINDSOORNAME DEUR ZANU (PF)

### 1.1 INLEIDING

Die Lancasterhuis-ooreenkoms wat in Desember 1979 deur die leiers van die Patriotic Front en die Muzorewa-regering onderteken is, het daarvoor voorsiening gemaak dat Zimbabwe-Rhodesië as "Suid-Rhodesië" weer 'n Britse kolonie sou word. Lord Soames sou as goewerneur van die kolonie optree terwyl voorbereidings getref is vir 'n verkiesing met die oog op onafhanklikheid. In die verkiesing het Robert Mugabe se ZANU-(PF)-party 'n oorweldigende meerderheid behaal. Swart meerderheidsregering in Rhodesië het aan die hand hiervan finaal in 'n realiteit ontwikkel.

Die hoofstuk sal vervolgens aan die voorgenoemde gebeure gewy word.

### 1.2 DIE LANCASTERHUIS-KONFERENSIE EN -OOREENKOMS

Verskeie faktore het 'n rol gespeel om die Lancasterhuis-beraad moontlik te maak. Aan die een kant het die hoë intensiteit van die rewolusionêre offensief die Muzorewa-regering ontvanklik vir verdere onder-

handelinge gemaak. Die ekonomiese agteruitgang van die Frontlinie-state het aan die ander kant daartoe gelei dat sterker druk op Nkomo en Mugabe uitgeoefen is om tot onderhandelinge toe te tree (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1063).

Wat Mugabe betref, het die hoë stempersentasie gedurende die April-verkiesing in Rhodesië hom tot onrus gestem. Hy het verder besef dat alhoewel ZANLA daarin geslaag het om die rewolusionêre stryd te laat eskaleer die voortgesette Rhodesiese aanvalle 'n negatiewe effek op die rewolusionêre moreel gehad het. Mugabe was ook bewus van die feit dat Zambië Nkomo verkies het as 'n toekomstige "Zimbabwiese" leier. Daarby het Nkomo sterk bande met die OAE en die VVO gehad. Hy het ook steun vanuit die Weste as gevolg van sy meer gematigde houding geniet.

Vanuit Britse oord is daar nie-amptelik verwys na 'n "eersteklas"- en 'n "tweedeklas" oplossing vir die Rhodesiese geskil. Die eerste oplossing het alle partye ingesluit. Die alternatief, as die eerste sou misluk, was om 'n regering in Zimbabwe te vestig wat Mugabe en sy volgelinge sou uitsluit. Mev. Thatcher se gedetermineerde houding het derhalwe ook 'n belangrike rol gespeel om Mugabe na die onderhandelingstafel te dwing. Teen die agtergrond het Brittanje uit-

nodigings aan die leiers van die <u>Patriotic Front</u> en die Muzorewa-regering, "which included Smith and Sithole in their delegation" (Martin: 1981: 315), gestuur om 'n konferensie te Lancasterhuis in Londen by te woon.

Die konferensie het op 10 September 1979 'n aanvang geneem onder voorsitterskap van lord Carrington. Carrington se optrede is deur 'n mengsel van diplomasie en gedetermineerdheid gekenmerk. Sy hantering van die konferensie was so ferm dat dit bykans as aggressief beskou kon word (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1065). Carrington het so ver as moontlik 'n direkte konfrontasie tussen die deelnemende partye vermy. Vóór elke beplande sessie het hy afsonderlik met die groepe onderhandel. Nkomo gebruik in sy outobiografie die beeld dat Carrington homself in die middel van 'n spinneweb geplaas het, vanwaar hy die verskillende partye gemanipuleer het (Nkomo: 1984, 195).

Die <u>Patriotic Front</u> het protes aangeteken teen feitlik elke onderhandelingspunt. Die PF se hotelkamers het egter meeluisterapparaat bevat waardeur die Britte 'n goeie aanduiding verkry het van hoe ver die PF sou toegee. In 'n privaat gesprek het Samora Machel, wat 'n groot invloed op Mugabe gehad het, aan laasgenoemde gesê: "We FRELIMO secured independence by military

victory against colonists, but your settlers have not been defeated, so you must negotiate." (Moorcraft: 1982, 220).

Muzorewa het meer inskiklik voorgekom. Gedurende die konferensie het hy egter ook die legitimiteit van sy regering beklemtoon. Hy het onder andere verklaar: "I was pleased to accept the invitation to attend this constitutional conference, because it enables me to report officially and in person to the British Government and the British people that we have fulfilled all the requirements insisted upon by successive British Governments. This being so, it's up to the British government to recognise the new reality of the situation in our country and to act accordingly." (Report Constitutional Conference, Lancaster House, 21 Desember 1979).

Biskop Muzorewa het daarna die situasie in Zimbabwe-Rhodesië met die vyf beginsels wat deur vorige Britse regerings as grondslag vir Britse erkenning gestel is, vergelyk. Volgens hom het Zimbabwe-Rhodesië aan al vyf beginsels voldoen. Hy het vervolg: "Let us accept one further fact. The reason which led to the British and subsequent international action against our country were directed purely and simply against the white minority government which unilaterally

declared independence in 1965. Those reasons are not valid. That government, which was anathema to the majority of our people, no longer exists. It has now been replaced by a government popularly elected by 64,8% of our electorate in elections which were conducted in an honest, impartial, democratic, free and fair manner. This was testified too by virtually all the observers sent to monitor our elections, including the team led by lord Boyd which was sent by your party." (Report Constitutional Conference, Lancaster House, 21 Desember 1970). Hy het verder gesê: "There is a total new reality in our country. In Parliament, the House of Assembly consists of 72 black and 28 white members, the Senate consists of 20 black and 10 white senators. The Cabinet contains 19 ministers, of whom 14 are black and 5 are white. Prior to May the two highest posts in the land, that of Prime Minister and President, were held by whites. Now these posts are filled by blacks. Furthermore, as Minister of Combined Operations and Minister of Defence, I have executive control and ultimate authority over all military matters in my country. Similarly my black colleague, the Minister of Law and Order, who is a member of my delegation, holds executive power over the police." (Report Constitutional Conference, Lancaster House, 21 Desember 1977).

Na sewe-en-veertig volle sittings is 'n ooreenkoms bereik aangaande 'n nuwe konstitusie vir Rhodesië, reëlings in verband met 'n oorgangsperiode voor onafhanklikheid asook 'n skietstilstand. Die skietstilstand-ooreenkoms het soos volg gelees:

RHODESIA: CEASE-FIRE AGREEMENT

"The parties to this cease-fire agreement have agreed as follows:

1. With effect from 24h00 hours on 21 December 1979 all movement by personnel of the Patriotic Front armed forces into Rhodesia and all cross-border military activity by the Rhodesian forces will cease. This agreement will take effect on a basis of strict reciprocity. The British Government will request the governments of countries bordering on Rhodesia to make arrangements to ensure that externally based forces do not enter Rhodesia. Provision will be made to permit the return of civilian personnel to Rhodesia in order to vote or engage in other peaceful political activity. Border-crossing points will be established, under the supervision of the monitoring force for this purpose.

2. With effect from 24h00 hours on 28th December 1979 all hostilities in Rhodesia will cease. The Commanders will issue instructions to the forces under their command to ensure that all contact between the respective forces is avoided. A Cease-fire Commission will be established in Salisbury. The Chairman of the Commission will be the Governor's Military Adviser. The Commission will consist of equal numbers of the representatives of the Military Commanders of both sides. The Commission will meet as required throughout the cease-fire. It's functions will include

(a) ensuring compliance with agree arrangements for the security and activities of the forces.
(b) the investigation of actual or threatened breaches of the cease-fire and
(c) such other tasks as may be assigned to it by the Governor in the interests of maintaining the cease-fire.

The Commission will be independent of existing command structures and the Governor may at his discretion communicate direct with the Commanders of the Rhodesian forces and the Patriotic Front forces concerning the exercise of their respective functions. Any member of the Commission may invite it to discuss any

question which appears to him as to be relevant to its functions" (Report Constitutional Conference, Lancaster House 21st December, 1979).

3. Punt 3 het gehandel oor die ontplooiing van 'n mag wat die skietstilstand sou monitor. Punte 4 en 5 was bloot administratief van aard.

6. "The parties recognize that disengagement of the forces will be essential to an effective cease-fire and the deployment of the monitoring forces. At 24h00 hours on 28th December 1979 the Rhodesian armed forces, under the directions of the Governor will therefore disengage to enable the Patriotic Front forces inside Rhodesia to begin the process of assembly. Elements of the monitoring force will be deployed to the command structure and bases of the Rhodesian forces and to assembly places and rendezvous positions designated for the Patriotic Front forces.

7. The Patriotic Front forces at present in Rhodesia will report with their arms and equipment to rendezvous positions and will proceed thereafter to assembly places as indicated. The process of assembly will take place under the direction of the Commanders of the PF forces and under the auspices of the monitoring force.

8. Movement to assembly points will be completed by 24h00 hours on 4th January 1980. The process of assembly will take place with the assistance of the monitoring force. Arrangements will be made for the accommodation, security and other agreed requirements of the PF forces" (Report Constitutional Conference Lancaster House, 21st December 1979).

Die voorgestelde konstitusie het die Patriotic Front nie ten volle bevredig nie. Nkomo het beweer dat hulle slegs daartoe ingestem het om te verhoed dat die bloedbad in Rhodesië sou voortduur. Die hoofbron vir ontevredenheid dienaangaande was dat 20 uit 'n 100 setels in die parlement vir die Blankes gereserveer sou word. Dié lede sou slegs deur Blankes verkies word (Nkomo: 1984, 199).

Die Frontlinie-leiers het die leiers van die Patriotic Front nie-amptelik aangeraai om die waagstuk te aanvaar en die Lancasterhuis-ooreenkoms te onderteken (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1067). Die ondertekening van die ooreenkoms deur die leiers van die verskillende afvaardigings het op 21 Desember 1979 plaasgevind.

## 1.3 DIE SOAMES-ADMINISTRASIE EN DIE AANLOOP TOT DIE VERKIESING

Reeds op 12 Desember 1979 het die Britse goewerneur, lord Soames, in Salisbury aangekom. Brittanje se besluit om lord Soames na Rhodesië te stuur voordat die ooreenkoms onderteken is, het verhoed, soos lord Carrington dit gestel het: "the ball from unravelling." (Martin: 1981, 300). Die aankoms van lord Soames het ook beteken dat Zimbabwe-Rhodesië weer onder Britse koloniale beheer geplaas is. Tegnies gesproke het dit dus die einde van Rhodesië se "rebellie" beteken (The Star: 12 Desember 1979).

Soames was vasberade dat die oorgangstydperk volgens plan moes verloop. Die Statebondsmag het in die verband 'n belangrike rol vervul. Die mag van 1 300 man het onder bevel van generaal John Acland gestaan. Die mag het uit 159 Australiërs, 75 Nieu-Seelanders, 51 Keniane en 24 soldate van Fidji bestaan. Die res van die mag was Britse soldate. Een van hul take was om die beweging van die rewolusionêres vanaf die bymekaarkompunte na die 16 versamelpunte te monitor en te verseker dat hulle daar bly.

Op 26 Desember 1979 het Rex Nhongo en 41 ZANLA-bevelvoerders na Salisbury vertrek. Teen 6 Januarie 1980 het 15 730 rewolusionêres reeds aangemeld. Teen 9

Januarie 1980 het 20 634 aangemeld. Dié getal het geleidelik gestyg tot omtrent 22 000. Van die 22 000 rewolusionêres was omtrent 16 500 van ZANLA en 5 500 van ZIPRA. Baie was egter nie ongeleerde rewolusionêres nie, maar blote meelopers of "mujibhas". Ten minste 7 000 opgeleide ZANLA-rewolusionêres het buite die versamelpunte gebly. Die 7 000 se opdrag was om hulp tydens die verkiesing te verleen. Meer as 500 ten volle opgeleide ZANLA-rewolusionêres het operasioneel buite die versamelpunte gebly wat die plofbare situasie verhoog het (African Research Bulletin: 15 Januarie 1980). Die Statebondsoldate het digby die versamelpunte gebly om die moontlikheid van Rhodesiese lugaanvalle te beperk.

Die verhouding tussen Soames en Mugabe was vanuit die staanspoor gespanne. Lord Soames het, voordat hy Mugabe ontmoet het, hom beskryf as 'n "terrible chap". Soames se kollegas was van mening dat Muzorewa tydens die verkiesing wat sou volg genoeg setels sou verower om saam met Nkomo en die Blankes 'n sterk koalisie te vorm en sodoende vir Mugabe uit die regering te weer. Niemand in "Government House" het geglo dat Mugabe 'n regstreekse oorwinning in die verkiesing sou kon behaal nie. (Martin: 1981, 323).

Heelwat kritiek kan gelewer word teen die Soames-administrasie se hantering van die oorgangstydperk.

Dié administrasie het verkeerdelik gesteun op die burokrasie wat so lank vir Smith waardevolle diens gelewer het. Hulle was ook traag om politieke aangehoudenes vry te laat. Ten tye van die verkiesing was daar nog meer as 2 000 politieke aangehoudenes in tronke. Daarby het Soames nie dieselfde ondersteuning aan die rewolusionêre groepe as aan Muzorewa gegee nie. 'n Voorbeeld hiervan was dat Mugabe se telefoon by die ZANU(PF)-party se politieke hoofkwartier eers twee weke voor die verkiesing aangesluit is.

Suid-Afrikaanse soldate is ook toegelaat om steeds in Rhodesië te bly. Op 30 Januarie 1980, drie weke nadat die Suid-Afrikaners se teenwoordigheid aangemeld is, het die mag egter onttrek, alhoewel 'n duisend vrywilligers aangebly het in eenhede van die Rhodesiese mag (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1069).

Ter verdediging van Soames se optrede moet aangevoer word dat sy positiewe houding teenoor Suid-Afrika, asook die Rhodesiese veiligheidsmagte, grootliks gemotiveer is deur die vrees dat Suid-Afrika militêr in Rhodesië sou ingryp of dat die veiligheidsmagte sou rebelleer indien Soames 'n toegewende houding teenoor die rewolusionêres en hul verteenwoordigers sou inneem. Die veiligheidsmagte het begeer om hulle te wreek op die rewolusionêres in die versamelpunte en

slegs 'n geringe gebeurtenis kon 'n massaslagting ontketen. Soames het derhalwe verplig gevoel om simpatiek teenoor die Muzorewa-groep te staan.

## 1.4 DIE VERKIESING - MUGABE AAN BEWIND

Die kernvraag was of Mugabe en Nkomo die verkiesing gesamentlik as die Patriotic Front sou aanknoop. Van die senior ZAPU-lede het geargumenteer dat Nkomo steun in Masjonaland daardeur sou verloor en dat dit nie die argument sou oplos oor wie die meeste steun in Rhodesië geniet nie. Die twee partye het derhalwe besluit om die verkiesing op 'n individuele partygrondslag aan te pak.

Dit was vir Mugabe onmoontlik om die 1980-verkiesing onder die naam ZANU aan te pak aangesien Sithole reeds dié naam vir hom opgeëis het. Mugabe het derhalwe op die naam ZANU (PF) vir sy party besluit. Nkomo het die verkiesing onder die vaandel van die Patriotic Front aangepak aangesien hy van mening was dat dit hom meer stemme kon besorg. Mugabe het homself verbind tot 'n koalisie met Nkomo na afloop van die verkiesing. Nkomo het sy opsies in die verband oopgehou. Dit is beskou as 'n verdere demonstrasie van persoonlike ambisie, eerder as om eenheid te bewerkstellig (Martin: 1981, 329).

Die verskillende leiers het groot saamtrekke in Highfield digby Salisbury gehou. Mugabe het die grootste skares getrek, terwyl Muzorewa se ondersteuners die minste geesdrif getoon het en Sithole se byeenkomste die swakste bygewoon was. Plaaslike en internasionale joernaliste het op grond hiervan geskat dat Mugabe ongeveer vyf-en-dertig setels in die verkiesing kon verower. Die joernaliste het egter nie rekening gehou met die massamobilisasie en indoktrinasie wat deur ZANU gedurende die rewolusionêre stryd van stapel gestuur is nie. Gedurende die verkiesingsveldtog het die ZANU (PF)-party van verdere intimidasie gebruik gemaak (Foreign Affairs: 3 April 1983, 1068). Nkomo het bevestig dat dit as gevolg hiervan onmoontlik was om in sekere gebiede 'n vrye verkiesing te hou, 'n standpunt wat deur lord Soames gedeel is (Nkomo: 1984, 207). Een van die Britse verkiesingsbeamptes, Ronald Patterson, het soos verskeie ander Britse verkiesingsbeamptes egter die mening gehuldig dat die graad van intimidasie nie sodanig was dat dit drastiese stappe geregverdig het nie. Patterson het geglo dat die intimidasie deel was van 'n land wat gewoond was aan 'n brutale oorlog (Martin: 1981, 314).

Die verkiesing is gehou vanaf 27 tot 29 Februarie 1980. Volgens berekeninge het 93% van die stemgeregtigdes gestem.

Die uitslag was 'n triomf vir die ZANU (PF)-party van Mugabe. As gevolg van die Sjonas se steun het ZANU (PF) 57 setels verower. Alhoewel die Matabeles en die Kalanga-stamme hulle steun aan Nkomo toegesê het, het die Patriotic Front (ZAPU) slegs 20 setels verower. Muzorewa se UANC kon slegs drie setels wen. Sithole se ZANU-party kon geen setel inpalm nie. In 'n vroeëre verkiesing vir die Blankes het die Rhodesian Front al 20 setels verower.

Nkomo is verbysterd gelaat deur die verkiesingsuitslag. Hy het verklaar: "You give them one man one vote and look what they do with it" (Moorcroft: 1982, 236).

Op 4 Maart 1980 het Mugabe, nadat die verkiesingsuitslag bekend gemaak is, 'n boodskap aan die bevolking gerig. Hy het gepraat van die verandering van swaarde na ploegskare om 'n oorlogverskeurde bevolking weer op te bou en die noodsaaklikheid van rekonsiliasie. Mugabe het die Blankes verseker dat hulle 'n plek in Zimbabwe sou hê, maar as Zimbabwiërs. Mugabe het hom verder positief ten opsigte van 'n koalisie met ZAPU uitgespreek asook oor die insluiting van Blankes in die nuwe regering. Hy het sy toespraak afgesluit met die woorde: "Let us deepen our sense of belonging, and engender a common interest that knows no race, colour or creed. Let us truly become Zimbabweans

with a single loyalty. Long live freedom" (Martin: 1981, 331).

Die vraag moes egter nog beantwoord word of die verkiesing as vry en regverdig beskou kon word. Die uitspraak van die 11 Statebondswaarnemers sou dienaangaande bepalend wees. In 'n verslag van die waarnemers wat op 8 Maart 1980 vrygestel is, is die volgende vermeld:

Wat die akkommodering van Blankes in die regering betref, het Mugabe sy woord gestand gedoen deur die Rhodesian Front-LV David Smith aan te wys as minister van handel en industrieë en Dennis Norman, hoof van die "Commercial Farmer's Bureau" as minister van landbou. Daarby het hy dit aan generaal Walls opgedra om die integreringsproses van die verskillende gewapende magte te lei.

Mugabe het aan Nkomo die presidentskap aangebied. Nkomo het dit egter van die hand gewys. Hy het die redes hiervoor soos volg uitgespreek: "I could not possibly have taken the presidency. Both Robert and I often, publicly, criticised the constitution given to us by Britain because it provided for the purely ceremonial office. In Britain the Queen - sanctified by tradition, standing as a symbol of the nation far

above day-to-day politics - fills an invalable role. The historic British institution of the monarchy cannot just be exported to countries with quite different national traditions. Certainly, I as an active politician, could not possibly perform that role" (Nkomo: 1984, 212).

Mugabe het Nkomo daarna vier kabinetsposte, asook drie portefeuljes vir junior ministers aangebied. Die PF-partylede het egter steeds gevoel dat hulle tekort gedoen word.

Mugabe se oënskynlike gematigde houding het by sommige Blankes 'n gevoel van veiligheid geskep. Dit het egter nie verhoed dat 'n groot getal Blankes Zimbabwe verlaat het nie (Weekend Argus: 9 January, 1982).

Die bewindsoorname van Mugabe het daartoe gelei dat die Blankes voortaan 'n minderheidsaandeel in die beleidmakende prosesse in Zimbabwe sou hê (The Citizen: 19 March 1982). Die destabilisering van die Blanke regering van die voormalige Rhodesië is dus finaal voltrek.

## 1.5 SLOT

Dr. Eddison Zvobgo, Zimbabwe se minister van justisie

en konstitusionele aangeleenthede, het by geleentheid verklaar dat die rewolusionêre stryd om politieke, en nie om ekonomiese redes, gevoer is. Die uitsluiting van die Land Apportionment Act en ander kontradiksies wat in Rhodesië bestaan het, het slegs as 'n medium gedien om bevolkingsmobilisering te bewerkstellig. Dr. Zvobgo het dit duidelik gestel: "Power had to change hands" (The Guardian: 30 Mei 1984).


Die politieke magstryd tussen die verskillende Swart politieke groepe is egter na Mugabe se bewindsoorname weer op die voorgrond gedryf. Mugabe is van mening dat genoemde konflik slegs besweer kon word deur Zimbabwe in 'n eenpartystaat te omskep ten koste van sy voormalige kollega, Nkomo en laasgenoemde se ZAPU-party. Die vestiging van 'n eenpartystaat is volgens Mugabe "The best way to overcome tribal divisions and to provide conditions for stability and economic development." (The Guardian: 30 Mei 1984). Hy het ook verklaar: "ZANU is ruling the country. This is an indication of where we are going: to a one-party state. Prepare for it." (The Guardian: 12 July 1984).

Dit is te betwyfel of die spanning in Zimbabwe sal verminder deur die politieke struktuur te verander. Mugabe gaan egter van die standpunt uit dat interne

weerstand makliker onderdruk sal kan word in 'n eenpartystaat. Die internasionale gemeenskap aanvaar skynbaar die gegewe situasie gelate. Die "verontregte" Swartman is op staatkundige gebied in ere herstel. "Power for whom and power for what," is nie meer belangrik nie, solank die politieke mag net nie meer in "imperialistiese hande" is nie.

Bylae I:

RHODESIË VERDEEL IN OPERASIONELE SEKTORE





(Stiff 1984)

Bylae II:

# 'N VOORBEELD VAN 'N ZAPU PROPAGANDA-PAMFLET

## ZAPU




PEOPLE'S PROBLEMS ARE ZAPU'S PROBLEMS.
ZAPU'S PROBLEMS ARE THE PEOPLE'S PROBLEMS.

The white settlers hold our country and rule us against our will by force of armed suppression. Because of this, ZAPU, in 1964, concluded and declared that " There is no going back, Guns or no guns, prisons or no prisons, restrictions or no restrictions, Wha Wha or no Wha Wha, Gonakudzingwa or no Gonakudzingwa we are prepared to crush settler minority rule whatever the price.

Whether by day or by night, at any place, we have to confront the enemy by guns, stones, sticks, bottles, spears and by any means we can lay our hands on in order to crush the enemy. We have to fight for our freedom and independence or die under colonialism, racism and oppression.

We must remove by force, the white minority rule in order to gain our freedom to govern ourselves in our own way, in our own country ZIMBABWE.

The land and all its natural resounces belong to the African people of Zimbabwe, and we well come all those who believe in majority rule what ever their colour or creed.

Under the people's Government led by ZAPU, the people shall share the wealth of Zimbabwe. Therefore, all Zimbabweans are called upon to take part in the Armed Revolution which ZAPU is waging day and night against the minority rule of white settlers.

We say NO to the exploitation of a nation by a nation, NO to oppression and NO to exploitation of man by man.


Join ZAPU now the people's force and voice. Zapu shall win.

PEOPLE ARE THE POWER AND POWER IS THE PEOPLE

+++++++++++
++++++++++
++++++


(*Stiff: 1984*)

# Bylae III: ZANLA SE BEVELSTRUKTUUR





(Stiff: 1984)

# Bylae IV: ZIPRA SE BEVELSTRUKTUUR





(Stiff: 1984)

Bylae V: ZANLA SE GEBIEDE VAN OPTREDE




(Stiff:1984)

Bylae VI: ZIPRA SE GEBIEDE VAN OPTREDE




(Stiff:1984)

# Literatuurlys

## 1. Oriëntering

Ten einde die uiteensetting van die literatuurlys te vergemaklik word die volgende kernagtige omskrywing verskaf:

## 2. Boeke

Alle gepubliseerde boeke word geraadpleeg.

## 3. Vakwetenskaplike tydskrifartikels

3.1 Outeur onbekend

3.2 Outeur bekend

## 4. Onderhoude

Onderhoude gevoer

## 5. Argivale bronne

Bronne van argivale aard.

## 6. Tydskrifte en koerante

Koerante en tydskrifartikels geraadpleeg.

2. Boeke


Andreski, S., The African Predicament. Joseph Ltd. London, 1968.

Barber, J., Rhodesia. The Road to Rebellion. O.U.P. Institute for Race Relations. London, 1967.

Blake, R., The history of Rhodesia. Eyre Methuen. London, 1977.

Bowman, L.W., Authoritarian Politics in Rhodesia. Part I. University Microfilms International. Michigan, 1971.

Bowman, L.W., Authoritarian Politics in Rhodesia. Part II. University Microfilms International. Michigan, 1971.

Bull, T., The Rhodesian Perspective. Pall Mall Press. London, 1967.

Bullock, C., The Mashona and the Matabele. Jute and Co. Ltd. Cape Town, 1950.

Caute, D., Under the Skin. The death of White Rhodesia. Penguine Ltd. London, 1983.

Clements, J., The Course to Collision. G. Bell and Sons. London, 1967.

Cole, B., The Elite. The Story of the Rhodesian Special Air Service. Three Knights Publishing. Pietermaritzburg, 1984.

Fawcett, R., How did they live. P.R. Gawthorn Ltd. London, 1862.

Gale, W.D., The Rhodesian Press. Rhodesian Printing and Publishing Co. Ltd. Salisbury, 1962.

Good, R.C., U.D.I. The International Politics of the Rhodesian Rebellion. Faber and Faber. London, 1973.

Greenfield, J.M., Testimony of the Rhodesian Federal. Books of Rhodesia. Bulawayo, 1978.

Griffith, S.B., Mao Tse-Tung on guerilla-warfare. Anchor Books. U.S.A., 1978.

Griswold, R., The British Policy of Partnership in the Federation of Rhodesia and Nyasaland. University Microfilms Limited. Wycomb, 1959.

Halle, P., The Making of Rhodesia. Joseph Ltd. London, 1976.

Harris, P.B., Studies in African Politics. Anchor Press. New York, 1970.

Joyce, P., Ian Smith. Perskor. Johannesburg, 1979.

Loney, M., Rhodesia White Racism and Imperial Response. Penguine Books Ltd. Middlesex, 1975.

Lovett, J., Contact. Rhodesia at War. Khenty Press. Johannesburg, 1982.

Martin, D. & Johnson, P. (reds.) The Struggle for Zimbabwe. Ravan Press. London, 1981.

Meredith, M., The Past is Another Country. Fakenham Press Ltd. Norfolk, 1979.

Moorcraft, P.L., Contact II. Sygma. Salisbury, 1979.

Moorcraft, P.L., & McLaughlin P., (eds.) Chimurenga. The War in Rhodesië 1965-1980. Sygma. Marshalltown, 1982.

Nkomo, J., The Story of My Life. Methuen. London, 1984.

Nkruma, K., The Autobiography of Kwame Nkrumah. Nelson and Sons Ltd. Johannesburg, 1957.

Olivier, S.P., Pioniertrekke na Gazaland. Unie Volkspers, Kaapstad, 1943.

Palmer, R., Land and Racial Discrimination. U.S.A. California, 1971.

Perna, D., The Struggle for Self-government in Rhodesia, and the Roots of White Nationalism in Rhodesia. Xerox University Microfilms. Mitchigan, 1972.

Reed, D., The Battle for Rhodesia. HAUM. Kaapstad, 1966.

Scully, P., Exit Rhodesia. Cottswold Press. Ladysmith, 1984.

Segal, R., Sanctions Against South Africa. Penguine Books Ltd. Middlesex, 1966.

Segal, R., The Race War. Penguine Books Ltd. Middelsex, 1966.

Sithole, N., African Nationalism. Oxford University Press, London, 1968.

Stiff, P., Rhodesian War. A Pictorial Account. Galago Publishing Co. Alberton, 1984.

Stiff, P., Selous Scouts. Top Secret War. Galago Publishing Co. Alberton, 1982.

Vambe, L., From Rhodesia to Zimbabwe. Heinemann. London, 1976.

Van Aswegen. A.P.J., The Tangled Web. Hollandsch Afrikaansch Uitgewers Maatschappij. Kaapstad, 1977.

Van Aswegen, H.J., Geskiedenis van Afrika. Academica. Kaapstad, 1982.

Van Eeden, G., Die Vuur Brand Nader. Nasionale Boekhandel. Kaapstad, 1964.

Weidenfeld, N., The White House Years. The Chaucher Press, Suffolk, 1979.

Welensky, R., 4 000 days. The life and death of the Federation of Rhodesia and Nyassaland. Collins Ltd. 1964.

Wilson, H., The Labour Government 1964-1970. Hazell Watson & Viney Ltd. Middlesex, 1971.

Windrich, E., The Rhodesian Problem. A Documentary Record 1923-1973. Routledge and Kegan Paul. London, 1975.

Wood, J.R.T., The Welensky Papers. A History of the Federation of Rhodesia and Njassaland. Graham Publishing. 1983.

3. <u>Vakwetenskaplike tydskrifartikels</u>

3.1 Outeurs onbekend

3.1.1 "Bulletin van die Afrika Instituut".

"An African kaleidoscope",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Desember 1963.

"Die Federasie van Rhodesië en Njassaland",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Februarie 1963.

"Die Federasie van Rhodesië en Njassaland",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Maart 1963.

"The Federation of Rhodesia and Nyasaland",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Mei 1963.

"Gemeenskapsontwikkeling in Rhodesië",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, November 1970.

"Hoofmomente in Rhodesië se onafhanklikheidstryd",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Februarie 1972.

"Nasleep van die onafhanklikheidsvraagstuk van Rhodesië,
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Januarie 1966.

"Die Onafhanklikheidsvraagstuk",
<u>Bulletin van die Afrika Instituut</u>, Mei 1965

"Onafhanklikheid vir Rhodesië",
Bulletin van die Afrika Instituut, Januarie 1965.

"Oor Boeke: Die vuur brand al nader, van Eeden",
Bulletin van die Afrika Instituut, November 1964.

"Rhodesië: Ekonomiese tendense",
Bulletin van die Afrika Instituut, Oktober 1970.

"Rhodesië haak die knoop deur",
Bulletin van die Afrika Instituut, Desember 1965.

"Rhodesië - Die omstrede verkiesing",
Bulletin van die Afrika Instituut, Junie 1965.

"Rhodesië samesprekings misluk",
Bulletin van die Afrika Instituut, Maart 1969.

"Rhodesië. Vanaf U.D.I. tot 'n Republiek",
Bulletin van die Afrika Instituut, Oktober 1970.

"Rhodesië vandag",
Bulletin van die Afrika Instituut, Februarie 1969.

"Soeklig op Afrika - Rhodesië",
Bulletin van die Afrika Instituut, April 1963.

"Soeklig op Afrika - Rhodesië",
Bulletin van die Afrika Instituut, Junie 1963

"Soeklig op Afrika-Suid-Rhodesië",
Bulletin van die Afrika Instituut, Julie 1964.

"Suid-Rhodesië. 'n Gesamentlike communique insake onafhanklikheid",
Bulletin van die Afrika Instituut, Oktober 1964.

3.1.2 "African Research Bulletin, Political and Cultural Series".

"Majority Rule elections",
African Research Bulletin, Vol. 16, Nr. 3, 15 May 1979.

"The Rhodesian Viscount",
African Research Bulletin, Vol. 16, Nr. 2, 15 March 1979.

"Zimbabwe-Rhodesia General Structure",
African Research Bulletin , Vol. 16 Nr. 1, 15 February 1979.

3.1.3 "Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, SABRA".

"Sir Roy Welensky",
Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, SABRA, Jg. 23, 11 Desember 1972.

## 3.2 Outeurs bekend

Smiley, X., Robert Mugabe. Foreign Affairs, April 1983.

Smiley, X., Zimbabwe, Southern Africa and the rise of Robert Mugabe. Foreign Affairs, April 1980.


## 4. Onderhoude

### 4.1

Onderhoude gevoer met twee senior politieke verslaggewers van die London Daily Mail, mnre. Tom Clarke en Dave Redford, in London, Junie 1984.

### 4.2

Onderhoud gevoer met luitenant Hansie Willemse, Waterfalls, Chipinge, Zimbabwe. As offisier het luitenant Willemse in die aktiewe Burgermag gedien vanaf 1963 tot 1980.

## 5. Argivale bronne

Report Constitutional Conference, Lancaster House, 21 Desember 1979.

## 6. Tydskrifte en koerante

| | |
|---|---|
| Die Afrikaner | 1 September 1978; 20 Januarie 1982; 27 Januarie 1982 |
| Die Burger | 2 September 1977; 14 Oktober 1977; 11 November 1977; 19 Januarie 1982; 25 Januarie 1982; 15 Februarie 1982; 20 Maart 1982; 29 Maart 1982; 12 Julie 1982; 2 September 1982; |
| Cape Herald | 16 January 1982 |
| Cape Times | 29 August 1977; 9 September 1977; 7 October 1977; 31 August 1978; 26 January 1982; 20 May 1982. |
| The Citizen | 11 November 1977; 21 August 1978; 9 August 1979; 14 December 1979; 5 January 1982; 25 January 1982. 12 February 1982; 8 March 1982; 10 March 1982; 16 July 1982; 24 August 1982; 2 September 1982; 7 December 1982; 11 December 1982. |
| Daily Despatch | 15 December 1977; 23 February 1982. |
| The Daily Mail | 10 October 1982; 6 March 1983; 11 March 1983; 9 April 1983; 2 June 1984; 3 June 1983; 7 June 1984; 15 July 1984. |
| The Daily News | 10 October 1977; 21 December 1977; 12 August 1978; 30 August 1982. |

| | |
|---|---|
| Eastern Province Herald | 5 May 1978; 26 January 1983; 10 April 1982. |
| Evening Post | 29 December 1977; 9 March 1982. |
| Financial Gazette | 11 August 1978; 5 March 1978. |
| Financial Mail | 8 August 1978. |
| The Friend | 5 September 1977; 27 July 1979; 13 December 1979; 25 August 1982; |
| The Guardian | 10 May 1984; 30 May 1984; 2 June 1984; 11 June 1984; 12 June 1984; 12 July 1984; |
| Hoofstad | 1 September 1977; 12 Desember 1977; 6 Desember 1982. |
| Leadership South Africa | June 1982. |
| The Natal Mercury | 26 August 1977; 14 October 1977; 14 December 1979; 19 November 1982; 9 January 1983. |
| The Natal Witness | 22 September 1977; 27 December 1977; 28 September 1978; 12 December 1979; 23 August 1982; 1 September 1982; |
| Newsweek | 22 February 1982. |
| Pretoria News | 10 August 1977; 9 March 1982; 22 March 1983. |
| Rand Daily Mail | 2 August 1977; 9 December 1977; 29 July 1977; 10 August 1978; 6 September 1978; 13 December 1979; 12 February 1982; 18 June 1982; 23 August 1982; 31 August 1982. |

| | |
|---|---|
| Die Republikein | 25 Augustus 1982. |
| The Star | 31 August 1977; 21 October 1977; 22 October 1977; 26 November 1977; 22 August 1978; 15 November 1979; 2 December 1979; 25 January 1982; 3 February 1982; 4 February 1982; 5 March 1982; 10 May 1982; 26 October 1982; 10 December 1982; 10 January 1983. |
| Die Suidwester | 30 Augustus 1978; 13 Desember 1979. |
| Sunday Express | 28 February 1982. |
| Sunday Times | 31 July 1977. |
| Sunday Tribune | 18 May 1982. |
| To the Point | 26 February 1972; 5 August 1977; 7 October 1977; 20 November 1977. |
| Die Transvaler | 31 Augustus 1977; 18 Oktober 1977; 11 Oktober 1979; 22 Januarie 1983; 5 Maart 1982; 19 Maart 1982; 20 Mei 1982; 21 Januarie 1983. |
| Die Volksblad | 4 Julie 1977; 18 Julie 1977; 3 November 1977; 2 Augustus 1978; 14 November 1979; 22 Januarie 1982; 5 Maart 1982. |
| Weekend Argus | 12 August 1978; 9 January 1982. |
| Weekend Post | 23 January 1982. |

## OPSOMMING

TITEL: DIE POLITIEKE DESTABILISASIE VAN DIE BLANKE REGERING IN RHODESIË OOR DIE PERIODE 1965 (UDI) TOT 1980 (BEWINDSOORNAME) DEUR 'n SWARTMEERDERHEIDSREGERING)

KANDIDAAT: PIETER ANDRIES HENDRIK LABUSCHAGNE

GRAAD: MAGISTER ARTIUM (Departement Staatsleer)

INRIGTING: UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

JAAR: 1985

STUDIELEIER: PROF. DR. D.P. WESSELS

Die doel van hierdie verhandeling is om die aftakeling van die Blanke se magsposisie in Rhodesië aan te dui. Vanaf 1890 toe die eerste Blanke besettingsmag Rhodesië binnegetrek het, het 'n magstryd tussen Blank en Nie-Blank geheers.

Ná onafhanklikheid in 1923, het die Rhodesiese Blanke ten volle interne beheer geniet. Die Blankes het hul posisie deeglik verskans deur wetgewing soos die Land Apportionment Act, van 1930, wat skeiding tussen die kleurgroepe afgedwing het. Die wet is opgevolg deur die Industrial Conciliation Act van 1934, wat die Swartman uit sekere bevoorregte posisies op die arbeidsterrein gedwing het. Die reeks wette het die hoekstene begin vorm van 'n beleid wat later deur sterk rasseskeiding

gekenmerk is.

Die Blanke politieke sisteem moes egter ernstige destabilisasiepogings van Swart nasionalistebewegings soos die ANC afweer. Ten spyte hiervan het die politieke struktuur steeds heg vertoon. Die Blanke bewind moes egter in die stelsel sekere administratiewe en demografiese veranderinge inbou, maar dit het nie veel aan die fundamentele karakter van politieke oorheersing verander nie.

Die politieke eise van die Swart bevolking is doeltreffend gemonitor en onderdruk deur 'n reeks wette. Die toepassing van die Law and Order Maintenance Act, van 1960 en die Unlawful Organizations Act, van 1971 kon die optredes van die meeste nasionalistiese bewegings in die kiem smoor.

Die eensydige onafhanklikheidsverklaring van 1965 waarin Rhodesië eensydig sy onafhanklikheid van Brittanje uitgeroep het, het die land se interne struktuur fel onder die internasionale vergrootglas geplaas.

In 'n tydfase van wêreldwye dekolonisasie het Rhodesië egter daarin geslaag om die internasionale druk te verwerk en sy eensydige onafhanklikheidstatus te handhaaf.

Die fragmentering van die Swart nasionalistiese bewegings, het die interne weerstand grotendeels geneutraliseer.

Die <u>Rhodesian Front</u>, as regeringsparty, se onvermoë of onversetlikheid om 'n skikking te bereik met die Britse regering, het vir verdere self-destabilisasie gesorg. Terwyl die Rhodesiese internasionale steun gekwyn het, het die Swart nasionalistiese bewegings meer steun gemonster. Dié bewegings is konkreet vergestalt in twee bewegings, die <u>Zimbabwe National Union</u> en die <u>Zimbabwe People's Union</u> wat toenemend 'n ernstige bedreiging geword het en ook toenemend hoë eise aan die Blanke politieke sisteem gerig het.

Agtereenvolgende konstitusies met Blanke beheer kon geen oplossing bied nie. In 1978 het die interne skikkingspoging 'n kosmetiese Swart regering met Blanke beheer daargestel. Dié poging is egter summier verwerp deur Swart leiers in Afrika. Dit het gepaard gegaan met 'n verswakte binnelandse veiligheidsposisie sodat uiteindelik deur Britse bemiddeling 'n veelpartykonferensie belê moes word. Die skikking wat tydens die Lancasterhuis-beraad bereik is, het voorsiening gemaak vir die hou van 'n universele verkiesing in Rhodesië.

Die verkiesing in Rhodesië het Mugabe, met 'n oorwinning van 57 uit 'n moontlike 100 setels, stewig in die saal geplaas.

Dus in 1979, nā 90 jaar van Blanke bewind het 'n Swart meerderheidsregering die beheer oorgeneem. Mugabe het sy magsbasis verstewig deur 'n koalisie met sy eertydse vennoot Nkomo aan te gaan.

Die aanvanklike vrede wat geheers het tydens die politieke wittebrood het geleidelik gekwyn. Mugabe se aanvanklike gematigheid is spoedig vervang deur 'n swaai na demokratiese sosialisme. Dit het beteken dat Zimbabwe effektief 'n eenpartystaat moes implementeer en het ook die einde van 'n samewerkingsooreenkoms met ZAPU beteken.

Stelselmatig het Mugabe elke opstand in Zimbabwe gebruik om sy ZANU-party stewig te vestig. Dit gee aan hom die ideale geleentheid om effektief teen sy teenstanders op te tree. Huidiglik stuur Zimbabwe op eenparty-status af. Slegs die verstryking van die Lancasterhuis-ooreenkoms lê in die weg van so 'n stelsel. Dit is egter duidelik dat dit net 'n kwessie van tyd is voor Zimbabwe uiteindelik 'n tipiese Afrika-diktatuurstaat daar stel.